DIE ILLUSTRASIE VAN SUID-AFRIKAANSE KINDERLEKTUUR - 'N WAARDEBEPALING

CARL AUGUST LOHANN



Stories van Rivierplaas

Verhandeling voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad M.A.(Bibl.) aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

POTCHEFSTROOM

1967

Die reproduksie van illustrasies in hierdie verhandeling is gedoen met die vriendelike vergunning van die volgende uitgewers:

A.A. Balkema

The African Bookman

Afrikaanse Pers-Boekhandel (Edms.)Bpk.

H.A.U.M.

Howard B. Timmins (Pty.) Limited

Human & Rousseau Uitgewers (Edms.) Bpk.

J.L. van Schaik (Edms.) Bpk.

John Malherbe Edms. Bpk.

Juta en Kie., Beperk

Longmans Southern Africa (Pty.) Ltd.

Nasionale Boekhandel Beperk

Nasionale Pers Beperk

Oxford University Press, South African Branch

Purnell & Sons (South Africa) (Pty.) Ltd.

Simondium-uitgewers (Edms.) Bpk.

Tafelberg-uitgewers

Union Booksellers (Pty.) Ltd.

Voortrekkerpers Beperk

VOORWOORD

Die term „Illustrasie van Suid-Afrikaanse kinderlektuur - 'n waardebepaling" word soos volg verklaar:

Wat „illustrasie" betref, word eerstens aandag gegee aan die vereistes wat daaraan gestel word en tweedens aan die illustrasies self soos ons dit aantref in die lektuur.

Wat „Suid-Afrikaanse" betref, moet vermeld word dat dit slegs publikasies vir kinders insluit wat in Suid-Afrika in een van die twee landstale gepubliseer is.

Wat „kinderlektuur" betref, word publikasies vir die kind en vir die jeugdige as 'n eenheid gesien om dit te onderskei van lektuur vir die volwassene.

Wat „waardebepaling" betref, sal gemerk word dat goeie illustrasies meer benadruk is as swak illustrasies. Daar is dus gekeur op grond van gehalte. Die honderdtal boeke waarvan die illustrasies bespreek is, gee dus 'n beeld van wat op hierdie gebied bereik is.

Geïllustreerde vakliteratuur vir kinders en kindertydskrifte is nie in die bespreking ingesluit nie.

Daar is gepoog om die hele tydperk vanaf die ontstaan van die Suid-Afrikaanse kinderboek te dek. Om praktiese redes kon slegs boeke wat tot die helfte van 1966 gepubliseer is, ingesluit word.

INHOUDSOPGAWE

AFDELING A: ILLUSTRASIES IN KINDER- EN JEUGBOEKE

HOOFSTUK I Inleiding..... 1

HOOFSTUK II Die kuns van die kind en kinderboek-illustrasies..... 5

HOOFSTUK III Kenmerke van geslaagde kinderboek-illustrasies..... 16

HOOFSTUK IV Eie Suid-Afrikaanse kinderboek-illustrasies?..... 30

HOOFSTUK V Die beoordeling van illustrasies in kinderboeke..... 39

AFDELING B: DIE BEOORDELING VAN SUID-AFRIKAANSE KINDERBOEK-ILLUSTRASIES

HOOFSTUK I Inleiding..... 46

HOOFSTUK II Enkele vroeë Suid-Afrikaanse geïllustreerde kinder- en jeugboeke..... 54

HOOFSTUK III Die vyftigerjare..... 97

HOOFSTUK IV Katrine Harries..... 113

HOOFSTUK V Die ander illustreerders van die sestigerjare..... 144

HOOFSTUK VI Geïllustreerde versebundels..... 269

HOOFSTUK VII Strokiesprente in Suid-Afrika..... 301

HOOFSTUK VIII Hoe vergelyk ons kinderboek-illustrasies met oorsese kinderboek-illustrasies? 309

HOOFSTUK IX Gevolgtrekking 316

BIBLIOGRAFIEË:

A. Geraadpleegde bronne 320

B. Bibliografie van bespreekte Suid-Afrikaanse kinderlektuur: prosawerke met geslaagde illustrasies..... 324

C. Bibliografie van bespreekte Suid-Afrikaanse kinderlektuur: versebundels met geslaagde illustrasies 330

ALFABETIESE LYS VAN SUID-AFRIKAANSE ILLUSTREERDERS 332

INDEKS van illustreerders, outeurs en titels.....335

AFDELING A

ILLUSTRASIES IN KINDER- EN JEUGBOEKE

HOOFSTUK I: INLEIDING

Wanneer „illustrasies" in verband gebring word met „boeke" kan dit verskillende betekenisse hê. Dit kan beteken diagramme of landkaarte, skematiese voorstellings, fotografiese reproduksie, of sogenaamde „prente".

Vir ons doel bepaal ons ons

a) by ontspanningslektuur vir kinders en jeugdiges waarvoor ons die term „kinderboeke" sal gebruik, en

b) by illustrasies van die sogenaamde „prent"-tipe, omdat die ander tipes illustrasies gewoonlik nie so dikwels in kinderboeke voorkom nie.

Illustrasies in kinderboeke moet om verskeie redes anders beoordeel word as in lektuur vir volwassenes. Dit is dus nodig om vooraf vas te stel watter plek illustrasies in kinderboeke inneem:

In die eerste plek kan illustrasies bloot as versiering dien, met ander woorde dit het uitsluitlik dekoratiewe waarde en dien slegs om die voorkoms van die boek aantrekliker te maak. Voorkoms speel by die kind en jeugdige 'n groter rol as by die volwassene, omdat die kind by gebrek aan lewenservaring en insig hom meer laat lei deur wat hy met sy sintuie waarneem. Hulle hou dus van boeke wat met die eerste oogopslag as mooi beskryf kan word. Illustrasies

wat bloot as versiering dien staan gewoonlik taamlik los van die teks. Dit gee wel die tipiese van die verhaal weer, maar dit beeld nie 'n spesifieke episode uit nie. Dit word ook nie saam met die teks op dieselfde bladsy afgedruk nie. 'n Bekende vorm waarin hierdie soort illustrasies voorkom, is stofomslae. „Matabele fireside tales" van Phyllis Savory bevat 'n stofomslag ontwerp deur Sylvia Baxter. Dit dien as 'n goeie voorbeeld van wat hierbo gesê is: die koppe van diere wat in die verskeie verhale voorkom, is in 'n ovaal gerangskik, geskakel tot 'n geheelbeeld deur vlamme en, heel paslik, vlamlelies. Die lyn word verder voltooi deur springende hasies en ander diertjies van die veld. Sylvia Baxter gee hier 'n samevatting van die „karakters" asook 'n aanduiding van die atmosfeer van die verhale: die vrolike, soos die springende hasies, die sinistêre, soos die vlermuis, ensovoorts. Die vlamme en gestileerde rook is dekoratief. Die warm rooi en geel van die vuur kontrasteer goed met die seekoei- en renosterkop wat byna in silhoeët geskilder is, en dit bring die jong leser in die regte stemming vir verhale wat langs die vuur vertel word. In hierdie geval staan die illustrasie los van die teks, maar dit het tog verband daarmee. Dit word nie saam met die teks gedruk nie maar gee tog 'n geheelbeeld van die boek insover dit die aard van die verhale en die besondere atmosfeer teken.

In die tweede plek kan illustrasies nog hoofsaaklik as versiering dien maar ook help om die teks toe te lig. Kanttekeninge se hoofdoel is versiering, maar dit word gelyktydig met die lees van die teks besigtig. Daarom dien dit nie nèt as versiering nie maar lig ook dikwels gedeeltes van die teks toe. Kanttekeninge in Sir Percy Fitzpatrick se „Jock of the Bushveld" is 'n goeie voorbeeld hiervan.

In die derde plek kan illustrasies 'n bron van informasie wees wat die teks verduidelik of aanvul. Dekoratiewe eienskappe sal natuurlik nie ontbreek nie, maar dit is nie die uitsluitlike doel nie. Wat egter belangrik is, is dat 'n beeld van wat daarnaas in druk verskyn, gegee word. Beeld en drukwerk moet 'n geheel vorm.

In die vierde plek kan illustrasies die verhaal van die boek weergee. Die teks vorm slegs onderskrifte of byskrifte wat as hulp dien om die illustrasies in die regte perspektief te stel. Dit word prenteboeke genoem.

Samevattend kan dus gestel word dat illustrasies in kinderboeke dien om

(i) boeke vir kinders aantrekliker te maak;

(ii) die atmosfeer en algemene strekking by die lesers tuis te bring;

(iii) die teks toe te lig en aan te vul; en

(iv) die verhaal te vertel met die hulp van kort teksgedeeltes.

Uit bogenoemde blyk dus dat illustrasies in kinderboeke 'n groot rol speel. Volwassenes kan vlot lees en uit hulle eie 'n begrip vorm uit die teks, maar kinders kan dikwels nie so maklik hulle eie beelde vorm of gevolgtrekkings maak nie; daarom het hulle die hulp van illustrasies nodig om hulle daartoe te lei. Die aantreklikheid van 'n goed-geïllustreerde boek verhoog ook die drang van die kind om die boek te lees.

Dit bring ons by die tweede hoofstuk: hoe moet kinderboek-illustrasies lyk?

HOOFSTUK II: DIE KUNS VAN DIE KIND EN KINDERBOEK-ILLUSTRASIES

Voordat ingegaan kan word op die vereistes wat aan kinderboek-illustrasies gestel word, is dit nodig om vas te stel watter tipe illustrasies geskik is vir kinderboeke. Die vraag ontstaan naamlik, moet illustrasies vir die kind ooreenkoms toon met die kunsproduk van die kind self, soos hy iets sien, ervaar en uitbeeld, of moet dit wees soos die volwassene dit sien? Dit sou logies wees om met die eerste oogopslag te beweer dat illustrasies in kinderboeke so na as moontlik moet staan aan die kind of jeugdige se siening van die onderwerp wat uitgebeeld word, maar hierop kan nie 'n antwoord gegee word voordat eers vasgestel is hoe die verskillende ouderdomsgroepe 'n onderwerp sien en uitbeeld nie.

In die krabbelstadium (2-4 jaar) is die krabbels ongekontroleerd. Die potlood, kryt, ens., word met ander woorde nie in 'n sekere rigting gestuur nie. Die kind van hierdie ouderdom geniet die beweging en dis nie soseer instinktief nie as gebore uit 'n nabootsingsdrang. Die kind sien ander mense skryf of teken en hy doen dan ook iets soortgelyks. Net so min as wat hy besef dat dít wat ander mense skryf of teken, iets voorstel, so min het sy eie krabbels vir hom betekenis. Hy ervaar visueel en skep behae in die strepe wat hy trek en wat hy dan sien. In die laaste stadium van hierdie ouderdomsgroep begin die kind reeds sy krabbels vernoem sonder om werklike ooreenkoms met voorwerpe te onderskei.

In die tweede fase (4-7 jaar) is die kind nie langer tevrede met die fiktiewe verwantskap tussen sy produk en sy denke (of die voorstelling in sy gedagtes) nie. Hy wend nou daadwerklike pogings aan om strepe doelbewus te trek. Sy krabbels kry nou betekenis en moet iets voorstel. Die kind kom nou tot funksionele voorstellings, met ander woorde, 'n ronde beweging het as produk 'n ronde krabbel, en dit stel byvoorbeeld 'n kop voor. Daar ontstaan nou ook 'n werklike verband tussen sy krabbels en die voorwerp wat dit voorstel. 'n Kleuter se pa het 'n ronde kop en twee lang bene, daarom teken hy 'n sirkel met twee strepe en die tekening is vir hom sy pa. Gaandeweg is daar ander dinge wat vir hom emosioneel belangrik word, bv. sy pa se hand as hy dié moet vashou om die straat oor te steek, en hy teken dus die hand. Dikwels hou die kind se tekeninge ook geen verband met kleur nie - die lug kan maklik rooi wees en 'n mens groen.

Gedurende hierdie tyd speel die kind se fantasie 'n baie belangrike rol, in só 'n mate dat hy nie kan onderskei tussen die werklikheid en fantasie nie. 'n Tekening het byvoorbeeld nou hierdie betekenis 'n paar minute later 'n heel ander betekenis. Die kind verheug hom nou nie soseer oor die tekening self nie, maar wel oor die betekenis daarvan. Daarom kan hierdie tydperk ook die simboliese stadium genoem word. Nie net die tekening as geheel is eintlik 'n simbool van dít wat voor-

gestel word nie, maar ook die onderdele van die tekening is simbole: 'n sirkel is die simbool vir 'n kop, 'n ovaal is die simbool vir 'n lyf, ens. (Indien so 'n simbool losgemaak word van die geheelbeeld, verloor dit gewoonlik sy betekenis).

Die volgende is vir ons belangrik vir hierdie stadium:

(i) Beweging staan vir die kind nie los van die voorwerp wat hy teken nie, maar vorm 'n integrale deel daarvan. Hy teken graag 'n voël wat vlieg, die son wat opkom. Hierdie beweging wek in besonder die belangstelling van die kind, en hy stel dit grafies voor.

(ii) Vorm is nie vir hom dít wat hy waargeneem het nie, maar eerder 'n „idee" van wat hy waargeneem het. Sy tekeninge is dus innerlike voorstellings wat langsamerhand vaste vorm begin aanneem.

(iii) Eenheidsbegrippe ontstaan, byvoorbeeld die verhouding van onderdele van 'n geheel neem vaste vorm aan. Hy sal takke aan 'n stam teken en dan weer blare aan die takke. So word die boom as geheel opgebou.

(iv) Sy tekeninge is nie net afbeeldings nie maar in 'n groot mate uitbeeldings, dit wil sê hy vertel. Sy skeppinge moet dus as 'n soort taal beskou word waardeur hy vertel wat hy sien en hoe hy voel.

(v) Ruimte-uitbeelding ontbreek gewoonlik, met ander woorde bome, huise, diere en mense kan net so wel in die lug sweef

as wat dit op die grond staan.

(vi) Betekenis van kleur is vir die kind subjektief eerder as objektief. Hy assosieer wel sekere kleure met sekere dinge, soos byvoorbeeld: sonlig is geel, daarom kleur hy alles wat in die sonlig is, geel: bome, blomme, mense, ens. Daar is natuurlik nog geen sprake van oorgangskakering nie.

(vii) Die neiging bestaan om lyne reghoekig te laat vertak: takke groei reghoekig uit die stam van 'n boom, hare word reghoekig teen 'n mens se kop geteken, vingers kom reghoekig teen die hand vas, voete is reghoekig teen die onderpunt van die bene, ens.

Die stadium van 7-10 jaar word ook die skematiese stadium genoem. Die kind het tot dusver nog gesoek na 'n bepaalde voorstelling om 'n voorwerp voor te stel. In hierdie stadium vind hy 'n bevredigende voorstelling en gebruik dit herhaaldelik. Daar kan dus gepraat word van 'n skema, omdat telkens dieselfde voorstelling gebruik word om dieselfde voorwerp voor te stel. In hierdie ouderdomsgroep is die volgende belangrik:

(i) Die skema word oor en oor gebruik.

(ii) Die skema word dikwels gewysig, maar wel doelbewus: dit wat belangrik is op 'n spesifieke stadium, word vergroot; dit wat onbelangrik is, word weggelaat.

(iii) Aksie-uitbeelding neem 'n belangrike plek in in die tekeninge. Aksie is dikwels ook die oorsaak vir afwyking van die sogenaamde skema.

(iv) Profieltekeninge neem 'n sekere vorm aan: die neus word altyd geteken soos van die sy-aansig gesien. Mense word altyd van voor geteken, diere word altyd van die sy-aansig geteken.

(v) Ruimte-uitbeelding begin nou tot sy reg kom. Die kind word bewus van die posisie van voorwerpe, en hy ontdek 'n orde in die omgewing waarvan hy hom nou 'n deel voel. Hy maak gebruik van 'n basislyn waarop hy voorwerpe teken. Juis omdat hy 'n basislyn gebruik, ontstaan die sogenaamde x-straalprente, waarin die agterkant of binnekant van 'n voorwerp ook geteken word. Dit word uitgebeeld nie omdat dit gesien kan word nie, maar omdat dit belangrik is.

(vi) Kleurgebruik is nie meer so subjektief nie. Dit berus egter nog op sy ervaring en waarneming. As 'n kind eenmaal agtergekom het dat 'n boom groen is, teken hy dit altyd groen. Hy wyk van hierdie kleurpatroon af slegs om 'n spesiale rede.

Die ouderdomsgroep van 10 tot 12 jaar word die realistiese stadium genoem. Kinders vergelyk nou hulle tekeninge met díe van ander kinders. Hulle gee nou hulle naïewe tekenpogings prys en gee besondere aandag aan detail. Hulle maak nou nie meer staat op hulle gevoel nie, maar wel op die

geheue. Wat belangrik in hierdie tydperk is, is die volgende:

(i) Die uiterlike van 'n voorwerp vorm die grondslag van die tekenwerk, met ander woorde hulle kyk soos toeskouers en teken wat hulle sien.

(ii) Wat die keuse van onderwerpe betref, teken hulle dít wat die emosies raak.

(iii) Hulle openbaar 'n sterk drang tot versiering.

(iv) Hulle dramatiseer graag.

(v) Hulle strewe daarna om diepte uit te beeld, deur middel van lig en skaduwee, oorvleueling, ens.

(vi) Hulle gee soveel aandag aan detail dat die geheel dikwels uit die oog verloor word.

Die tydperk van die puberteit (12-16 jaar) word veral gekenmerk deur onsekerheid, selfkritiek, minderwaardigheidsgevoelens en kritiek op die wêreld om die kind, en hierdie kenmerke word ook weerspieël in sy kuns. Die volgende is belangrik:

(i) 'n Effektiewe voorstelling is nie genoeg nie, dit moet ook in 'n mooi vorm wees. Die jeugdige besef nou dat inhoud en vorm ten nouste saamhang.

(ii) Al kan die jeugdige in sy kuns redeneer soos 'n volwassene, slaan hy skielik oor na die sterk verbeeldingswêreld van die kind. Die gebruik van sy verbeelding is, anders as by die volwassene, nog ongekontroleerd.

(iii) Daar is 'n groot strewe na realisme.

(iv) In hierdie stadium hou jeugdiges op om te teken - slegs dié met werklike kunsaanleg gaan voort met hulle teken-aktiwiteite.

Die feit dat alle kinders en jeugdiges tot op hierdie stadium teken, of hulle nou kunsaanleg het of nie, is 'n bewys dat „kinderkuns" nie altyd as „kuns" beskou kan word nie. Dit is slegs 'n middel om uiting te gee aan hulle gevoelens en is 'n noodsaaklike fase in hulle ontwikkeling. P.H. Leuschner stel dit soos volg: „Die kind se siel praat in sy tekeninge. Dit word nie alleen in die getekende lyne en vorms geopenbaar nie maar ook in die hele samestelling van sy prente, in die ‚hoe'."[1] En verder: „Al het die tekeninge van die kind niks met egte kuns te doen nie, affekteer dit nogtans sy geestelike ontwikkeling."[2]

By die beoordeling van kinderboek-illustrasies ontstaan die vraag nou: moet die illustrasies in boeke vir die verskillende ouderdomsgroepe 'n noue ooreenkoms toon met die kenmerke van kinderkuns van die betrokke ouderdomsgroepe?

1. Leuschner. Die pedagogiese waarde en betekenis van die psigologiese momente in die ontwikkeling van die kinderkuns, p.77.
2. Ibid., p. 81.

Uit voorafgaande uiteensetting van kinderkuns het die volgende geblyk:

1. Die kind sien voorwerpe anders as wat volwassenes dit sien. !!
2. Sy uitbeelding is anders, omdat hy nie so objektief kan staan teenoor dít wat hy teken nie; hy teken dus wat vir sy gevoel belangrik is.
3. Sy verbeelding speel 'n baie groter rol as wat dit by volwassenes die geval is.

Vir die kinderboek-illustreerder is daar drie moontlikhede:

A. Die illustrasies kan gedoen word bloot volgens die illustreerder se opvatting en aanvoeling, dit wil sê, sonder inagneming van die siening en aanvoeling van díe kind soos geopenbaar in sy kuns;

B. Die illustrasies kan gedoen word presies volgens die siening en aanvoeling van die kind soos geopenbaar in sy kuns;

C. Die illustrasies kan gedoen word volgens die illustreerder se siening en aanvoeling, maar met inagneming van dít wat belangrik is in die siening en aanvoeling van die kind, sonder om die werklike kunswaarde van die illustrasies te benadeel.

Ons kyk vervolgens na die voor- en nadele van elk van hierdie moontlikhede en kom dan tot 'n gevolgtrekking ten opsigte van die wenslikheid daarvan.

A. Die uitsluitlike siening en aanvoeling van die illustreerder in kinderboek-illustrasies:

Dit hou in dat die illustreerder vrye teuels gee aan sy eie siening en gevoel. Hy laat hom nie aan bande lê deur die siening en gevoelens van ander mense nie. Die vraag is, kan aan 'n kunstenaar voorgeskryf word hoe hy kunswerke moet skep? Sal die produk nog spontaan en eg wees as hy volgens voorskrifte moet handel? Die antwoord hierop is nee. Maar dan ontstaan dadelik die tweede vraag: is so 'n kunstenaar geskik om kinderboek-illustrasies te doen? Die antwoord hierop is ook weer nee, want dít wat hy in sy illustrasies sê, sal nie noodwendig spreek tot die kind nie.

B. Die uitsluitlike siening en aanvoeling van die kind in kinderboek-illustrasies:

Dit hou in dat die illustreerder 'n noukeurige studie moet maak van kinderkuns, en dat hy moet leer om te sien en te voel soos die kind dit doen; meer nog: hy moet in sy kuns self weer kind wees. Die vraag ontstaan: is dit heeltemal moontlik? Kan 'n volwassene weer heeltemal kind word? Die antwoord hierop is weereens nee, want die ontwikkeling van die kind na volwassenheid bring 'n innerlike, geestelike verandering, 'n rypheid mee. Net so min as wat vrugte wat rypgeword het weer groen gemaak kan word, net so min kan 'n volwassene se gees weer dié van 'n kind word. As die illustreerder dan illustrasies

maak wat presies ooreenstem met kinderkuns, kan dit nie eg wees nie.

C. Die siening en aanvoeling van die illustreerder met inagneming van die belangrike in die siening en aanvoeling van die kind.

Op grond van wat in verband met die eerste twee moontlikhede genoem is, wil dit lyk of hierdie derde moontlikheid die mees aanvaarbare is. Die illustreerder illustreer volgens sy eie siening en aanvoeling, maar hy neem wel deeglik in ag wat die vereistes is wat sy „leser" aan die produk gaan stel. Hy skep nie kuns van die volwassene vir kinders nie; hy volg kinderkuns ook nie slaafs na nie. Sy kuns is eg, want hy bly getrou aan homself in die eerste plek; maar hy skep ook met 'n doel: vir die kind.

Dit blyk al dadelik dat ons hier poog om twee teenstellings te versoen. Is dit moontlik? Die antwoord is ja, want die kinderboek-illustreerder is in die eerste plek volwassene en in die tweede plek ook kind. Juis deur sy ryper gees is hy in staat om dít wat goed en mooi was uit sy kinderjare uit te sorteer en weer te gee in sy illustrasies. 'n Kinderboek-illustreerder is nie maar sommer 'n illustreerder nie. Hy moet, ten spyte van sy volwassenheid, ook nog iets van die lighartigheid, die onbevangenheid, die spontaneïteit, die kinderlike vertroue, die lekker-om-mens-te-wees gevoel van die kind in hom omdra.

Is dit dan nog 'n wonder dat daar betreklik min werklik goeie kinderboek-illustreerders gevind word?

HOOFSTUK III: KENMERKE VAN GESLAAGDE KINDERBOEK-ILLUSTRASIES

Kinder- en jeuglektuur moet voldoen aan vereistes wat spesifiek hieraan gestel word. Net so word kinderboek- en jeugboekillustrasies beoordeel volgens spesifieke vereistes wat daaraan gestel word. Dit is egter 'n absolute vereiste dat illustrasies in kinderboeke en jeugboeke só 'n inherente deel daarvan uitmaak, dat dit dikwels nie duidelik is of die teks en of die illustrasies die belangrikste deel van die boek vorm nie.

Geskrewe woord en illustrasie spreek op twee verskillende maniere tot die leser. Die geskrewe woord prikkel die verbeelding miskien in 'n groter mate as die illustrasie, omdat die geskrewe woord 'n gedagtebeeld by die leser opwek en die illustrasie 'n visueel waarneembare beeld toon. Beskrywing en uitbeelding in die geskrewe woord kan natuurlik ook 'n spesifieke beeld by die gemiddelde leser skep. Net so kán die illustrasie deur suggestie veel aan die verbeelding van die leser oorlaat. Dit is dus 'n graadverskil, nie 'n wesensverskil nie. Die slim illustreerder sal hom dan ook laat lei deur die hoeveelheid besonderhede wat in die teks voorkom, en afgesien van die korrelasie tussen gegewens in die teks en in die illustrasie, sal hy ook nog poog om 'n gesonde balans te skep tussen stimulering van die verbeelding en die aanbieding van besonderhede. Dit word oor die algemeen aanvaar dat in die teks en die illustrasie leiding ge-

gee moet word aan die verbeelding van die leser: te véél besonderhede sal die verbeeldingskrag van die leser nie genoeg laat ontplooi nie; te mín besonderhede sal die opgetowerde beeld vaag en onwerklik laat voorkom.

Uit bostaande blyk dat die teks en die illustrasies so nou verbonde is, dat die kenmerke van 'n goeie kinder- of jeugboek ook die kenmerke sal wees van die illustrasies daarin. Daarom word eers kortliks hierop ingegaan, en daarna word aandag gegee aan die kenmerke wat eie is aan die illustrasies self.

Kinder- en jeuglektuur moet aan die volgende vereistes voldoen:

a) Die tema:

Die tema van die verhaal moet aanpas by die belangstelling van die kind van 'n sekere ouderdomsgroep waarvoor die boek geskryf word.

(i) Die voorskoolse kind of kleuter:

Op hierdie ouderdom hou die kind van verhale waarin a) die fantasie 'n rol speel, maar die kind herken dit nie as fantasie nie omdat hy geen besliste lyn kan trek tussen fantasie en werklikheid nie, en b) die werklikheid uitgebeeld word soos hy dit waarneem en ervaar. Die kleuter hou dus van fantasieverhale, maar die „karakters" moet altyd 'n ooreenkoms toon met „karakters" uit sy eie wêreld. 'n Dwergie moet byvoorbeeld optree min of meer soos 'n stout seuntjie of soos 'n kwaai omie

met 'n baard; 'n feetjie het vlerkies soos 'n skoelapper en dra 'n rokkie met valletjies soos 'n dogtertjie dra. Omdat die kind se ervaringslewe beperk is, moet die „karakters" altyd geïdentifiseer kan word met dít wat vir hóm bekend is. Illustrasies in hierdie tipe boek moet dus ook altyd verband hou met dít wat bekend is: as 'n kwaai wolf iemand insluk, moet sy bek en tande duidelik getoon word in die illustrasie, want die kleuter assosieer „bek" en „tande" met „eet" en „insluk".

(ii) Die kind van 5 tot 7 jaar:

Kinders in hierdie ouderdomsgroep hou van verhale oor kinders, oor diere, oor die natuur en in 'n mate ook nog van verhale waar die fantasie 'n rol speel. Die kind het nou reeds geleer om te onderskei: hy verwar diere nie meer met mekaar nie en hou veral van verhale oor troeteldiere en babadiertjies. Boeke hieroor sal in die eerste plek sy nuuskierigheid bevredig: hy leer meer van diere, en in die tweede plek sal dit sy bewondering bevredig: hy is lief vir diere en beskou hulle as speelmaats. Omdat die kind ook intens belangstel in homself, stel hy belang in boeke oor kinders van sy eie ouderdom. Omdat hy nog besig is om die wêreld om hom te ontdek, stel hy belang in verhale wat afspeel in die tuin, in die veld, in die bos.

Illustrasies in hierdie boeke sal dus 'n tweërlei doel doen: a) dit sal informasie gee en sy weetgierigheid bevredig; b) dit sal hom emosioneel in 'n sekere verband plaas tot dít

wat om hom is: hy sal diere se „oulikheid" bewonder, of hy sal lag vir hulle fratse, ens.

(iii) Die kind van 8 tot 11 jaar:

Kinders in hierdie ouderdomsgroep hou van realistiese verhale, dit wil sê verhale wat informasie gee. Die bekoring van fantasieverhale verdwyn nou feitlik geheel en al. Kinders hou nou veral van opwinding en handeling in hulle leesstof. Vir die eerste keer kan die kind nou self lees en hoef boeke nie meer aan hom voorgelees te word nie. Lees bied hom bevrediging.

Illustrasies in hierdie boeke sal dus nie net voorwerpe uitbeeld nie, maar ook handelinge, bv. nie net 'n seun nie, maar 'n seun wat 'n bal skop.

(iv) Die kind van 12 tot 14 jaar:

Gedurende die puberteitstadium moet daar onderskeid gemaak word tussen die leessmaak van seuns en dogters.

Seuns stel belang in sportprestasies en toon 'n ernstige neiging tot heldeverering.

Dogters gee hulself oor aan dagdrome en hou van sentimentele verhale.

In boeke vir seuns sal die held in die teks sowel as in die illustrasie groot en sterk uitgebeeld word, die afstand wat 'n bal geskop word, sal aangedui word, die kragtigheid van 'n vuishou sal uitgebeeld word, ens.

In boeke vir dogters sal die heldin in die teks én in

die illustrasie uitgebeeld word waar sy byvoorbeeld 'n brief lees (van 'n seunsvriend), of waar sy by 'n waterstroompie sit en droom.

(v) Die jeugdige van 15 tot 17 jaar:

Hierdie ouderdom is 'n oorgangstadium na volwassenheid. Die leser se smaak is nou reeds permanent gevorm en hy lees boeke vir volwassenes onder andere omdat hy graag volwasse wil wees en omdat hy emosioneel ryp genoeg daarvoor word. Hy gee egter nog voorkeur aan boeke waarin die hoofkarakters mense van sy eie ouderdom is. Hy lees graag boeke waarin stokperdjies en ander aktiwiteite uitgebeeld word. Boeke waarin die hoofkarakters beoefenaars van een of ander sportsoort is, of beoefenaars van een of ander beroep is, geniet voorkeur. Illustrasies vorm nie meer so 'n belangrike onderdeel van die boek nie, omdat hy nie meer visueel hoef waar te neem om 'n beeld te kan vorm nie: sy kennis van die onderwerp is dikwels voldoende.

b) Die uitbeelding van die tema:

Nadat bepaal is watter temas geskik is, is dit ook nodig om vas te stel hoe die tema uitgebeeld moet word:

(i) Oorspronklikheid:

Omdat die kind besig is om te groei tot volwassenheid, moet die leesstof hom in hierdie groeiproses aanhelp, met ander woorde, die leesstof moet aan die kind iets nuuts bied wat hom

help om sy kennis en vermoë om te oordeel uit te brei. In hierdie sin moet die verhaal oorspronklik wees. Die kind moet altyd iets leer uit wat hy lees. Dit hoef nie noodwendig nuwe feite te wees nie, dit kan hom bloot voor nuwe situasies stel. Selfs al is die situasie nie vir hom nuut nie, kan die verloop daarvan vir hom 'n nuwe ervaring wees.

(ii) Stimulering van die verbeelding:

Die tema moet só uitgebeeld word dat die kind se verbeelding gestimuleer word. Hy sien homself meesal in die plek van die held van die verhaal. Alles moet nou nie in die fynste besonderhede verhaal word nie, omdat die kind die geleentheid moet kry om byvoorbeeld sy eie gevolgtrekkings te maak, of sy eie oordeel te vel. Ook in die illustrasies moet dikwels net gesuggereer word, sodat die kind self in sy gedagtes die besonderhede voortborduur. Sodoende vorm hy self 'n deel van die verhaal en maak hy dit sy eie.

(iii) Positiewe beklemtoon:

Die positiewe moet in kinder- en jeuglektuur 'n belangriker plek inneem as die negatiewe: Heldemoed moet voorrang geniet bo lafhartigheid; die goeie moet die kwade oorheers, ensovoorts. Dit is natuurlik nie moontlik om in kinder- en jeuglektuur die negatiewe heeltemal opsy te skuif nie, want dan sou die leesstof nie lewensgetrou wees nie. Dit is egter nodig dat die negatiewe só uitgebeeld word dat die leser 'n afsku kry in

dít wat nie goed is nie. Ook wat die illustrasies betref moet die negatiewe op die agtergrond tree. Die daad van diefstal as sodanig moet nie geïllustreer word nie, liewers die straf wat daarop volg. Dit sou opvoedkundig verkeerd wees om byvoorbeeld 'n uitdrukking van haat, afsku, wraakgierigheid of jaloesie op die gelaat van 'n karakter te illustreer.

c) Taal en styl:

Die taal en styl moet aanpas by die begripsvermoë van die kind vir wie die boek bedoel is. Eenvoud is die belangrikste vereiste in hierdie geval, met inagneming van die feit dat die kind nie alles té maklik moet vind nie: hy moet darem ook iets leer. Dieselfde geld vir illustrasies: te veel besonderhede wat nie binne die begripsvermoë van die kind val nie of wat geen betekenis vir hom het nie, sou geen waarde hê nie. Illustrasies moet egter nie oor-vereenvoudig wees nie, want dan sal die kind nie belangstelling toon nie. Net soos die teks, moet die illustrasie iets meedeel, maar op 'n eenvoudige manier, onopgesmuk. Kinderboekillustrasies moet dus gekenmerk word deur eenvoud sonder onnodige detail wat dit net opgesmuk en gekunsteld sou laat voorkom.

d) Fisiese vorm:

Die grootte van die bladsy en die drukletter word bepaal deur die ouderdom van die leser. Hoe kleiner die kind, hoe groter moet die bladsy en die drukletter wees. Wat illustrasies betref, geld dieselfde reël. Die sogenaamde prenteboeke vir die

kleuter is groot en die illustrasies is groot - dikwels bestaan die hele bladsy uit 'n illustrasie met slegs 'n onderskrif van 'n paar woorde. Dikwels beslaan 'n illustrasie 'n dubbelbladsy. Omdat die kind nog nie kan lees nie, is die illustrasie wat hy visueel waarneem die belangrikste. Dit moet groot en duidelik wees. Hoe groter die kind word, hoe kleiner kan die illustrasie word en hoe meer teks kan voorkom. Dit hou egter nie in dat groter kinders en jeugdiges nie ook van volblad-illustrasies hou nie, maar dan kom dit slegs af en toe voor en vorm dit nie so 'n belangrike deel van die boek nie.

Die samestelling van teks en illustrasies moet dus gebalanseerd wees omdat dit 'n eenheid moet vorm wat vir die kind in 'n sekere ouderdomsgroep bevredigend is.

e) Literêre peil en estetiese waarde:

Kinder- en jeuglektuur moet, literêr gesien, 'n hoë peil handhaaf. Die illustrasies moet kunswaarde hê. Net soos die kinderboek-skrywer 'n kunstenaar moet wees wat spesifiek vir kinders skep, so moet die illustreerder spesifiek vir kinders illustreer. Hy moet dus die belangstellingsterrein, die begrips- en waarderingsvermoë van kinders in aanmerking neem wanneer hy illustreer, maar daar moet 'n balans bestaan tussen sý siening en dié van die kind.

Bogenoemde vereistes geld vir die teks sowel as die illustrasies. Die belangrikheid van illustrasies teenoor teks ver-

skil tussen die verskillende soorte boeke. Dit sou verkeerd wees om te beweer dat die illustrasies in alle gevalle die teks aanvul, dat die teks primêr is en die illustrasies slegs 'n sekondêre funksie vervul. Dit is wel die geval by 'n geïllustreerde boek, want die teks kan nog verstaan word sonder illustrasies. Dit verryk slegs die teks omdat dit die leser help om makliker en beter te interpreteer. By die prenteboek is die illustrasies egter van primêre belang. Dit vorm 'n integrale deel van die boek, want illustrasies en teks kan nie van mekaar geskei word nie. Om hierdie rede behoort die vereistes wat aan die teks gestel word, ook van toepassing te wees op die illustrasies. Daar is natuurlik sommige vereistes wat nét ten opsigte van die teks gestel kan word, soos voorkoms van dialoog, indeling in hoofstukke, ensovoorts.

Net so het die volgende vereistes betrekking slegs op die illustrasies as sodanig:

1. <u>Illustrasies moet informatiewe waarde hê:</u>

Waar die teks informasie bied deur middel van die geskrewe woord, bied die illustrasie informasie deur middel van lyn en kleur. Boekillustrasie is 'n vorm van kuns, en die „kuns om die kuns"-idee het nie die informatiewe waarde erken nie. Illustrasies is beskou bloot as versiering. Eers na baie jare is

boekillustrasies gesien as „a mode of representation of human knowledge"[1]. Die verhouding tussen die informatiewe waarde van die illustrasie teenoor die informatiewe waarde van die teks is nog nie bepaal nie: „A possible line of investigation...would be the comparison of the possibilities of the two 'languages', the pictorial and the verbal..."[2] Dit is egter 'n feit dat die illustrasie emosionele en intellektuele waarde kan hê, en waar die klem in die teks dikwels op die intellektuele waarde val, val dit in die illustrasie dikwels op die emosionele waarde. Die teks moet woord vir woord gelees word voordat die leser 'n beeld kan vorm, terwyl die illustrasie 'n geheelbeeld gee van een of ander situasie wat in die teks beskryf word, en dit word met een oogopslag ervaar. Dit neem natuurlik nie weg dat onderdele van 'n illustrasie by nader bestudering ook 'n eie taal kan spreek nie, en kinders stel op 'n sekere ouderdom juis belang in die fynste besonderhede, maar gewoonlik is dit die geheelbeeld wat die eerste en ook 'n blywende indruk laat.

Afgesien van die taal wat die illustrasie spreek <u>as illustrasie</u> in 'n boek, spreek dit ook nog 'n taal <u>as kunswerk.</u> As Illustrasie spreek dit dikwels die duidelikste as die leser eers

1. Cienski. The picture as a source of knowledge, p. 48.
2. Ibid., p. 61.

die teks gelees het, omdat hy deur die lees van die teks reeds 'n beeld opgebou het, en nou vergelyk hy die teks en die illustrasie. Die illustrasie spreek as kunswerk omdat dit esteties bevrediging bied. Boekillustrasies spreek dus emosioneel en intellektueel, as illustrasie en as kunswerk.

2. Kleur en kleurgebruik:

Kleur en kleursamestellings speel dikwels 'n groot rol in kinderboek-illustrasies. Kinders hou gewoonlik van kleure wat helder en primêr is. Die kind, veral die kleiner kind, sien die verskillende skakerings van rooi net as rooi, en kleurnuanses beteken vir hom nie veel nie. 'n Kind sal byvoorbeeld nie opmerk dat die blare van 'n boom verskillende skakerings van groen is nie, maar hy sien wel dat die boom se blare groen is en nie blou nie.

Die gebruik van kleur op sigself maak van 'n illustrasie nie noodwendig 'n sukses nie. Dit is ook kleursamestellings wat 'n rol speel. Daar kan natuurlik nie definitiewe reëls neergelê word vir kleurharmonie en - samestellings nie, want opvattings verskil van persoon tot persoon en ook van tyd tot tyd. Dit is genoegsaam om te beweer dat die geheelindruk moet bevredig. Die emosionele waarde van kleure is wel belangrik: "The colors in a book mean as much as do the words, the substance, the purpose. Like the words and the lines, the colors fit into a rhythm in which everything together builds the

book. Words are supported by colors and lines and vice versa."[1]

3. Lyn:

Boekillustrasies kan bestaan uit lyn en kleur. In sommige gevalle maak kunstenaars slegs van lyn gebruik om 'n bevredigende beeld te gee, maar dan benut hulle nie al die middele tot hulle beskikking nie en verg dit meer van die tekentegniek. Dit is gewoonlik die medium wat die kunstenaar beperk (ink, houtskool, kryt). Wat kinderboek-illustreerders betref word dikwels slegs van lyn gebruik gemaak omdat kleurreproduksie 'n duur proses is, en die pryse van kinderboeke moet natuurlik so laag moontlik gehou word om 'n groter afset te verseker. Ander redes kan wees dat die onderwerp hom leen tot swart-en-wit tekeninge, of dat die illustreerder self een van bogenoemde media as die geskikste vir sy styl beskou.

Die gebruik van lyn in die kinderboek-illustrasie moet so ekonomies moontlik wees, want „so strong is a child's imagination that only a little...can make a world for it."[2] Dit is dikwels nie detail wat aan die kind 'n beeld verskaf nie, maar die visueel waarneembare geheel van die illustrasie. Die kind sal dikwels nie omgee dat besonderhede weggelaat is nie. Die

1. Mathiesen. The artist and the picture books, p. 96.

2. Ibid., p. 97.

goeie kinderboek-illustreerder besef dit en „he only speaks a simpler language to the child, whose awareness is less sophisticated than the adult's."[1]

4. Kinderboekillustrasies moet kunswaarde hê:

Dit is vanselfsprekend dat die volwasse beoordelaar van die kinderboek hierdie vereiste sal stel. Maar stel die kind hierdie eis? In die verslag „Schoolkinderen in het museum," deur Jetty T. Palland en J. de Jong word op bladsy 53 gesê „dat kinderen goed in staat zijn kunst van kitsch te onderscheiden, maar wanneer wij hun naar hun voorkeur vroegen, prefereerden zij in vele gevallen de kitsch boven die kunst."[2] In teenstelling hiermee beweer Mathiesen: „My experience is that children, time after time, return to the artistically designed picture books. For some children these books become friends for life. Adults often buy and give books which they themselves had as children."[3] Dit is egter interessant dat Mathiesen die woord „return" gebruik. Dit beteken dat die kind na verloop van tyd voorkeur gee aan kinderboeke waarin die illustrasies kunswaarde het - nie noodwendig dat dit by die eerste hantering die meeste indruk maak nie.

1. Mathiesen. The artist and the picture book, p. 95.
2. Bouma. Kinderboek en illustraties, p. 306.
3. Mathiesen. The artist and the picture book, p. 95.

'n Verdere faktor is dat die smaak van die kind natuurlik ook gevorm word deur dít wat beskikbaar is. Mathiesen beweer: „The artistic picture book, which in the 1940 s had an important influence on children's literature, has, to a large extent, been replaced by a standardized commercial product, predominantly of American orgin. Available in many countries at the same low price, it invariably has the same feeble text, the same banal color printing."[1] Nie net die oog nie, maar ook die smaak van die kind word gekondisioneer deur die talle boeke wat nie as kunswerke beskou kan word nie, wat die teks sowel as die illustrasies betref. Die gevolg is dat die kind dan nie meer waarde heg aan dié dinge wat 'n blywende indruk maak nie maar versot raak op die oppervlakkige beskrywing, die sensasiewekkende en aksievolle. Dít wil hy dan in die illustrasies uitgebeeld sien.

Waarom word die kunswaarde dan as 'n vereiste gestel? Die antwoord is tweërlei:

a) Die kind word gou moeg vir die oppervlakkige, die banale. Daarom keer hy terug na dié werke wat in die teks en in die illustrasie iets meer om die lyf het, en

b) Dit is opvoedkundig korrek om leiding te verskaf wat leessmaak betref, daarom moet die kunstige boek deur ouers,

1. Mathiesen. The artist and the picture book. p. 94.

bibliotekarisse en onderwysers beklemtoon word.

Bogenoemde twee argumente het as grondslag die kind. 'n Derde argument wat ook aangevoer kan word, is dat illustrasies in kinderboeke kunswaarde moet hê omdat die styl wat die kunstenaar aanwend ten nouste moet skakel met die teks om sodoende die stemming in en die tipiese van die geskrewe gedeeltes weer te gee. Dit is slegs wanneer die illustrasie kunswaarde het, dat dit daartoe in staat is.

Nog 'n vraag wat beantwoord moet word, is: Moet die illustreerder sy kunstalente gebruik by die skepping van kinderboek-illustrasies, of moet hy probeer voorsien in dît wat populêr is, dît wat in aanvraag is, sonder om iets meer te bied as die bloot oppervlakkige?

Indien die illustreerder 'n kunstenaar is, kan hy nie anders as om kuns te skep nie: „In order to become a reality for the child, the whole must have a deep reality for the creator. ...the book must first, and essentially, amuse the artist himself." [1]

In die tweede plek is dit nie die taak van die illustreerder om veral volgens die openbare smaak te illustreer nie,

1. Mathiesen. The artist and the picture book, p. 96.

want, in die woorde van 'n illustreerder „it is my job to implement communication, to enhance the word, to extend, provoke, possibly simplify a learning experience that must be pleasureable. It is my job to involve the reader as viewer, sharer, fellow explorer; to dramatize space, integrate the illustration with space and type, the design of which must best suit the particular text's needs."[1] Hy kan hierdie taak nie verrig as hy oppervlakkige werk skep nie.

Verder moet die kind nie net gedurig teks lees en na illustrasies kyk wat geen vormende waarde het nie, want al lees en kyk die kind net vir ontspanning, het dit tog 'n invloed op sy gees. Die kind móét sy gees lewendig hou deur middel van boeke wat meer bied as die uiterlike of oppervlakkige. Hans Zbinden sê in Jugendliteratur, Nr. 9, 1957: „Das kind sieht nicht das Bild, das da ist, sondern das was seine Fantasie daraus macht."[2] As die illustrasie dan nou niks meer bied as 'n oppervlakkige weergawe van die situasie nie, waardeur sal die fantasie van die kind dan in werking gestel word? Dit is juis 'n bewys van die grootheid van 'n kunswerk as 'n mens by elke aanskoue weer iets nuuts ontdek, as dit telkens weer 'n boodskap bring. Daarom moet die kind wéér en wéér na 'n

1. Weisgard. The artist at work, p. 409.
2. Bouma. Kinderboek en illustraties, p. 306.

illustrasie kan kyk - en moet dit hom telkens weer bevredig. 'n Goedkoop prentjie kan dit nie doen nie.

5. Kinderboek-illustrasies moet as deel van die groter geheel bevredig:

Die illustrasies in kinderboeke moet 'n integrale deel vorm van die boek. Dit kan nie los staan van die hele fisiese opset van die boek nie. Dit moet skakel met die lettertipe, met die balans van gedrukte gedeeltes op die bladsye, dit wil sê met die hele fisiese ontwerp van die boek. Omdat teks en illustrasie so 'n geheel vorm in die geslaagde kinderboek, is dit juis die produk van kunstige samevoeging en geïntegreerdheid wat die leser esteties-vormend beïnvloed. Dit is nie net die illustrasie as 'n aparte eenheid nie, maar die opset van die boek as geheel wat die leser esteties moet bevredig.

HOOFSTUK IV: EIE SUID-AFRIKAANSE KINDERBOEK-ILLUSTRASIES?

Mathiesen skryf: „A few years ago my wife and I were walking in Genoa. It was a glorious late-summer day, with the children playing in the streets, and we stopped at the little square where stand the Doria palace and the church with the Andrea Doria tomb.

I asked a ten-year-old boy if the church was never open.

"What did you say?" said the boy.

"Is that church always closed?"

"No," said the boy. "Are you Italian?"

"No," I said. "I am Scandinavian, from Copenhagen, Denmark."

"Oh", said the boy.

"Do you know Denmark?"

"Yes of course," said the boy. "That is Andersen's country." And he continued with his play.

That this to him was self-evident was both surprising and heart-warming. (Children's books live long and reach over all boundaries...artistic creation and the understanding of children are international.)"[1]

1. Mathiesen. The artist and the picture book, p. 93.

Dié standpunt kom daarop neer dat kinderlektuur in 'n sekere sin internasionaal is omdat dit tot kinders in verskillende lande spreek. Andersen se feëverhale is nie net Deense besit nie maar is bekend en bemind in baie wêrelddele. Volgens Mathiesen: „a little Scandinavian girl or boy and one of the same age in Asia, Africa or anywhere else draw in much the same way. Andersen's stories, which in many respects are adult, contain so much of that universal childlike quality that children everywhere love them." [1]

Die ander standpunt is weer dat letterkunde, en kuns oor die algemeen, geheel en al nasionaal moet wees. Pierneef beweer, na aanleiding van 'n artikel van N.P. van Wyk Louw dat, om 'n buitelandse „skryfwyse oor te neem en hier aan te wend, is om 'n donkievel oor die springbok te trek, waardeur sy eie bevallige bewegings belemmer word en niks as potsierlike bokspringe verkry word nie." [2]

Voordat op die meriete van elk van hierdie beskouings ingegaan kan word, moet die bestaan en ontwikkeling van internasionalisme in die twintigste eeu eers kortliks bespreek word, omdat dit 'n toestand is wat feitlik alle wêrelddele raak en dus

1. Mathiesen. The artist and the picture book, p. 93.
2. Eie styl in ons kuns, p.6.

ook 'n invloed sal hê op die kunsprodukte van die verskillende lande.

Twee wêreldoorloë het meegebring dat nasionale grense letterlik en figuurlik verbrokkel het. Die oorwinnaars het opsetlik en onopsetlik hulle idees gepropageer in die oorwonne lande. Mettertyd raak die nuwe idees ingeburger en aanvaar, en word die tradisie of volkseie ingeboet, ook opsetlik en onopsetlik. In hierdie verligte eeu bied die oorwinnaar hulp aan die oorwonnene om weer te herstel wat beskadig en vernietig is, maar die herstelde of nuut-opgerigte dra onmiskenbaar die stempel van die oorwinnaar. Die invloed van die vreemde is onvoorkombaar, en dit word mettertyd so nou verweef met die eie dat dit nie meer daarvan onderskei kan word nie. Die ouer garde kleef nog langer vas aan dît wat volkseie is, maar dit is veral die kind en die jeugdige wat die sterkste beïnvloed word deur die nuwe. As gevolg van die gedurige aanraking met die vreemde, leer kinders en jeugdiges veral om te dink soos die vreemdeling. Hy lees sy geskrifte en weldra word dit net so bekend as sy eie. In baie gevalle verdring dit dan die eie. Die begrip en aanvaarding van die vreemde is nie net 'n gevolg van die feit dat dit op hom afgedwing word nie, maar ook omdat daar gaandeweg 'n bewondering ontstaan vir die vreemdeling - want is die oorwinnaar dan nie altyd groter en sterker as die oorwonnene nie? Dit laat 'n onuitwisbare indruk op die gemoed van die kind en die jeugdige.

Omdat daar dus in groot wêrelddele 'n gees van
en gevolglik ook 'n groter neiging tot internasionalisme ontstaan het, moet ons, voordat ons nou vasstel of kuns tipies van 'n land moet wees, eers besin oor die moontlikheid of kuns ook internasionaal kan wees en of dit slegs nasionaal kan wees. Die beste wyse sal wees om na enkele voorbeelde van kunswerke uit die verlede te kyk:

Ons eerste voorbeeld is Die klein straatjie van Jan Vermeer. Die onderwerp is tipies Nederlands: 'n nou straatjie tussen hoë geboue met die tipiese barok-fasade. Vroue in tipiese kleredrag verleen verdere tipering aan die skildery. Die lug is wasig, die sonlig bleek - en dis juis in die atmosfeer, meer nog as in die onderwerp self, wat die besondere nasionale atmosfeer opgesluit lê.

Die tweede voorbeeld is Die opwekking van Lasarus, deur Geertgen tot Sint Jans. Die skildery vertel die verhaal van die opwekking van Lasarus deur Jesus. Dat hierdie skildery werklik baie min van die atmosfeer bevat wat by die werklike gebeurtenis aanwesig was, blyk uit die volgende: Daar is geen emosie te bespeur op die gesigte van die aanwesiges nie, nog minder word dit weerspieël deur hulle houdings. Die mense kyk na die opwekking soos mense na een of ander alledaagse gebeurtenis sal kyk, met die uitsondering van Petrus wat vorentoe buk om na Lasarus te kyk. Die gesigte van die

mense is tipies Hollands, en, soos die gewoonte destyds was, skroom die skilder nie om die egpaar wat vir die maak van die skildery betaal, ook in die toneel op te neem nie, naamlik die twee knielende figure op die voorgrond. Selfs die suster van Lasarus staan sonder emosie en toekyk. Die figuur van Jesus, afgesien van die uitgestrekte hand, is kalm en toon niks van die dringendheid waarmee Hy uitroep soos dit in die Bybel beskryf word nie. Alle karakters in hierdie skildery doen dus veel eerder aan as waardige Nederlandse burgers, in plaas van Jode wat 'n wonderwerk aanskou. Ten spyte van die onderwerp spreek hierdie skildery dus van die tyd en die plek wat aan die skilder bekend is.

'n Derde voorbeeld is die werke van Gaugin wat in Tahiti geskilder is. As Fransman wyk hy uit na Tahiti waar dit veral die mense is wat hom aangryp. Hoe goed slaag hy nie daarin om die uiterlike van die karakters uit te beeld nie, maar meer nog, hy bring die ongekunsteldheid, die primêre in die mens na vore. Afgesien van die soel kleur van die vel, kan hierdie mense nooit as Europeërs aangesien word nie, want hy slaag daarin om, ten spyte van die internasionaal-beoefende styl, nog die wese van hierdie eilandbewoners vas te vang: dus, tipies <u>nasionaal</u> van Tahiti.

Laastens, enkele Suid-Afrikaanse skilders as voorbeeld:

Die werke van Pierneef is tipies Suid-Afrikaans: ons landskap, anders as die Europese landskap, bestaan uit skerp kontraste en harde lyne, groot ruimtes en felle sonlig. Al hierdie kenmerke blyk nie net uit sy werke nie, maar hy beklemtoon dit met sy styl: by die stilering van bome, wolke, ens., maak hy gebruik van kubistiese vorms om die hardheid en ongenaakbaarheid van die landskap uit te beeld. Die indruk van ruimte word dikwels geskep deur die afwesigheid van mens en dier, asof die landskap is soos pas na die skepping. Waar plaashuise en landerye wel voorkom, smelt dit saam met die omgewing en maak dit deel uit van die landskap. Dit verhoog eerder die indruk van die natuur en kontrasteer nie daarmee nie. Pierneef se werk is dus nasionaal, omdat hy die tipiese landskap uitbeeld, die atmosfeer van die landskap treffend weergee as tipies Suid-Afrikaans, en omdat sy kubistiese styl, ten spyte daarvan dat dit internasionaal gebruik word, tog in hierdie geval volkome uitdrukking gee aan die kenmerkende van die landskap.

Op 'n heel ander manier is die werke van Gregoire Boonzaier tipies Suid-Afrikaans. Sy skilderye het as tema die Kaapse landskap. Sy „Huisie en twee eikebome, Nuweland" kon, wat die onderwerp betref, enige plek in Suid-Afrika of in die buiteland gewees het, maar hy gee die klam, wasige atmosfeer weer wat eie is aan die Kaap. In sy skildery „Die see, Waenhuiskrans", gee hy die dreigende atmosfeer weer: 'n ruwe

see, massiewe kranse, bewolkte lug, alles skep die atmosfeer soos dit net aan daardie deel van die kus kan voorkom.

'n Skilder wat dieselfde atmosfeer raakvat in sy skilderye is Pieter Wenning. Sy skildery „Huisie in die reën, Nuweland", is 'n meesterstuk wat die weergawe van die aanhoudende Kaapse reënweer betref. Hy slaag daarin om, ten spyte van die onderwerp, kleure te gebruik wat die son agter die wolke suggereer - soos mens so dikwels aantref as die reën aan die opklaar is.

Boonzaier sowel as Wenning skep dus nasionale kuns, nie soseer omdat die onderwerpe tipies Suid-Afrikaans is nie, maar wel omdat die weergawe van die betrokke atmosfeer so 'n sterk lokale kleur aan die kunswerke verleen.

Uit bogenoemde voorbeelde blyk die volgende:

1. 'n Kunstenaar kan, wat die keuse van die onderwerp betref, hom wend tot die tipiese van 'n land of landstreek en sodoende 'n nasionale kleur aan sy werk gee.
2. Waar die onderwerp self nie uitsluitlik 'n nasionale karakter het nie, kan die nasionale nogtans sterk op die voorgrond tree omdat 'n tipiese atmosfeer van die bepaalde land of landstreek weergegee word.
3. Die styl wat aangewend word, kan, ten spyte van die feit dat dit internasionaal gebruik word, die wese of eie-aard van die land weergee. Dit hoef egter nie in alle gevalle by te dra

tot die nasionale karakter van die kunswerk nie.

4. 'n Kunstenaar kan hom nie altyd losmaak van die nasionale nie. Selfs as die onderwerp van die kunswerk internasionaal bekend is, toon dit dikwels nog eienskappe wat die nasionaliteit van die kunstenaar verraai. (Vergelyk hier die bespreekte skildery Die opwekking van Lasarus).

5. 'n Kunstenaar kan die vreemde egter sy eie maak deur die land te besoek, deur begrip van die inwoners, ensovoorts, en sodoende daarin slaag om die tipiese daarvan in sy werk uit te beeld. Dit kom daarop neer dat hy as gevolg van sy kennis en begrip van en liefde vir die land en sy mense self 'n deel daarvan word, al is dit dan net tydelik. Daar is dan geskikte omstandighede om nasionale kuns te skep, want hy het die wese van dît wat hy uitbeeld, leer ken en begryp.

Die gevaar bestaan egter dat illustrasies met opset 'n nasionale karakter gegee kan word. Dieselfde geld hier as in die letterkunde, waarvan N.P. van Wyk Louw hom soos volg uitlaat: „'n skrywer wat vol in die Afrikaanse lewe staan, móét wel van hierdie motiewe in sy kuns gewaar...agternà. Maar geen ware digter sal gaan sit en hulle ‚aanwend' omdat hulle daar ‚behoort' te wees nie." [1]

1. Louw. Rembrandt of tulpe? Gedagtes oor 'n eie Afrikaanse styl, p. 68.

Dit kom dus daarop neer dat ons van Suid-Afrikaanse kinderboek-illustrasies verwag om aan al die vereistes te voldoen wat ook in ander lande daaraan gestel word, maar ons verwag ook dat, as die onderwerp hom daartoe leen, die illustreerder 'n intieme kennis van en meelewing met die onderwerp of situasie sal hê sodat dit eg en waar sal voorkom. Die tikkie „Suid-Afrikaansheid" wat sodoende aan die werk verleen word, sal dan nie opsetlik of aangeplak lyk nie.

Per slot van sake, is dit dan nie juis in 'n groot mate waar dat 'n kunswerk eers werklik nasionaal van groot waarde moet wees voordat dit internasionaal erkenning geniet nie?

HOOFSTUK V: DIE BEOORDELING VAN ILLUSTRASIES IN KINDERBOEKE

Nadat op die vereistes vir goeie kinderboek-illustrasies ingegaan is, is dit ook nodig om vas te stel hoe die illustrasies beoordeel gaan word.

Dit mag wees dat 'n illustrasie aan baie van die vereistes voldoen en tog kan die beoordeling nie as suksesvol bestempel word nie. Daar kan verskeie redes wees, naamlik:

1. 'n Illustrasie is 'n kunswerk, en 'n kunswerk kan met die intellek nie alleen gewaardeer word nie. Kuns word in 'n groot mate met die emosie of aanvoeling gewaardeer, en dit kan nie altyd in woorde omgesit word nie. Daar word dikwels deur kritici gepoog om hul kritiek of waardering op skrif te stel, met 'n mindere of meerdere mate van sukses, want, volgens Anne de Vries: „datgene wat een kinderboek goed maakt voor een deel onbegrijpbaar, ondefinieerbaar is en wel, omdat het iets met kunst heeft te maken. De schrijver van een goed kinderboek is een kunstenaar..." [1] Dit geld natuurlik ook vir die illustreerder van 'n goeie kinderboek, want die illustreerder is ook maar 'n „skrywer" en wel 'n skrywer in lyn en kleur. 'n Illustrasie kan dus nie net volgens voorafbepaalde vereistes

1. De Vries. Aan welke eisen moet het kinderboek voldoen, p.298.

beoordeel word nie.

2. Die besondere aanvoeling, gesindheid en siening van die kunstenaar self is ook 'n subjektiewe saak wat nie objektief volgens voorafbepaalde vereistes getoets kan word nie. Dit word baie duidelik gestel deur een van die wenners van die Caldecott-prys, Maurice Sendak: „I feel an intense sympathy between the shape of a musical phrase and that of a drawn line. Sketching to music is a marvelous stimulant to my imagination, and often a piece of music will give me the needed clue to the look and color of a picture. It is great fun to look for just the right color on paper that Wagner found in a musical phrase to conjure up a magic forest."[1] 'n Kritikus kan vir hierdie fyn aanvoeling waardering hê, sonder om dit te kan omsit in woorde waarmee gesê word waarom dit goed is.

3. Verskillende persone waardeer illustrasies op verskillende maniere:

In die eerste plek moet daar onderskei word tussen kinders en volwassenes.

Kinders het hulle eie siening van sake, soos weerspieël in hulle kunspogings. Wat vir volwassenes belangrik is (komposisie, perspektief, ens.), raak hulle dikwels nie. Kinders hou van geïllustreerde boeke, gewoonlik sonder om te besef waarom. Rogers sê „Today all children up to the age of seven-

1. Sendak. Caldecott award acceptance, p. 345-6.

teen insist on well-illustrated books. The unillustrated, small-print editions of the classics are decidedly unattractive to a modern child."[1] Wat maak die geïlustreerde boek so aantreklik? Is dit slegs die dekoratiewe waarde? Wat Elizabeth Guilfoile van die kinderboek sê, geld ook vir die illustrasies: "A good book, then, offers identification, presents life as children know it, sticks to facts as far as facts are known, is honest, and is true to its type...A good book, imaginative or realistic, speaks to the child."[2]

Volwassenes stel ook weer ander norme waarvolgens hulle beoordeel. So sal die ouers beoordeel volgens wat goed is vir die ontwikkeling van hulle kinders, die onderwysers sal beoordeel volgens wat opvoedkundig korrek is, en die bibliotekaris sal beoordeel volgens dít wat die leessmaak aanwakker en bevorder. Hierdie genoemde eise is natuurlik bykomend by baie ander gemeenskaplike eise. Dit gebeur dikwels dat volwassenes aanbeveel waarvan hulle in hulle kinderjare gehou het. Dit is egter die kinderboek waarin die universele, die algemeengeldende na vore tree, waarvan volwassenes gewoonlik hou. So verklaar Mathiesen: "Pictures and picture books are my profession. Just as I paint pictures for adults which children often like, so I draw and write books for children which adults also

1. Rogers. Some remarks on children's literature, p. 203.

2. Guilfoile. Good books for children, p. 25.

like to look at."[1]

Omdat 'n goeie boek tot die gevoel van die leser spreek, hetsy die leser kind, volwasse leser of kritikus is, kom hy tot die besef dat die kinderboek en sy illustrasies goed is. Hy kan baie redes probeer aanvoer waarom hy so voel, maar die belangrikste is wel dat hy so voel.

Uit bogenoemde redes blyk dus dat voorafbepaalde vereistes nie as die alfa en omega by beoordeling beskou kan word nie. Dit moet slegs as algemene riglyne dien. Daar is te veel ander en ondefinieerbare faktore betrokke by die vasstelling van die waarde van illustrasies in kinderboeke. By die beoordeling wat volg, sal die woorde van Munro in gedagte gehou word: „There is no recognized technique for analyzing and comparing works of art. If there were, it might be applied...But whenever we try to analyze a...drawing in such terms as 'design', 'realism', 'rhythm', 'balance', 'proportion', etc., we discover radical differences among teachers and critics as to what these terms mean and what aesthetic values are to be attached to them."[2]

Indien 'n beoordeling egter geskied sonder inagne-

1. Mathiesen. The artist and the picture book, p. 94.
2. Munro. Art education, p.220-1.

ming van enige vereistes, sal dit te subjektief word. Daarom sal ook die vereistes, soos in die voorafgaande bespreek, in gedagte gehou word.

Voordat egter met die beoordeling begin word, is dit nodig om die uiteensetting van die vereistes hier kortliks en opsommenderwys saam te vat:

a) Wat die uitbeelding van die tema betref, word die volgende vereistes gestel:

1. Dit moet oorspronklik wees, sodat die kind by die aanskoue daarvan gehelp word om te ontwikkel;
2. Die tema moet sy verbeelding stimuleer;
3. Dit moet die positiewe beklemtoon sodat die kind se oordeel oor reg en verkeerd gevorm kan word.

b) Wat die tema self betref, geld die vereiste dat dit moet aanpas by die belangstellingsveld van die kind. Die voorskoolse kind stel belang in die werklikheid en ook in die fantasiewêreld, die kind van vyf tot sewe hou van diere en die natuur; die kind van agt tot elf jaar hou van handeling en verkies realisme bó fantasie; op die ouderdom van twaalf tot veertien hou seuns van heldeverering en sportprestasies, terwyl dogters van sentimentele verhale hou; die vyftien- tot sewentienjarige hou van stokperdjies as tema, van boeke vir volwassenes.

c) Wat die styl en benadering betref, is eenvoud 'n vereiste.

d) Die grootte van die illustrasie moet in verhouding wees tot die ouderdomsgroep vir wie dit bedoel is: hoe kleiner die kind, hoe groter die illustrasie, en omgekeerd.

e) Die illustrasie moet informatief wees.

f) Kleur is nie 'n vereiste nie, maar kleursamestelling, indien dit voorkom, moet aan kunsstandaarde voldoen.

g) Lyn in illustrasies moet 'n aangename geheelbeeld skep, sonder te veel detail wat verwar.

h) Illustrasies moet kunswaarde hê om esteties-vormende redes.

i) Illustrasies moet in die hele fisiese opset van die boek inpas, omdat dit die boek as geheel is wat esteties moet bevredig. Dit moet letterlik en figuurlik inpas, dit wil sê by die inhoud van die verhaal en in die drukwerk op die bladsy.

j) Illustrasies moet 'n nasionale karakter dra indien die onderwerp en uitbeelding dit toelaat. Die nasionale of lokale kleur moet nooit opsetlik lyk nie.

k) Illustrasies kan ook 'n mate van ooreenkoms toon met kinderkuns, want kinderkuns gee vir ons 'n aanduiding van dít wat vir die kind van 'n sekere ouderdom visueel en emosioneel belangrik is.

Ten slotte die volgende opmerking: dit gebeur dikwels dat illustrasies nie aan al bogenoemde vereistes voldoen nie. Dit kan wees, soos ons in die volgende afdeling sal sien, dat kinderboekillustrasies aan slegs sommige vereistes voldoen en tog nog geslaagd is.

AFDELING B

DIE BEOORDELING VAN SUID-AFRIKAANSE KINDERBOEK-ILLUSTRASIES

HOOFSTUK I: INLEIDING

In die twintigste eeu is dit vir ons, wat so baie aandag gee aan die kind, sy wese, sy ontwikkelingsmoontlikhede, sy probleme, aan die kindersielkunde en die opvoeding van die kind haas onverstaanbaar dat daar 'n tyd was toe die kind feitlik beskou is as 'n volwassene in kleiner formaat. Spreek die kleredrag van kinders uit verskeie eeue, toe die kind maar soos 'n klein volwassene gekleed gegaan het, nie daarvan nie? Is dit dan nog eienaardig dat kinderboeke vroeër saamgestel is soos boeke vir volwassenes, net 'n bietjie makliker verstaanbaar? Daarom was dit 'n radikale afwyking van die gewone toe Johann Amos Comenius in 1658 sy Orbis pictus uitgegee het. Dit was 'n soort skoolboek met Latyns/Duitse teks, en dit was bedoel vir die aanleer van Latyn op skool. Hierdie boek was ryklik geïllustreer met houtsneë, en luister wat sê B. Hürlimann daarvan: „Für jene Kinder nun, die einfachen, die keine Bücher kannten und von der Welt nichts als ihre armselige, kriegsbedrängte Umgebung, und für die anderen, die nichts als Vokabeln, Zahlen and Sprüche in rein abstrakter Weise auswendig gelernt hatten, war dies winzige, mit volkstümlich primitiven Holzschnitten reich illustrierte Büchlein gleichermassen eine Sensation."[1]

Die Orbis pictus het baie navolgers gehad, want die

1. Hürlimann. Das Bild als Erzieher, p. 573.

invloed daarvan was verreikend: die kinders het dít wat hulle leer, interessanter gevind as gevolg van die illustrasies. So het volwassenes meer tot die besef gekom van die waarde van kinderboek-illustrasies.

Orbis pictus het dus 'n belangrike oorgangstadium gevorm tussen kinderboeke wat nie geïllustreer was nie en die ryke skat geïllustreerde boeke wat later sou volg. In Duitsland was Orbis pictus 'n klein begin, en dit was hierdie patroon wat in baie ander lande, ook in Suid-Afrika, voorgekom het. In Suid-Afrika was die probleem net nog groter, omdat die drukkersbedryf hier nie 'n roemryke tradisie gehad het as agtergrond nie. Net soos die voorgangers van Orbis pictus sonder illustrasies was, het die meeste van die vroeë werke vir kinders in Suid-Afrika ook geen illustrasies bevat nie.

Voordat die kinderboeke met illustrasies van hoër gehalte as die gemiddelde bespreek word, is dit nodig om te wys op die talle geïllustreerde werke wat eintlik volgens gehalte alleen nie bespreking regverdig nie, maar wat tog 'n plek inneem in die ontwikkelingsgang.

In die vroeë jare, voor 1940, word die illustrasie in die meeste van die kinderboeke gekenmerk deur amateuragtigheid. In 1933 verskyn die eerste uitgawe van P.J. Schoeman se boek „Die swerwer-jagter". Die volblad-illustrasies is in onintere-sante grys skakerings, die figure is stokkerig en die omlyning

van mens en dier gee die indruk van tekenwerk wat later „ingekleur" is. „Sonogies die Swazi-prinsessie" van dieselfde skrywer verskyn in 1939 en bevat 'n aantal illustrasies in silhoeëtvorm, wat amateuragtig, sonder verbeelding en elementêr lyk. Die Swazi-kinders lyk soos poppies, nie soos werklike kinders nie!

In die veertigerjare verskyn 'n groter aantal kinderboeke, en die illustrasies is nog maar amateuragtig en elementêr. „Krompie en Stompie" van Pattie Beukes is 'n goeie voorbeeld hiervan. Die figure is nie indiwidue nie. Die seuntjie op bladsy 8 is sprekend van die onbeholpenheid van die illustreerder. Die oë word geteken sonder enige verbeelding, en die hele figuur maak die indruk asof dit volgens 'n patroon geteken is: 'n oog is ovaalvormig, daarom word die oë deur twee ovale voorgestel, die broekspype is identies, soos 'n kleremaker dit van 'n vaste patroon sal maak. Al die illustrasies is amateuragtig, maar die illustrasie van die voël op bladsy 35 is die sprekendste voorbeeld. Let daarop hoe onnatuurlik die een vlerk lyk, asof dit teen die lyf vasgeplak is! Dieselfde besware kan geopper word teen illustrasies in boeke soos „Voorsorg" van Lulu Latsky en „Die drie matertjies" van Adèle Naudé.

In die vyftigerjare word daar aandag geskenk aan kleur in illustrasies. Dit maak egter nog 'n baie elementêre indruk. As voorbeeld hiervan kan „Die lemoenmannetjies" van

Elise Swanepoel genoem word. Slegs van oranje word gebruik gemaak om die kinderagtige figuurtjies te kleur. 'n Beter voorbeeld van amateuragtigheid en verbeeldingloosheid kan seker moeilik gevind word. Die poging om die fantasie na vore te bring word verydel deur die oordrewe eenvoud. Die illustrasies is té duidelik omlyn, die styl té onbeholpe. Ook in „Vlindervreugde", deur Margaret Palmer en Antoinet Halberstadt word van kleur gebruik gemaak: posbus-rooi en grasgroen! Die kleur-intensiteit van albei kleure behoort vir die illustreerder 'n bewys te gewees het dat dié kleure nie in een illustrasie gekombineer kan word nie. Die gevolg is dat die kleure skreeu. Dit verlaag die waarde van die amateuragtige illustrasies nog verder.

Daar verskyn natuurlik ook nog heelwat ongekleurde illustrasies in kinderboeke van hierdie tydperk. Sommige illustrasies is werklik benede kritiek, soos dié in „Gladdejan, die seepmannetjie" van Eveleen Castelyn-Pretorius. Elke illustrasie is 'n voorbeeld van alles wat 'n illustrasie nie moet wees nie: dis niksseggend, amateuragtig wat die tekenwerk betref, stereotiep en onbeholpe. Dieselfde geld vir „Bed-toe-tyd is storietyd, boek I: tien dierestories," deur E. Hauptfleisch. In 'n mindere mate is dit ook waar van illustrasies in boeke soos „Suikerbossie" van Gladys de Meuter, „Die diere hou konsert" deur Lulu Latsky, ens.

In die boeke van die vyftigerjare wat genoem is, maak die illustrasies die indruk dat dit los staan van die res van die boek. Fisies vorm dit nie 'n eenheid daarmee nie en die hele fisiese opset van die boek bevredig nie grotendeels omdat die illustrasies so amateuragtig en onbeholpe is.

Teen die einde van die vyftigerjare en in die vroeë sestigerjare tree 'n ander verskynsel na vore, naamlik die invloed van goedkoop oorsese publikasies waarin die illustrasies die indruk van massa-produksie gee. Dieselfde banale kleure word oor en oor gebruik, want dit het mode geword om die goedkoop basaar-tipe kinderboek uit te gee! Dit is nie altyd moontlik om vas te stel of die illustrasie in hierdie boeke almal deur Suid-Afrikaners gedoen is nie, maar die mark word so oorstroom dat dit hier genoem moet word. In „Hansie en Hannie Haas" van Alwyn Olivier, soos in die res van hierdie reeks boekies, lyk die illustrasies baie na die illustrasies in strokiesprente. Die „karakters" is karikature, alles word volgens 'n „resep" geteken en ingekleur. Die kleure is helder, sonder tussenskakerings, banaal. Dit is ook die geval met „Vrolike vakansie" van Ruanda Roux en baie ander boeke.

Dit is verbasend dat daar in die sestigerjare, wat tog ook baie goed-geïllustreerde boeke opgelewer het, nog sulke swakgeïllustreerde werke kan verskyn soos „Frans en Soekie-Zoeks" van Dorothea Möller-Malan. Die illustrasies doen werk-

lik afbreuk aan 'n andersins verdienstelike werk. Die tekenwerk is wel in baie opsigte beter as by die vorige werke wat genoem is, maar dit gee nie die stemming van die teks weer nie. Die illustrasie op bladsy 68 toon 'n perd wat runnik van angs vir die donderslae, maar in die illustrasie self is daar geen aanduiding van angs nie. Die tekenwerk is dikwels ook nog onoortuigend, soos dié van die leeu op bladsy 20.

Nog 'n voorbeeld van 'n andersins geslaagde kinderboek is „Ou tant Kowa" van B. Traas. Die illustrasies is amateuragtig, swak geteken en lomp. Die hond in die illustrasie op bladsy 22 is feitlik onherkenbaar, die gesig van die heks op bladsy 7 is lomp geteken en die dogtertjie op bladsy 19 is sonder verbeelding weergegee.

„Tembo's first day out" deur Elsa Clunas is wel 'n boek wat tegnies goed versorg is, maar die illustrasies is so verbeeldingloos, so sonder enige variasie dat dit 'n doodgewone indruk maak. Dieselfde kan gesê word ook van „Roelfie se geheim" deur Joan Kipperberg. Alle graspolle lyk presies eenders, die golfies op die water is té identies, die diere té elementêr weergegee.

Bogenoemde voorbeelde word slegs as voorbeelde aangehaal. Samevattend kan dus gesê word dat illustrasies in kinderboeke nie ingesluit word in die latere bespreking nie, om

die volgende redes:

1. Die tekenwerk is swak, amateuragtig, onbeholpe.

2. Kleurgebruik is onoordeelkundig, banaal.

3. Illustrasies gee nie die ware atmosfeer van die boek weer nie.

4. Illustrasies vorm nie fisies 'n integrale deel van die boek nie.

Boeke is dus in die eerste plek uit die bespreking weggelaat omdat die illustrasies nie van die gewenste gehalte is nie as gevolg van een of meer van bogenoemde gebreke. Sommige van die boeke wat wél bespreek is, gaan mank aan sommige van hierdie gebreke, maar dan is dit nie oorwegend die geval wat die meeste van die illustrasies betref nie. Waar die gebreke net sporadies voorkom, word die illustrasies in die boeke wél bespreek.

In die tweede plek is selfs alle goed-geïllustreerde boeke nie bespreek nie. Die rede is dat die opset nie is om 'n volledige lys boeke te bespreek nie, maar om a) boeke in te sluit wat om historiese redes van belang is vir die ontwikkeling van kinderboek-illustrasies in Suid-Afrika, en
b) 'n aantal boeke te keur vir bespreking sodat die algemene riglyne van die ontwikkeling duideliker kan uitstaan.

Van die ± 400 geïllustreerde kinderboeke wat vir insluiting oorweeg is, is slegs 106 in die bespreking opgeneem.

Dit is gevoel dat hierdie aantal meer as voldoende is om 'n beeld te gee van die historiese ontwikkeling en die gehalte wat tans bereik is.

HOOFSTUK II: ENKELE VROEË SUID-AFRIKAANSE GEÏLLUSTREERDE KINDER- EN JEUGBOEKE

Dit is logies om te verwag dat die gehalte van die illustrasies in die eerste geïllustreerde kinder- en jeugboeke in Suid-Afrika nie besonder hoog sal wees nie. Die uitgewersbedryf was jonk en onervare. Dit kon nie steun op tradisie nie. Kinderboeke was skaars; geïllustreerde kinderboeke nog skaarser. Daarom is dit merkwaardig dat die gehalte van Caldwell se illustrasies in „Jock of the Bushveld" van Sir Percy Fitzpatrick, so hoog is.

Sir Percy Fitzpatrick is nie, soos dikwels aanvaar word, 'n gebore Ier nie. Sy ouers was gebore Iere, maar hy is in 1862 in Kingwilliamstown gebore, waar sy vader regter was. Percy Fitzpatrick word bankklerk in Kaapstad om vir sy moeder en die kinders te sorg na sy vader se dood. Hy voel egter spoedig die roepstem van die veld en vertrek na drie jaar as bankklerk na die goudvelde van Oos-Transvaal. Op een-en-twintigjare leeftyd begin sy lewe van avontuur wat hy in „Jock of the Bushveld" beskryf. Na vele wedervaringe word hy 'n welgestelde transportryer, en dit vorm die tema van die verhaal. Gedurende sy verblyf in Johannesburg het hy in die aand aan die kinders stories vertel, en omdat hulle moeg geword het vir die bekende stories, het hy van Jock begin vertel.

Tydens baie van hierdie vertellings was Rudyard Kipling teenwoordig, en dit was hoofsaaklik hy wat Percy Fitzpatrick oorreed het om dit te boek te stel. Hy begin dus in 1905 om die vertellings neer te skryf terwyl hy besig was om op 'n seereis te herstel na 'n siekbed, en terwyl hy in Europa is, begin hy uitkyk na 'n geskikte uitgewer. Hy besluit ook dat die boek geïllustreer moet word en dat dit goed gedoen moet word. Dit was nie 'n maklike taak om 'n geskikte illustreerder te vind nie, want illustreerders van die dierelewe was baie skaars, te meer nog illustreerders wat die Suid-Afrikaanse bosveld goed ken. Uiteindelik kom 'n skets van 'n koedoebul onder sy aandag en nadat hy die kunstenaar opgespoor het, maak hy 'n ooreenkoms met E. Caldwell om vir ses maande na Suid-Afrika te kom om sketse ter plaatse te maak. Hy het nie baie moeite om Caldwell se geesdrif aan te blaas nie, en Caldwell, wat nog nooit in Suid-Afrika was nie, onderneem saam met Fitzpatrick en sy geselskap 'n tog na die Oos-Transvaalse laeveld waar hulle vir 'n paar weke uitkamp daar waar die Nasionale Krugerwildtuin vandag is. Die kunstenaar maak daagliks talle sketse, en na sy terugkeer na Johannesburg werk hy dit af. So ontstaan die groot aantal tekeninge wat „Jock of the Bushveld" versier. Hoewel Caldwell dus nie 'n Suid-Afrikaner was nie, kan sy illustrasies met reg as Suid-Afrikaanse besit beskou word: die onderwerp is tipies Suid-Afrikaans en die skets is plaaslik gedoen.

„Jock of the Bushveld" is die ware verhaal van 'n getroue hond wat sy baas (Fitzpatrick) op sy togte met die transportwaens vergesel. Aangesien dit 'n reisbeskrywing is, bied dit aan die illustreerder 'n byna onuitputlike hoeveelheid onderwerpe. Hiervan het Caldwell ook ruimskoots gebruik gemaak, want die verskeidenheid illustrasies is besonder groot.

In die werk kom die volgende tipes illustrasies voor: kanttekeninge, illustrasies by opskrifte van hoofstukke, ander klein tekeninge en volblad-illustrasies.

Op baie van die 466 bladsye van die boek kom een of meer kanttekeninge in pen-en-ink voor - meesal tekeninge van diere. Soms word die dier alleen geskets, soms word die agtergrond aangebring. Wilde diere vorm hoofsaaklik die tema van die tekeninge, maar mak diere soos Jock en die osse word ook ingesluit. Soms word mense geskets, soos Caldwell hulle leer ken het in die veld. Tipiese veldplante vorm ook dikwels die tema.


Een van die mooiste voorbeelde van wilde diere word gesien op bladsy 269: 'n tekening van 'n klompie tarentale. Caldwell het werklik daarin geslaag om <u>beweging</u> 'n inherente deel van sy kuns te maak. Let daarop hoe die lyn van die tarentale die oog van bo na onder laat vloei, en hoe dit die hoek van die bladsy omvou. Voor in die ry, waar die oog normaalweg verder na links sou vloei, stuit hy die beweging deur die een tarentaal na regs te laat kyk. Die tiperende houding van hierdie voëlsoort blyk duidelik uit die skets.



protest against intrusion; in the tops of the wild fig trees bright green pigeons watched us shyly—great big birds of a wonderful green; gorgeous louries too flashed their colours and raised their crests—pictures of extreme and comical surprise; golden cuckoos there were also and beautiful little green-backed ruby-throated honey-suckers flitted like butterflies among the flowers on the sunlit fringe of the woods.

Now and again guinea-fowl and bush-pheasant craned their necks over some fallen log or stone to peer curiously at us, then stooping low again darted along their well-worn runs into the thick bush. The place was in fact a natural preserve; a 'bay' let into the wall of the Berg, half-encircled by cliffs which nothing could climb, a little world where the common enemy—man—seldom indeed intruded.

We stayed there until the afternoon sun had passed behind the crest of the Berg above us; and, instead of going back the way we came, skirted along the other arm enclosing the bay to have the cool shade of the mountain with us on our return journey. But the way was rough; the jungle was dense; we were hot and torn and tired; and the shadow of the mountain stretched far out across the foothills by the time the corner was reached. We sat down to rest at last in the open on the long spur on which, a couple of miles away, the slanting sun picked out the red and black cattle, the white goats, and the brown huts of the kaffir kraal.



Our route lay along the side of the spur, skirting the rocky backbone and winding between occasional

Die teks is nie in die middel van die bladsy gedruk nie maar effens meer na links, sodat daar ruimte gelaat is vir die illustrasie. Die illustrasie omvou die hoek van die teks en fisies vorm dit 'n geheel daarmee.

Nog 'n goeie voorbeeld van Caldwell se kanttekening is dié op bladsy 292. Wat hier veral weer tref is die vermoë om beweging van die dier uit te beeld. Let op die tipiese houding van die koedoes wat met die kop agteroor wegstorm, sonder dat die horings in die takke verstrik raak. Die fynheid van lyn suggereer verder die digtheid van die doring - struikgewas waardeur die diere vlug. Let daarop






A herd of koodoo came crashing by
a herd, but only the first and last wi
the space between seems blurred.
sions are of the koodoo bull in fro
thrust, eyes shut against the bush, a
back upon the withers, as he swept
way for his herd; and then, as they
ears, ewe neck, and tilting hindquar
—between them nothing but a mas

The wildebeeste went by in Indi
shape, colour and horns; and stra
their mechanical action, lowered h
determined rush.

A rietbuck ram stopped close to
wide-eyed and anxious, and whistlec
cantered on with head erect and w
but its mate neither answered nor ca
hare with its ears laid flat scuttled pas
Francis and did not seem to see him.
birds swept or fluttered down wind;
came up swirling and swinging abo
through the smoke to catch the inse
the fire.

But what comes back with the s
finitely pathetic helplessness is the pi
We stood on the edge of our burn,
ground to cool, and at my feet a pa
beetles, hump-backed and bandy-legg
slowly and earnestly along; t
edge of our burn, touched
and turned patiently aside—tc



JOCK OF THE BUSHVELD

hoe die hoek van die teks afgebreek is om dit mooi te laat saamsmelt met die illustrasie. Die tekening van die twee toktokkies bo aan die bladsy is dekoratief. Die een teken hy van die sy-aangesig, die ander skuins van voor. Waar die boonste een die oog weglei na die kant van die bladsy, bring die onderste een die oog weer terug en af na die tekening van die koedoes, want dit lyk of die toktokkie self na onder kyk.

Dit is egter nie net wilde diere wat Caldwell deur fyn waarneming tot in die fynste besonderhede skets nie, maar ook die hoofkarakter, Jock, word pragtig uitgebeeld.

Hoe goed word die geaardheid van Jock nie geskets op bladsy 320 nie! Hy is die lewendige brak wat sy baas op die jagtog vergesel. Die gras is hoog en hy kan nie sien wat aangaan sonder om te spring nie. Let op die gretige, waaksame en wakker uitdrukking op die gesig. Die houding van lyf en pote toon die gespanne aandag waarmee hy probeer volg wat besig is om te gebeur. (Let terloops ook op die pragtige rooibokkop wat amper in silhoeëtvorm bo aan die bladsy verskyn, asof dit ook met aandag kyk. Sodoende sluit Caldwell die twee sketse weer by mekaar aan en vorm dit 'n geheel wat die atmosfeer van wat op hierdie bladsy beskryf word, weergee.) By hierdie twee sketse is daar nie soveel fisiese aansluiting met die teks nie.



indeed sometimes when we were having a slow time I used to draw him by pretending to stalk something; but it is that first view that remains a picture of him. I turned at the instant when he was at the top of his jump; his legs were all bunched up, his eyes staring eagerly and his ears had flapped out, giving him a look of comic astonishment. It was a most surprisingly unreal sight: he looked like a caricature of Jock shot into the air by a galvanic shock. A sign with my hand brought him flat on the ground, looking distinctly guilty, and we moved along again; but I was shaking with silent laughter.

At the next stop I had a look back to see how he was behaving, and to my surprise, although he was following carefully close behind me, he was looking steadily away to our immediate right. I subsided gently on to my left side to see what it was that interested him, and to my delight saw a troop of twenty to twenty-five blue wildebeeste. They too were 'standing any way' and evidently had not seen us.

I worked myself cautiously round to face them so as to be able to pick my shot and take it kneeling, thus clearing the tops of the grass; but whilst doing this another surprising development took place. Looking hard and carefully at the wildebeeste two hundred yards away, I became conscious of something else in between us, and only half the distance off, looking at me. It had the effect of a shock; the disagreeable effect produced by having a book or picture suddenly thrust close to the face; the feeling of wanting to get further away from it to re-focus one's sight.




320

Nog 'n skets van Jock wat besonder bevredig, is die op bladsy 245 waar hy en Jess vir 'n klipspringer blaf en dit probeer bykom. Let op die gemaklike houding van

ce one got was to stalk them in
they fed on the fringes of the
:red how the dogs would have
)erate fighters that have injured
and more men than any other
ıe sable.
n ant-bear in the open, and there
ıble; we had no weapons—not
and the dogs had it all to them-
:reature could do nothing with
igging claws looked dangerous,
ave him a chance; he tried hard
t they caught him as he somer-
:m, and, one in front and one
ife out of him.
. tiger-cat. We heard the rush
nbled down through the tangled
)uld, but they fought on, tumb-
ıill before us, and when we came
)ver and they were tugging and
)lack and white body, Jess at the
.e stomach. The cat was as big
d armed with most formidable
ısed to some purpose, for both
)leeding freely in several places.
/ enjoyed it and searched the
ıe we passed it, as regularly as a
:e he once picked up a sixpence.
tle klipspringers led them many
he crags and ledges of the
ng from rock to rock with






JOCK OF THE BUSHVELD

die klipspringer hoog op die rotse vanwaar hy neerkyk na die twee honde wat, uit hulle natuurlike element uit, sukkel om die rotse uit te klim. Die uitgestrekte lyf van die hond wat na bo kyk suggereer hoogte en die klipspringer wat afkyk suggereer diepte. Die beurende houding van die hond verleen 'n ietwat komiese atmosfeer aan 'n komiese situasie. In hierdie tekening gee Caldwell genoeg detail, sonder om soveel te gee dat dit verwarring skep. Dit is egter jammer van die tweede klipspringer op die agtergrond, want, in die eerste plek hou dit nie verband met die atmosfeer van die tekening nie, en in die tweede plek veroorsaak die sy-aansig dat dit los staan, asof dit ook geen verband het met dît wat gebeur nie.

Hier is dit nie net teks en illustrasie wat 'n geheel vorm nie, maar die feit dat die illustrasie uit twee dele bestaan wat ook weer verband met mekaar het, maak dat die hele bladsy 'n eenheid is.



Sommige van die kanttekeninge bevat kostelike sketse van die menslike figuur, soos dié een op bladsy 225. Die kenmerkende houding van die boer wat op die sweepstok leun weerspieël die rustige atmosfeer van toeka se dae. Caldwell slaag weereens daarin om die twee sketse op hierdie bladsy tot 'n eenheid saam te voeg, want sonder die os met die juk op sy nek is die beeld van die wadrywer nie voltooid nie. In 'n paar strepe slaag Caldwell daarin om die gesig en gesigsuitdrukking te tipeer. Selfs die liggaamsbou is dié van 'n man wat lief is vir sy koppie koffie meer as een of twee maal per dag!


Die transportryer van weleer het stil en rustige oomblikke geken soos blyk uit bogenoemde skets. Maar die mens

word ook uitgebeeld waar hy in beweging is. Caldwell munt uit deur sy weergawe van beweging, want dan is sy lyne dinamies en hy slaag daarin om die oog te lei sodat die indruk van beweging onvermydelik is. 'n Voorbeeld hiervan word aangetref op bladsy 369 waar die skrywer slaags raak met 'n gewonde blouwildebees. Die skets toon die moment van die bots-

I do not know exactly what happened: the impression is of a breathless second's whirl and scramble, and then finding myself standing untouched five yards away, with the half-paralysed wildebeeste squatting like a dog and struggling to drag the useless hindquarters along in its furious efforts to get at Jock who had already intervened to help me.

The rifle lay within the circle of the big hooked horns; and the squatting animal, making a pivot of its hindquarters, slewed round and round,


369 2B



JOCK OF THE BUSHVELD

ing, wat in die skrywer se woorde so vinnig gebeur het dat hy self nie mooi geweet het wat aangaan nie. Die mensfiguur wat sy balans verloor het, die gekromde nek van die gewonde dier en die stormende hond vorm 'n simfonie van lyn. Die jagter en die vallende geweer omraam die dier se kop en bepaal die aandag by die dier wat hier simbool is van die gevaar waarin die man verkeer. Die mensfiguur word volkome gebalanseer

deur die hond op die voorgrond, sodat, al het die figuur sy balans verloor, dié tekening nie gebrek aan balans het nie. Die lang gras waarin die botsing plaasgevind het, bind die drie figure saam tot 'n eenheid, so ook die onderbreekte drukwerk waar die illustrasie daarby aansluit.



falo had stood we
vas not very much
on the bushes here
some grass further
gh up and on the
of more open bush
g the banks of the
to the kloof it was
s.
nearly always leave
wind so as to be
suers. This fellow
, and that rather

Ook plante van die veld word gebruik as tema om lokale kleur te gee. So verskyn daar byvoorbeeld op bladsy 283 'n besonder oortuigende weergawe van 'n doringtak. Caldwell gee deur netjiese strepies die idee van geveerde blare weer, waarteen die dik, lang dorings goed vertoon. Die blare bo wat effens na links krul en dus die hoek van die teks omsluit, laat teks en illustrasie 'n eenheid vorm.

Treffend is ook die tekening op bladsy 295 van die Barbertonse madeliefie. Die hele plantjie word geteken en die effense geboë lyne van die blomstele verleen 'n groot mate van grasie aan die besonder fynafgewerkte sketsie.

Ook titels van hoofstukke word met tekeninge versier. 'n Besonder goeie voorbeeld is dié van die hoofstuk „Our last



WE had not touched fresh meat for many days, as there had been no time for shooting; but I knew that game was plentiful across the river in the rough country between the Kaap and Crocodile, and I started off to make the best of the day's delay, little dreaming that it was to be the last time Jock and I would hunt together.

JOCK OF THE BUSHVELD

hunt," op bladsy 430.

Die titel verskyn onderaan die tekening, maar op so 'n wyse dat dit saamsmelt tot 'n geheel. Hierdie tekening gee 'n baie goeie idee van wat in hierdie hoofstuk gaan gebeur, want die swartwitpensbul is die prooi, en die jagters is Jock en sy baas. Wat hierdie tekening so treffend maak, is die jagter se geweer wat teen 'n boom neergesit is - asof die jag verby is, vir altyd. Dit is hierdie klein bietjie simboliek wat Caldwell soms laat uitstyg bo die gewone.

Die laaste tipe illustrasie wat in „Jock of the Bushveld" verskyn is die volblad-illustrasie.

Al hierdie volblad-illustrasies is in swart en wit, met uitsondering van die titelplaat wat in kleur is. Die volblad-illustrasies is saamgestel uit baie skakerings van swart en wit en is net so realisties as die kanttekeninge, maar dit bevat ook nog 'n besondere atmosfeer wat verkry is deur die subtiele nuanseering van skakerings. Dit doen enigsins sagter en wasiger aan, en dit mis die hardheid en strakheid van lyn wat in die kanttekeninge voorkom. Hier kon Caldwell met 'n ander medium weer vrye teuels gee aan sy skildervermoë, en die resultaat is besonder geslaagd. Die onderwerpe wat hy kies, kom in 'n mate ooreen met die kanttekeninge, maar hy lê tog meer klem op die geheimsinnigheid en misterie van die veld. Hy gee voorkeur aan tonele waar die lig nie so skerp is nie: nagtonele in die veld en kampvuurtonele; want hierin kan hy die kontras tussen lig en skaduwee ten volle benut.

Wat besonder tref in hierdie boek, is dat teks en illustrasies nie net 'n besondere geheel vorm nie, maar dat dit mekaar aanvul. Die illustrasies toon ook dat die kunstenaar sy stof baie goed beheer, want nêrens kan eers 'n aanduiding gevind word dat 'n dier of toneel nie eg voorkom nie. (Daar is een uitsondering, naamlik die illustrasie van die miskruier op bladsy 65 wat in die vroeë uitgawes die bolletjie met sy voorpote aanstoot in plaas van die agterpote, maar dit was 'n fout van die drukker en is later herstel).

Die illustrasies in „Jock of the Bushveld" spreek veral deur die fynheid van afwerking, die juistheid van gegewens, die weergawe van die regte atmosfeer en deur skoonheid van lyn en komposisie. Ten slotte kan vermeld word dat die rangskikking van kanttekeninge, opskrifte en teks 'n tipografiese geheel meebring wat die boek 'n groter kunswerk maak. Sonder die tekeninge sou die boek nog geslaagd wees, maar dit is juis die illustrasies en die wyse waarop dit ingevoeg is wat dit iets besonders maak, veral gesien die vroeë tydperk waarin dit verskyn het.

Dit verskyn vir die eerste keer in September 1907. In November van dieselfde jaar word drie nuwe oplae gedruk. Van toe af is daar feitlik jaarliks herdrukke, asook skool-uitgawes, verkorte uitgawes, ensovoorts.

Met die eerste oogopslag mag dit lyk of die boek veral geskik is vir seuns van so tien tot sewentien jaar, want seuns hou van avontuurverhale. Dogters is egter net so lief vir die boek, want die handel oor 'n troeteldier. Cecily Niven vertel die volgende staaltjie: „One of the best stories was about the little South African girl who was going to live in America. She was told by her parents that she could take only two books. A great favourite of hers was 'The child Jesus' and when the momentous decision was finally made she said: 'Mummy, I'll take Jock and Jesus'."[1]

1. Niven. Recollections of sir Percy Fitzpatrick, p. 17.

Kinders in genoemde ouderdomsgroep sal die illustrasies kan waardeer, want dit is die stadium waarop hulle in hulle eie tekeninge strewe na realisme. Die realistiese tekeninge sal dus tot hulle spreek.

Dit is beslis seker dat die illustrasies 'n baie groot deel bydra tot die sukses en gewildheid van hierdie boek. Hoewel skaars 'n halfeeu oud, is „Jock in the Bushveld" vinnig besig om 'n klassieke Suid-Afrikaanse kinderboek te word.

Afgesien van „Jock of the Bushveld" was die eerste twee dekades van hierdie eeu 'n tydperk waarin feitlik geen kinder- of jeugboeke wat redelik goed geïllustreer was, verskyn het nie.

Die eerste boek waarin enigsins gepoog is om die stemming van die teks in die illustrasies weer te gee, was die bekende „Boesman-stories", versamel deur G.R. von Wielligh en geïllustreer deur R.F. Keet. Die illustrasies bestaan uit weergawes van diere en mense, en tonele wat een of ander aktiwiteit voorstel, word uitgebeeld. Die illustrasies in hierdie werk beteken baie min as dit gemeet word volgens die huidige standaarde, maar histories gesien het dit tog waarde.

„Boesman-stories deel I" verskyn in 1919. Dit bestaan uit 'n twintigtal stories wat deur die skrywer in sy eie

woorde opgeteken is en handel hoofsaaklik oor die Boesman se godsdienstige opvattings. Die storie „Die waters is die jongste dogter" vertel die verhaal van 'n man, vrou en kind wat, om die wraak van 'n trop springbokke vry te spring, verander het in 'n bees, 'n waterslang en in water. Die illustrasies toon die bees en die slang, en stippels wat water voorstel. 'n Gebroke sirkel stel die Boesmanhut voor. 'n Sestal springbokke stel die aanstromende trop voor. Hoewel die voorbene van die springbokke beweging aandui, is die figure tog nog



BOESMAN-STORIES

staties. Daar is ook geen noemenswaardige komposisie of ritme van lyn te bespeur nie. Al waarde wat hierdie (en al die ander) illustrasies het, is die getroue weergawe van feite in die teks, en tweedens, die Boesman-„styl" waarin dit gedoen is. Dit pas dus aan by die inhoud en atmosfeer van die verhale. Daar is egter geen rede waarom hierdie illustrasies in die besonder tot die kind sal spreek nie. Dit sal darem ook nie onverstaanbaar wees vir die kind van sewe tot tien jaar nie, want dit kom ooreen met die skematiese stadium in die kinderkuns. Wildsbokke word byvoorbeeld altyd volgens dieselfde skema geteken.

'n Persoon wat as boekillustreerder in die begin van die twintigerjare sterk op die voorgrond tree, is Hans Anton Aschenborn. Sy illustrasies in sy eie werke en dié van ander skrywers is vandag nog só bekend, dat 'n breedvoerige oorsig oor sy kuns noodsaaklik is.

Aschenborn is in 1888 in Kiel gebore. Hy is dus nie 'n gebore Suid-Afrikaner nie, maar sy werk is so Suid-Afrikaans as die onderwerpe wat hy kies. Na sy opleiding in 'n landbouskool vertrek hy in 1909 na Luderitzbaai waar hy op die plaas Quickborn woon. Hy neem self deel aan die Eerste Wêreldoorlog, en na sy terugkeer vind hy dat sy plaas geplunder is. Hy skenk nou al sy aandag aan sy kuns. In 1920 verhuis hy dus na Stellenbosch waar hy onder andere

Grosskopf, Pierneef en Sangiro leer ken. Hier skryf hy en illustreer sy werke self, en in opdrag van Nasionale pers illustreer hy ook boeke van Sangiro.

'n Juweel uit die vroeëre Suid-Afrikaanse letterkunde wat vir die jeug geskik is, is Aschenborn se werk „The life story of a gemsbuck," uitgegee in 1921 en geïllustreer deur die skrywer.

Soos in die geval van Caldwell, het ons hier weer met 'n ware kunstenaar te doen. Omdat Aschenborn langer as Caldwell in Suid-Afrika was voordat hy begin illustreer het, het hy 'n beter kennis opgedoen van dier en veld. Dit blyk



THE LIFE STORY OF A GEMSBUCK

uidelik uit die sketse wat hierdie boek versier, want met enkele penstrepe skets hy 'n dier of 'n boom. Hy suggereer meer as Caldwell en gee minder detail.

Besonder dekoratief en treffend is die versiering op die skutblaaie van die boek: rye gemsbokspore in groottes wat wissel loop skuins na bo en na links. Aschenborn vind skoonheid in die kleine en fyne en in die eenvoudigste vind hy dekoratiewe waarde. Hierdie skutblaaie dra by tot die eenheid van teks en illustrasies.

Treffend is verder die wyse waarop Aschenborn die gedrukte woord en illustrasies 'n geheel maak deur die twee te laat vervleg. Bladsy 16 is 'n goeie voorbeeld daarvan. Daarom kan die tekeninge ook nie in die ware sin van die woord kanttekeninge genoem word nie. By die tekening van die aasvoël dien die tak waarop dit sit om die teks en illustrasie te verbind. Let op die twee verskillende tegnieke wat Aschenborn gebruik om die aasvoël en die jakkals uit te beeld. By die aasvoël gebruik hy lyne om lig en skaduwee aan te dui, terwyl die jakkals met kort gebroke lyne geteken is sonder die aanduiding van lig en skaduwee. Aschenborn se werk kan, wat die styl betref, impressionisties genoem word. Die gemsbokkop en horings balanseer die uitgestrekte lyf van die jakkals. Die agtergrond word net gesuggereer deur enkele lyne. 'n Effek van droë, yl bossies word sodoende geskep. Die teks eindig op hierdie bladsy redelik hoog, sodat daar genoeg ruimte



did not return, he decided to act on his own impulse, and all afternoon he wandered through the veld, through bush and "omurambas" searching for her. But in vain. Night fell and, tired and worn out, our young friend lay down under a camel-thorn tree and was soon fast asleep.

Scarcely had day dawned, but he continued his quest, and the sun had only just risen when he noticed a number of large birds flying above a well-known pan and settling on the surrounding trees. Cautiously he approached the water below the wind—just as he had been taught by his mother. The earth around a large ant-heap showed signs of a struggle, a few bones lay scattered about, and a jackal, who was by no means disturbed by the gemsbuck's presence, was busy dragging a skull with a few shreds of flesh on it to an otjimbuku bush. The horns he recognised as those of his mother. Slowly he turned away. Henceforth he would be dependent entirely on himself.





gelaat word om die tekening in te pas wat andersins ingedruk sou gelyk het. Die rangskikking van teks en illustrasies maak die bladsy 'n harmonieuse geheel.

'n Illustrasie wat sterk herinner aan die werk van 'n moderne Adolph Jentsch, is dié van die trop gemsbokke by die voorwoord op bladsy 1. Die oog word gevang deur die sierlike horings wat bo die massa lywe uitstaan. Hoewel die voorgrond (miershope, klippe, gras) net gesuggereer is met

obtained not only in my immediate neighbourhood but even as far as the interior of the Kalahari.



THE LIFE STORY OF A GEMSBUCK

enkele penstrepe, verleen dit tog diepte en word die oog juis, deur gebrek aan besonderhede op die voorgrond, gelei na die middelpunt van aandag - die gemsboktrop. Aschenborn slaag weer daarin om die dorheid en armoedige plantegroei van die noordwestelike deel van die land hier te laat lewe.


In hierdie werk verskyn daar ook enkele kleurafdrukke en swart-en-wit tekeninge wat die hele bladsy beslaan. Laasgenoemde toon dieselfde kenmerke as die kleiner tekeninge. Die kleurafdrukke is egter nie so spontaan as die pentekeninge nie. Die fynheid van lyn is hier natuurlik nie moontlik nie as gevolg van die medium, en die kleurgebruik is ietwat verbeeldingloos. 'n Uitsondering is egter die kleurafdruk teenoor bladsy 12. Dit stel 'n drietal gemsbokke voor wat naby 'n pan in die maanlig wei. Verskillende skakerings van blou en geel gee aan hierdie afdruk 'n besondere bekoring.

Omdat hierdie boek nie meer in die handel beskikbaar is nie en uiters seldsaam is, het redelik min kinders nog daarmee kennis gemaak. Dit kan egter geniet word deur veral seuns van twaalf jaar en ouer. Omdat daar baie feite gegee word, sal volwassenes natuurlik ook waarde daaruit kan put. Buitendien is die beskrywings so goed, dat dit ook vir ontspanning gelees kan word. Hoewel die illustrasies besonder talryk is, bly dit (anders as by die prenteboek) nog maar net aanvulling by die teks. Dit is geen gebrek nie, want die ouderdomsgroep waarvoor dit geskik is, verg niks meer nie.

'n Tweede boek van Aschenborn wat deur homself geïllustreer is, is „Die Adelaar en ander dierverhale." Hy vertrek in 1920 na Kiel om verder te studeer in die etskuns, en tydens sy verblyf daar skryf hy hierdie boek (in Duits) om sy

verlange na sonnige Suid-Afrika te stil. Dit is later in Afrikaans vertaal deur Sangiro.

Die illustrasie in hierdie werk toon die ontwikkelingsgang in sy kuns. Dit maak 'n meer afgeronde en netjieser indruk. Sy werk is nie meer so impressionisties nie, en juis as gevolg hiervan boet hy baie van sy spontane siening in. Weg is die indruk van natuurlikheid. Sy lyne is té geordend om by die tema, naamlik die wilde dierelewe, te pas. Vergelyk hiervoor die skets bo-aan die verhaal. „Die Adelaar" (bladsy 11). Hier is daar niks wat die majesteit en vaart van hierdie roofvoël aandui nie. Die kranse waarop die voël sit, het geen duidelike vlakke nie sodat daar geen spel van lyne is nie. Die vlakke word aangedui deur enkele lyne, wat as gevolg van eweredige breedte nie die indruk skep van afstand of diepte nie. Die geheelindruk is baie netjies, maar die gevoel van intiemheid wat sy vorige sketse gekenmerk het, ontbreek hier. Die skets van die adelaar is suiwer gedoen; die lyne is sterk en die tekenwerk goed. Maar lewe ontbreek.



DIE ADELAAR

Selfs die voëls op die horison laat die adelaar nie volkome saamsmelt met sy omgewing nie. Die tekening het bloot dekoratiewe waarde.

In hierdie werk maak Aschenborn ook gebruik van volblad-illustrasies in monotoon. Die kleur is gewoonlik bruin. Sommige van hierdie afdrukke is werklik minder geslaagd, soos die een van die wildekat teenoor bladsy 80. Die houding van die kat, wat aan die stam vasklou, toon geen inspanning om sy posisie te behou nie. Dit lyk eerder of die kat die verkleurmannetjie oor die kop streel in plaas van vang om op te vreet. 'n Interessante volblad-illustrasie is dié teenoor bladsy 48, waar twee swartwitpense teen die agtergrond van kranse en berge geskets word. Hierdie werk toon 'n sterk neiging na die kubisme en herinner effens aan 'n Pierneef! Die spel van lig en skaduwee op die kranse skep 'n goeie balans.

Die boek is geskik vir seuns bo die ouderdom van tien jaar. Hulle hou van verhale oor diere en die natuur. Daarom sal dit in die smaak val. Die illustrasies is ook realisties genoeg om hulle te bevredig.

Tipografies word nie so 'n hoë mate van eenheid bereik as in die voorafgaande boek nie. Hoewel dit die gemiddelde leser seker nie veel sal hinder nie, doen dit tog afbreuk aan die waarde vir die kenner.

Aschenborn het ook boeke van ander skrywers ge-illustreer. Die belangrikste hiervan is die werke van Sangiro.

Die bekende uitgawe van „Uit oerwoud en vlakte" bevat 'n hele aantal illustrasies deur Aschenborn, waarvan sommige meer geslaagd is as andere. Besonder sprekend is die lang, smal tekeninge aan die begin van hoofstukke. „Die Lotgevalle van 'n leeufamilie" word ingelui met 'n skets wat tipies



UIT OERWOUD EN VLAKTE



Aschenborn is. Die sketsie is met 'n dik, swart lyn omraam, en dit kontrasteer mooi met die fyn, impressionistiese tekening van sebras. Slegs 'n paar bome op die agtergrond suggereer die bosveld, en die diere wat in besonderhede geteken is, vertoon goed hierteen.

Aschenborn gebruik ook 'n ander tegniek wanneer dit by die onderwerp pas. 'n Voorbeeld hiervan is die tekening van twee jagters wat in die nag met hulle gewere in 'n boom sit en wag. Die maan op die horison gooi 'n helder lig op die hoed en die gesig. Daarteen lyk die krom takke van die boom des te swarter en indrukwekkender. In hierdie illustrasie is daar geen skerp lyne, geen suggerering van oop ruimtes en ver vlaktes nie. Die swaar vlakke van boom en mens dui die donker van die nag aan. Dit word beklemtoon deur die silwer lig van die maan. Aschenborn slaag daarin om die atmosfeer van die nag te laat leef.

Die monumentale kom baie mooi uit in 'n ander nagtoneel, naamlik dié een waar die leeumannetjie by die renosterkarkas is. Let op die bonkige vorm van die dooie renoster. Die swaar kop lê op die grond, die massiewe lyf verdwerg die leeu wat half bo-op geklim het. Die opkomende maan verlig die kop van die leeu. Die berg staan swart uit teen die lug en verhoog die atmosfeer van spanning, so tipies van die nag in die bosveld.

Die boek is geskik vir die jeugdige leser wat van avon-

tuurverhale en verhale oor die natuur en diere hou. Hoewel die illustrasies nie op 'n besondere wyse geïntegreer is met die teks nie, gee dit tog die atmosfeer mooi weer en sal dit in hierdie opsig vir die leser waarde hê.

„Op Safari", van Sangiro, is ook geïllustreer deur Aschenborn. Hier word die leser verplaas na Oos-Afrika.



HOOFSTUK II.

MOMBASSA, DIE LAND VAN DIE LOTUSETERS.

OP SAFARI

HOOFSTUK X.

HIËNAS.



Saam met Sangiro slaag Aschenborn daarin om die regte stemming te skep. Hier word die toneel dikwels verplaas van die bosveld na die tipiese Oos-Afrikaanse kus. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die tekening by die begin van hoofstuk II: „Mombasa, die land van die lotuseters." Die indruk van die trope is hier baie beeldend geskets.

Die lug is 'n donkerder skakering as die water, sodat die glinstering van die spieëlgladde water opval. Grasieuse palmbome en 'n seilboot beklemtoon die stemming. Die spel tussen lig en skaduwee en die weerkaatsing van bome in die water skep die regte atmosfeer.

Aschenborn gebruk 'n besonder styl in die tekening by die begin van hoofstuk X: Hiënas. Hierdie litografiese werk het 'n oneindige verskeidenheid skakerings wat die hele toneel van hardheid ontbloot. Skrywers praat soms van die donker wat iets „sag omvou". Dit is presies die indruk wat hier geskep word.

Aschenborn se belangstelling het in die natuur en in die dierelewe gelê. Hy beeld dit uit deur middel van verskeie tegnieke. Sy linosneë is hard in vergelyking met sy ander werke, maar nie so hard as wat houtsneë sou gewees het nie. Sy etse is liniêr, en dit beeld juis die meedoënloosheid en hitte van die veld goed uit. Daar is egter ook 'n sterk dekoratiewe element hierin wat die aanskouer bekoor. Sy litografieë is sag, stemmingsvol. Sy illustrasies doen oor die algemeen direk aan. Dit is uitdrukkingsvol en terselfdertyd stemmingsvol. Hy beeld die fyne uit en ook die monumentale. Hy beeld die lig en die donker van die veldlewe uit: die vreedsame en die tragiese.

Hierdie werke is in teks en in illustrasie tipies Suid-

Afrikaans. Die jeugdige leser sal hou van die episodes uit 'n tyd wat reeds verby is. Die avontuurlike en romantiese van die oop ruimtes sal tot die jong hart spreek.

As Aschenborn se kuns as boek-illustrasies beoordeel word, blyk die volgende: dit is informatief, want dit verbeeld die geskrewe woord; dit is stemmingsvol en sluit aan by die atmosfeer van die verhale; dit stimuleer die verbeelding want die romantiese en misterieuse laat dikwels die realistiese op die agtergrond tree; dit sluit wel aan by die gedrukte woord maar vorm nie altyd 'n geïntegreerde deel van die geheel nie. Dit neem die vorm aan van goeie toevoegings maar is nooit essensieel vir die sukses van die boeke nie.

Vanaf 1929 tot in die dertigerjare verskyn die welbekende diereboeke van G.C. en S.B. Hobson. Hierdie werke is tans nog baie gewild onder kinders, al is die boeke al bykans veertig jaar oud! Dit bied 'n objektiewe siening van die dierelewe, veral in die woestynstreke van ons land. Die Hobsons is Engelssprekend maar skryf in Afrikaans, omdat hulle die tipies Suid-Afrikaanse beter kan uitbeeld in die Afrikaanse taal. Nie al die boeke van die Hobsons is geïllustreer nie, maar die illustrasies in die wat wel geïllustreer is, is van so 'n middelmatige gehalte dat die boeke wat geen illustrasies bevat nie, nie juis vir die leser minder aantreklik is nie. „Kalahari kaskenades" verskyn in 1929 en bevat 'n gekleurde titelplaat en vyf prente

in swart en wit, gedoen deur William M. Timlin. Die siening is tot 'n groot mate verbeeldingloos. Die illustrasie op bladsy 25 toon die bobbejaan wat op 'n tamboer die lug in vlieg. Beweging word gesuggereer deur lyne om die tamboer en die bobbejaan. Die landskap onder word vaagweg aangedui. Dit is 'n pen-en-ink tekening waarin die figuur van die bobbejaan duidelik uitstaan

KALAHARI

KASKENADES



teen die ligte agtergrond. Die bobbejaan en tamboer is in detail geteken, en veral die pote van die dier sal die verwondering van kinders gaande maak. Hierdie skets herinner sterk aan

die latere werk van T.O. Honiball. Die bobbejaan is feitlik 'n karikatuur, en dit pas goed aan by die stemming van die verhaal - daar word spot gedryf met die bobbejaan wat, as gevolg van die nukke van die tamboer, telkens in benoudheid verkeer.

Nog minder geslaagd is die tekeninge van Timlin in



KEES

„Kees", deur dieselfde skrywers. Slegs 'n paar illustrasies „versier" die teks, almal volblad-pentekeninge. Die illustrasie op bladsy 17 toon 'n trop bobbejane wat op 'n rotslys vasgekeer word deur twee luiperds. Die rotse word op 'n oortuigende wyse geskets, met mooi kontraste van sonlig en skaduwee. Die droë takke van 'n struik aksentueer die barheid van die rotse.

Die twee luiperds is eweneens mooi uitgebeeld: die houding van die lywe, die oopgesperde kake, alles dui daarop dat die luiperds verwoed is. In teenstelling hiermee is die trop bobbejane staties. Geen emosie of beweging word aangedui nie. Volgens die illustrasie lyk dit nie of doodsgevaar hulle bedreig nie. As gevolg van hierdie kalm voorkoms van die bobbejane spreek die skets nie tot die leser nie. Dit word bloot visueel waarneembaar, sonder om enige gevoel of gewaarwording te laat ontstaan.

Die eerste uitgawe van „Skankwan van die duine" in 1930 is geïllustreer deur C.E.B. Cooper. Die tekeninge van Boesmans wat in hierdie werk voorkom kan nie vergelyk word met die gehalte van die teks nie. Die figure is onoortuigend geteken. Die tipiese Boesmanfiguur word nie weergegee nie. Dit kon net sowel enige nie-blanke wees. Die agtergrond is dikwels verwarrend en beklemtoon nie die hoofidee op die voorgrond nie.

„Buks" van die Hobsons verskyn in 1930, en die illustreerder is weereens Cooper. Sy werk is nog niksseggend, maar daar is darem al 'n verbetering te bespeur wat die tegniek betref: die tekeninge lyk nie so volgeprop met allerlei detail nie.

In 1945 verskyn die Hobsons se „Vlam van die Bantom-

berge", ook geïllustreer deur Cooper. Alhoewel die meeste van die illustrasies nog amateuragtig lyk, is daar tog enkeles wat bebevredig, veral as in aanmerking geneem word dat dit meer as twintig jaar gelede verskyn het, 'n tyd waarin illustrasies self in plaas van die gehalte daarvan al as 'n prestasie van die uitgewer beskou is. Op die titelplaat verskyn vier wildehonde in



die veld. Cooper slaag daarin om beweging baie mooi uit te beeld. Veral die jong wildehond wat, met sy voorlyf gelig, opspring om te kan sien waar hy hardloop, is besonder geslaagd. Let op die uitdrukking van konsentrasie op die gesig. Dit is egter jammer dat die jong wildehond op die voorgrond, en ook

die op die agtergrond meer na mak honde lyk. 'n Kenner van die dierelewe van Suid-Afrika sal hierdie tekening nie oortuigend vind nie. Uit die kunsstandpunt gesien het dit egter wel waarde.

Die groot beswaar teen die illustrasies van Timlin en Cooper is dat dit wel verband hou met die inhoud van die teks, sonder om die gees daarvan weer te gee. Die boeke sal deur kinders geniet word van tien jaar en ouer. Die illustrasies sal egter min bydra tot die genot wat daaruit geput word. Dit is wel informatief, maar nie oorspronklik nie omdat die eie siening van die illustreerder nie na vore tree nie. Dit is doodgewoon, verbeeldingloos en, hoewel realisties, maak dit nie 'n egte indruk nie. Wat feite betref, hou dit wel verband met die teks maar dit vorm tipografies nie 'n geheel daarmee nie.

In die veertigerjare verskyn enkele boeke vir die kind en die jeugdige leser wat besonder goed geïllustreer is.

"Moeder Poulin" van G.H. Franz verskyn in 1946, en die illustreerder is niemand minder nie as die welbekende Suid-Afrikaanse kunstenares, Nerine Desmond.

Dit is die verhaal van 'n Bantoevrou, 'n getroue plaasbediende wat as'tware een van die huisgesin is en na wie die kinders opkyk met respek.

Die illustrasies bestaan uit klein pentekeninge wat eint-

lik maar die grootte van bladvullertjies het, enkele volbladtekeninge, 'n gekleurde titelplaat en versierde letters by die begin van die hoofstuk.

Die doel van die kleiner tekeninge is in die eerste plek om dekoratief te wees, en dit vind ons wel in die werk van Nerine Desmond. Sy gee voorkeur aan die halfsirkelvorm en skep 'n fyn afgewerkte, netjiese afbeelding in 'n baie beperkte ruimte. Een van die mooistes vind ons onderaan bladsy 110. Dit stel 'n troppie beeste voor wat deur 'n wagter aangejaag word. Die wolkemassa op die agtergrond versag die strak lyne van die diere se rûe, en die horings is dekoratief teen die wit van die wolke. Die lopende figuur van die beeswagter gee dinamiek aan die beeld, en die geboë lyn van die sweep verleen grasie. Lig en skadu vorm kontras, en die geheel is besonder netjies afgewerk.

MOEDER POULIN



Die hoofkarakter, moeder Poulin, word op verskeie plekke afgebeeld, maar nêrens so sprekend as op die laaste bladsy nie. Die ou vrou is teen 'n ondergaande son op pad na

haar rusplek. Die geboë figuur met die kierie in die hand is 'n sprekende beeld van die ouderdom. Sy is 'n karakter wat nog net op herinnerings leef. Die son is besig om vir haar onder te gaan. Haar lewenstaak is afgehandel en sy keer terug na haar plek, weg van die blankes wat sy haar lewe lank gedien het. Die pappot, kleipot en kalbas suggereer haar terugkeer. Nerine Desmond slaag daarin om op 'n baie klein oppervlakte werklik tot die gevoel te spreek.



MOEDER POULIN

Ook in die volbladtekeninge is Nerine Desmond 'n meesterlike uitbeelder van die menslike figuur. As voorbeeld hiervan kyk ons na die tekening op bladsy 117. Dit toon twee Boere op Kommando, Jannie en Diel, wat in gietende reën op hulle perde voort sukkel. Die geboë hoofde beklemtoon die ongemak wat hulle moet verduur as gevolg van die nattigheid. Die reën word aangedui deur enkele lyne wat in 'n diagonale rigting loop. Die wind kom van agter en buig die gras en bossies oor na regs. Die geboë nekke van die perde en die ronding van die lywe beklemtoon dat ook die diere aan wind en reën blootgestel is. Die rotse neem kubistiese vorms aan, en selfs

die mensfigure en dié van die perde is sterk stilisties geteken.

MOEDER POULIN



Die swart gedeelte wat die lug en wolke omraam, skep 'n indruk van dreigende onweer. Hierdie vegters is moeg: moeg vir die oorlog en moeg vir die ontberings.

Besonder dekoratief is die versierde letters by die eerste woord van elke hoofstuk. Die letter self is nie 'n sierletter nie maar dit bevat as agtergrond 'n prentjie so groot soos 'n posseël, wat iets van die verhaal weergee. Hier tref die

besonderenetheid waarmee die pentekening uitgevoer is.



MOEDER POULIN

As voorbeeld neem ons die een op bladsy 145. Die verhaal word vertel van moeder Poulin en Moletwa wat na die konsentrasiekamp gaan om die vrou van die plaas en die dogter te besoek. Die prentjie toon Moletwa wat doelbewus stap.

Dit ly geen twyfel nie dat Nerine Desmond se kuns hom leen tot illustrasie van boeke. Die feit dat sy die fyne en die mooie beklemtoon, maak haar by uitstek geskik om boeke vir kinders en jongmense te illustreer. Hierdie boek sal veral geniet word deur seuns en dogters van tien jaar en ouer. Die illustrasies stem ooreen met die feite in die teks. Dit weerspieël die regte atmosfeer. Dit is dekoratief. Maar dit is veral die plasing van illustrasies en teks en die natuurlike inskakeling van die illustrasies by die teks wat meebring dat hierdie boek tipografies 'n beter indruk maak as dié van die dertigerjare wat bespreek is. Die realistiese, romantiese en stemmingsvolle gaan hier hand aan hand. Daarom sal seuns én dogters daarvan hou.

'n Boek wat in 1946 gepubliseer is, naamlik „Bantu folk tales" deur Jessie Hertslet, bevat illustrasies deur Joyce Wallis. Dit bestaan uit sewe verhale, en by elke verhaal is

daar verskeie linosneë.

Die eerste verhaal „Nurseling of the waves" is 'n







verhaal vol donker magte en toordery. Die donker, misterieuse atmosfeer word weerspieël deur die linosnee op bladsy 4 waar die grootste deel van die illustrasie in donkerbruin afgedruk is. Slegs die buitelyne van die figure is in wit, met enkele ligte aksente op die kleredrag. Die kunstenaar slaag uitmuntend om 'n uitdrukking van afwagting op die gesigte van die omstanders te skep. Daar is niks fyns en eteries in hierdie illustrasie nie, want dit pas aan by die verhaal wat swaar en aards is. Ten spyte van die onheilspellende element is die illustrasie tog ook dekoratief en dus 'n versiering vir die boek! 'n Besonder geslaagde linosnee versier die verhaal „Seven birds and seven boys." Dit is die verhaal van die groot koning, Felelwa, wat sewe seuns op die slagveld verloor het. Die seuns se geeste verander in voëls, en die verhaal vertel hoe die jongste broer, wat alleen oorgebly het, en ses ander jongmans, die voëls gaan vang. By hul terugkeer verander die voëls weer in die seuns en is almal bly en gelukkig.

Die illustrasies by hierdie verhaal is besonder dekoratief. Die een op bladsy 18 toon die jonger broer met die pragtige voël wat hy gevang het. In breë, sterk vlakke word die mensfiguur gebeeld, en die lang, wuiwende vere van die wondervoël maak 'n indruk van grasie. Dit word verder verhoog deur die gekromde nek en kop. Die vlerke vorm die twee boonste hoeke van die illustrasie, sodat daar 'n natuurlike ingeslotenheid in die ruimte is.

Op p.22 sien ons een van die kannibale wat die sewe jongmanne betrap terwyl hulle skuil. Let op die gesig wat soos 'n primitiewe masker uitgebeeld is en die idee van die primitiewe mens verder beklemtoon. Die ewewydige lyne wat die kante van die hut weerskante van die opening aandui, harmonieer met die ewewydige lyne van die lendekleed en die baard. Hier is genoeg kontras tussen lig en donker. As gevolg van die geordendheid is die skerp kontras, wat so kenmerkend is van die linosnee, nie verwarrend nie. Hoewel hierdie illustrasies in die eerste plek bedoel is om dekoratief te wees, sal dit tot die leser spreek omdat dit 'n sekere atmosfeer adem. Almal wat van die bonatuurlike in 'n verhaal hou en in staat is om dit te lees, sal dit geniet. Dit kan egter ook voorgelees word aan kinders wat self nog nie so goed kan lees nie, want die taal is betreklik eenvoudig en maklik verstaanbaar. Die illustrasies is egter nie eenvoudig genoeg vir die kind wat nog nie self kan lees nie. Dit is nie dat daar te veel detail voorkom nie, maar die ruimte is so in beslag geneem deur lyne en vlakke dat die kleiner kind nie alles sal kan ontsyfer nie. Dit spreek van die sinistêre en die primitiewe, daarom sal kinders dit miskien nie so goed kan waardeer nie. Maar dat dit die atmosfeer mooi weergee en ook kunswaarde het, is nie te betwyfel nie.

In 1947 verskyn „Katinka" van Aletta Steyn, geillustreer deur Renée Hughes. Die werk handel oor 'n dogtertjie vandat sy agtien maande oud is totdat sy na die kosskool vertrek. Die tema is wel geskik vir die kind, maar die boek is in die vorm van 'n vertelling deur die moeder, sodat dit eintlik haar gedagtes en gevoelens is wat aan die boek diepere betekenis gee. Kinders,



KATINKA

veral groter dogters, en volwassenes sal dit dus geniet. Die illustrasies is „mooi" met die mooiheid van 'n baba. Die skets op bladsy 10 het 'n sagte tekstuur. Daar is geen skerp kontraste nie. Dit toon Katinka waar sy slaap. Die gesiggie is weggedraai van die lig, asof sy in haar slaap haar rug op die gewoel van die wêreld keer. Dis 'n intieme toneeltjie wat op 'n intieme manier weergegee is. Dit pas by die mymeringe van die moeder terwyl die kindjie slaap. Die tekenwerk is goed

en die geheel maak 'n afgeronde indruk. Illustrasies én teks skep dus dieselfde atmosfeer, en dit is geskik vir dogters van twaalf tot veertien jaar wat die dromerige atmosfeer sal waardeer.

Uit die voorafgaande aantal boeke blyk dus dat die gehalte van kinderboekillustrasies gedurende die veertigerjare gewissel het: soms is die illustrasies losstaande; soms vorm dit 'n integrale deel van die boek - innerlik en uiterlik. Ook in die volgende dekade kry ons hierdie teenstelling, want die pas afgelope Wêreldoorlog het ook op hierdie gebied 'n insinking teweeg gebring.

HOOFSTUK III: DIE VYFTIGERJARE

Na die Tweede Wêreldoorlog is daar in Europa en veral Amerika 'n vervlakking van standaard te bespeur wat boekproduksie betref. Dit blyk duidelik uit die groot aantal sagtebande, strokiesprente en kinderboeke met illustrasies in banale kleure. Hierdie vervlakking was die gevolg van massaproduksie, want daar is baie beskadig en vernietig wat weer opgebou moes word, en dus was daar nie tyd oor om, soos vroeër, individueel te beplan en te produseer nie.

Hier in Suid-Afrika het die ingevoerde produk dus ook 'n minderwaardige gehalte gehad. In teenstelling hiermee is die klompie kinderboeke wat plaaslik gepubliseer en van goeie gehalte is, dus nog prominenter. Dit is veral in die jare na 1950 dat hier in Suid-Afrika tot die besef gekom word dat die goeie kinderboek ook goeie illustrasies moet bevat. Illustrasies begin nou die regmatige plek inneem in kinderboeke omdat hoër eise gestel word. Nie meer enige illustreerder nie, maar veral goeie illustreerders word gekies om kinderboeke te illustreer. Gaandeweg word besef dat illustrasies nie nét as versiering moet dien nie, maar dat dit 'n waardevolle uitdrukkingsmiddel is om atmosfeer weer te gee.

'n Boek wat in hierdie tydperk verskyn en wat uitstekende leesstof vir die jeug bied, is „Jaffie, 'n eselsromanne-

tjie," deur Eitemal. Die nederigheid van die esel word paslik uitgebeeld. Die leser beleef elke gelukkige en ongelukkige oomblik, ook waar oom Vaaltyn vertel van die geboorte van Christus en die gewaarwordinge van die diere tydens die groot gebeurtenis.

Die boek bevat pentekeninge deur die bekende kunsskilder, François Krige. Die meeste van die tekeninge kan bladvullers genoem word, hoewel dit nie noodwendig aan die einde van die bladsye voorkom nie. Hier en daar is daar ook 'n tekening wat 'n halwe bladsy vul. Die illustrasie op bladsy 7 toon twee esels, Jaffie, die jong eseltjie, en Oom Vaaltyn. Krige slaag daarin om hier met ekonomie van lyn 'n toneeltjie te skep wat tot die leser spreek. Die uitdrukking van gelatenheid op Oom Vaaltyn se gesig spreek boekdele. Oom Vaaltyn „se oë is nog rokerig van die omdop", in die skrywer se woorde. Is Oom Vaaltyn nie 'n beeld van al die verlatenheid en verstotendheid van „donkie-wees" nie? Krige skilder geen agtergrond nie, omdat dit nie essensieël is nie. Die deurmekaar maanhaar word net met enkele penstrepe aangedui, en selfs die hoewe is nie volledig geteken nie. Dit bring juis mee dat die twee diere nie los in die lug hang nie. Jaffie het kwaad gedoen, en die wyse waarop hy hom teen Oom Vaaltyn aanvly, toon sy berou, „asof hy van nederigheid wil wegsink in die aarde". Die kunstenaar slaag hier met die komposisie. Die een kyk na links, die ander na regs. Dit bring mee dat die leser se oog gevange

JAFFIE, 'N ESELSROMANNETJIE







gehou word deur die illustrasie sonder om te ver na die linker- of regterkant te gaan. Die plasing van die twee figure balanseer mekaar en laat die illustrasie 'n afgeslote geheel vorm.

Krige skep die atmosfeer van die landstreek in sy sketse. Ons vergelyk vir hierdie doel twee sketse, naamlik dié van die kafferstrooise (op bladsy 14) en dié van die dorpie in Egipte (op bladsy 70). In die skets van die strooise verkry hy deur middel van die horisontale vorm van die tekening 'n indruk van ruimte.

Daar is geen aanduiding van lig en skaduwee nie. Slegs buitelyne word gegee, en die eenvoud van die illustrasie gee die stemming van rustige eenvoud baie mooi weer. Die rustigheid van die toneel word verder verhoog deur die grasie van die enkele mensefiguur. Die houding van die liggaam dui aan dat die Bantoevrou aanstap - sonder om haastig te wees. Krige gebruik dieselfde tegniek in die volgende tekening, maar hier is die formaat groter, omdat die geboue hoër is. Hoewel hy niks in besonderhede teken nie, skep hy tog die indruk van beknoptheid soos in 'n outydse stadjie. Die klein venstertjies en hoë balkonnetjies skep die regte atmosfeer. Die mense en diere op die voorgrond toon geen rustigheid nie, maar wel die bedrywigheid wat daar heers. Dit is juis as gevolg van die min detail dat die figure nie „afgebaken" lyk nie. Dit lyk asof daar baie meer figure is as wat die geval is. Die atmosfeer van

die Midde-ooste word baie goed weergegee deur die diere en die mense.

Hierdie boek bevat 'n diepere betekenis. Die illustrasies is ook nie oppervlakkige werk nie. Dit doen geen afbreuk aan die betekenis van die teks deur die aandag af te trek nie, want te veel detail sou die aandag van die leser verdeel het. Dit is juis in die suggestie wat die waarde van die illustrasies lê. Hierdie boek sal deur jeugdiges en volwassenes geniet word, wat teks en illustrasies betref. Dit bied baie om oor na te dink en die jeugdige is al ryp genoeg om waarde uit die boek te put. Die egtheid van die illustrasies sal die jong leser nog verder laat meeleef.

„Masilo se oorwinning" van G.H. Franz verskyn in 1957, met tekeninge deur Barbara Tyrell. Die illustrasies is pentekeninge en het hoofsaaklik dekoratiewe waarde. Bo-aan elke hoofstuk verskyn 'n tekening wat as tema naturellemotiewe het. Dit is eintlik nie voorstellings van episodes uit die verhaal nie. Voorwerpe soos kleipotte, kalbasbekers, houtlepels en tamboere tesame met motiewe wat naturelle gebruik om hulle hutte te versier, word saamgevoeg om 'n versiering by elke hoofstuk te vorm. Besonder geslaagd is die illustrasie by hoofstuk 7. Hier word 'n kleipot, bakkies uit hout gesny en 'n dekoratiewe strook saamgevoeg. Die driehoekontwerp op die

houtbakkies, op die kleipot en op die strook vorm 'n geheel. Daar is geen spel van lig en skaduwee nie, maar die kunstenares maak tog gebruik van kontrasterende wit en swart vlakke wat perspektief aan die skets gee. Let veral op die swart gedeelte onder die kleipot en sommige bakkies wat dit nie net tot 'n geheel saamsnoer nie, maar ook mooi kontrasteer met die wit daarvan. Die horisontale lyn van die dekoratiewe strook volg min of meer die breedte van die gedrukte teks. Tipografies skakel illustrasie en teks dus in hierdie geval mooi aaneen. Die tekenwerk is skoon, die lyne en vlakke suiwer, sodat dit 'n besonder netjiese, afgewerkte indruk laat.



MASILO SE OORWINNING

Barbara Tyrell maak ook soms gebruik van lig en skaduwee in hierdie illustrasies, soos in dié een op bladsy 5. Die tema is 'n naturellekraal, met hutte en ringmuur.



MASILO SE OORWINNING

Let op die verblindende wit van die son op die trappies by die

ingang, en die diep skaduwees daaronder. Die gedekte dakke van die hutte toon ook die skaduwees aan die een kant. Besonder dekoratief is die droë boompie op die voorgrond, so ook die bome in silhoeët op die agtergrond. Die samebindende faktor in hierdie illustrasie is die versiering op die muur en die ingang. Dit is nie alleen die wit en swart van die ontwerp wat die wit en swart van die res van die tekening 'n eenheid maak nie, maar dit is ook so geplaas dat dit die hutte tot 'n geheel saambind.

Die illustrasies in hierdie boek dien nie in die eerste plek om informasie te gee nie, maar wel om as versiering te dien en die regte atmosfeer te skep. Omdat versierings op kleipotte, ringmure en hutte geteken word, herinner hierdie illustrasies nogal aan Bantoekuns. Omdat die tekeninge uit swaar, dik lyne en sterk vlakke bestaan, is daar niks fyns daaraan nie. Die jong leser sal nie geroer word by die aanskoue daarvan nie, maar dit was ook nie die bedoeling nie. Omdat dit so mooi aanpas by die gedrukte woord, dien dit slegs as versiering om die fisiese voorkoms van die boek te verbeter.

In 1958 verskyn 'n boekie vir die heel kleintjies, naamlik "Babet vertel", met illustrasies van Nan Rowley. Elk van die ses verhaaltjies is ryklik geïllustreer. Nan Rowley besit die vermoë om dinge te sien deur die oog van die kind. Sy beklemtoon deurgaans dît wat vir die kind opvallend is. Haar

sketse is groot en duidelik. In 'n paar gevalle is dit volblad-sketse en in sommige gevalle vul die sketse die boonste gedeelte van 'n dubbelbladsy.

Een van haar sprekendste illustrasies verskyn by die woorde

„Die kat is dood, O, O,
ou Snortjie sê tog so..."



BABET VERTEL



Dit toon 'n klompie muise wat, nes kinders, in die rondte dans van blydskap. Die illustrasie bestaan uit tien klein muisies, en nie twee van hulle is in dieselfde posisie geteken nie. Terwyl die uitdrukking op een se gesig dié van ekstase is, is ander verwonderd, ander glimlag, ensovoorts. Die skets is in swart en wit. Daar is geen groot swart oppervlaktes nie, want dit sou die atmosfeer van vrolikheid bederf het. In teenstelling hiermee bestaan die illustrasie daarnaas uit groot donker oppervlaktes, want hier dreig gevaar: die groot swart kat bekruip die tien klein muisies. Die gespanne aandag van die kat word baie mooi uitgebeeld deur die gespitste ore wat na vore wys, in die rigting van die dansende muise. Hierdie illustrasie is in hoofsaak 'n silhoeët. Dit gee die atmosfeer van die verhaal dus weer soos die kind dit aanvoel: die vrolikheid van die dansende muise, die gevaarlike houding van die kat. Dit laat die kind meeleef, omdat die betekenis van teks en illustrasie ooreenkom. Ook tipografies is daar balans: die skets in donker tone is onderaan die bladsy; die skets sonder groot donker oppervlaktes maak 'n ligter indruk en is bo-aan die bladsy geplaas.

'n Mooi volbladillustrasie verskyn by die verhaal „Die gemmerbroodmannetjie." Dit toon die gemmerbroodmannetjie op 'n heining waar 'n koei staan en wei. Die koei is baie realisties geteken. Die heining loop met 'n effense boog na regs en omraam die koei wat staan en herkou.



BABET VERTEL

Aangesien hierdie 'n vrolike verhaaltjie is, word min swart gebruik. Die uitgestrekte armpies van die gemmerbroodman skep die indruk asof dit nou net op die heining gespring het.

Nan Rowley weet hoe om die aandag van die kind te trek. Saam met die muise is die kinders bang vir die kat. Daarom is die kat groot en swart. As die verhaal vertel van 'n groot raap, teken Nan Rowley die raap byna so groot soos oom Koos. As die pappot oorloop tot op die vloer, loop dit nie in 'n dun straaltjie nie, maar sommer soos 'n rivier. Omdat kinders dikwels iets sien in die oortreffende trap, teken Nan Rowley dit so.

Die indruk is dat hierdie boek nie 'n gewone, geïllustreerde boek is nie. Dit staan veel nader aan 'n prenteboek. Teks en illustrasie sorg deur fisiese voorkoms en betekenis vir balans. Ook die omslag gee reeds informasie met betrekking tot die verhaal en dit gee ook die atmosfeer weer. Dit is dus jammer dat die illustreerder nie altyd die tekenvaardigheid openbaar wat nodig is om van hierdie illustrasies werklik iets besonders te maak nie. Voorbeelde hiervan is die hande op bladsy 21, die kat se poot op bladsy 7, ensovoorts. Dit doen afbreuk aan andersins verdienstelike illustrasies.

'n Reeks boeke wat besonder gewild is onder die kleinspan is die Huppel-boeke deur W.O. Kühne. Een daarvan, „Huppel verjaar", is in 1960 bekroon met die C.P. Hoogenhoutmedalje. Die reeks is geïllustreer deur Dorothy Hill Kühne. Dit verskyn in die laat vyftigerjare en in 1960.

Die verhaaltjie is puik. Dit bied aan die kind 'n vermenging van werklikheid en fantasie, en dikwels speel fantasie 'n groter rol as werklikheid. Die voorskoolse kind sal die fantasie geniet, en daar is genoeg van die realistiese vir die kind van vyf tot sewe jaar. Maar die illustrasies, hoewel nie swak nie, kan nie vergelyk word met die gehalte van die teks nie. Dorothy Hill Kühne is 'n kunstenares wat goed kan teken, maar haar illustrasies mis die sprankelende van die teks. Dit is, anders as die teks, 'n bietjie doodgewoon.

In „Vrolike Huppelkind" word Fiefman in die illustrasies baie geslaagd uitgebeeld. Wat veral tref is die uitdrukkingsvolle gesig. Fiefman toon elke emosie op sy gesig. Die bril wat hy dra gee aan hom daardie „groot-oog-kyk" wat so tipies is. In teenstelling met hom word Huppel self nie so oortuigend uitgebeeld nie. In die meeste van die sketse het Huppel óf 'n uitdrukkinglose gesig, óf 'n gesig wat as seunsgesig nie oortuig nie. Vergelyk hier die illustrasie op bladsy 9.

'n Besonder geslaagde illustrasie egter verskyn op bladsy 24. Dit toon Fiefman wat met 'n harde fluit die „motte van die bos en die motte van die vlei" roep. Die motte kom in 'n uitgerekte swerm aangevlieg na Fiefman toe, wat met sy een vinger wink en met die ander vingers fluit. Sy oë kyk strak na die motte, en uit pure gretigheid leun hy vooroor. Die agtergrond word net gesuggereer deur 'n paar bossies en takke.

In hierdie tekening kry ons beweging. Fiefman kom voor as 'n lewendige knaap, en die motte wat uit die verte verskyn gee 'n indruk van ruimte. Treffend is die samevoeging van teks en illustrasie op hierdie bladsy. Die tipe drukletter pas aan by die illustrasie; die illustrasie omvou die teks.

Sy oë rek groot en sy knieë knak, en hy mik vir die bek van die gat. Hy mik... en hy MIK... Maar kyk dan nou — hy kan geen lit verroer nie. Hy ruk en hy pluk en hy spartel en spook, maar dit help nou net mooi niks. Hy gryp in.



VROLIKE HUPPELKIND

Die Wolman is 'n karakter wat die verbeelding van die kind gaande maak. Op bladsy 23 is daar 'n illustrasie van die Wolman. Dit is 'n syaangesig. Hy staan met sy hande agter sy rug gevou, die hoed in sy oë getrek, en hy loer. Die wit oog wat so onder die rand van die hoed uitloer, sal enige kind laat kriewel van pure lekkerkry, want, al

Die Wolman

weet hulle die storie
is nie waar nie,
lyk die Wolman na
'n goedige en tog
skrikwekkende wese.
Die houding van die
Wolman toon wel
aan dat hy rustig
staan, maar die
loerende oog beteken
net éé n ding: oppas vir hom!



In „Huppel by die water" tree Dorothy Hill Kühne se eienskappe as illustreerder nog sterker op die voorgrond, naamlik dat sy skitter as uitbeelder van die karikatuur, maar sodra sy die alledaagse moet weergee, verval dit in niksseggendheid. 'n Goeie voorbeeld hiervan kry ons in die volbladillustrasie waar die Musiekman, Maraboe en Huppel saam uitgebeeld word. Musiekman met sy mantel en sy mus lyk eksentriek. Die halfvraende uitdrukking in sy oë toon dat hy anders as ander mense is. Maraboe, met sy bene soos twee riete, kyk in verwondering na Musiekman. Hierdie twee karakters pas in die bos en in die veld waarin hulle geplaas is. Huppel, daarenteen, het die gesiggie van 'n seuntjie wat mooi is, soos 'n popgesiggie mooi is. Hy pas nie in in die prentjie nie. Hierdie



HUPPEL BY DIE WATER

illustrasie is egter geslaagd omdat die musiekman wat die fokuspunt daarvan vorm, oortuigend uitgebeeld is. Die fantasie-karakters is oorspronklik, die ander karakters onoortuigend. Daar is baie detail en min word aan die verbeelding oorgelaat, maar by die fantasie-karakters is baie detail nodig omdat die leser gelei moet word tot 'n voorstelling daarvan. Dit is veral hierdie illustrasies wat waarde het. Daar is baie ander illustrasies wat taamlik verbeeldingloos is, soos dié op bladsy 30 van ou Horingsman en die voëls wat met hom wegvlieg; dié op bladsy 22 van Huppel wat met die ou man gesels; dié op bladsy 18 van Huppel en die visnet.

Wat egter van hierdie reeks boekies se illustrasies iets besonders maak, is die balans tussen die tipe drukletter en die illustrasies, die regte atmosfeer wat veral deur die illustrasies van fantasie-karakters geskep word en die feit dat die illustrasies dikwels dít beklemtoon wat vir die begripsvorming en waarderingsvermoë van die leser van vyf tot sewe jaar van belang is. Die illustrasies is nie in die eerste plek bedoel om dekoratief te wees nie maar om 'n inherente deel van die teks te vorm. Daarin slaag die illustreerder wel in die meeste gevalle.

HOOFSTUK IV: KATRINE HARRIES

Dit is nie altyd moontlik om 'n illustreerder te plaas binne 'n afgebakende tydperk nie, omdat illustreerders wat hulle sout werd is dikwels vir 'n groot aantal jare boeke illustreer. So 'n illustreerder is Katrine Harries. Sy illustreer reeds in die vyftigerjare en gaan tans nog voort daarmee. (Sy het een boek in die veertigerjare geïllustreer. Dit is egter nie tipies van haar werk nie en word later bespreek).

Wat gehalte betref is daar min verskil tussen die laat vyftigerjare en die vroeë sestigerjare. As dit nie was vir die groot opbloei in die sestigerjare nie, sou dit nie nodig wees om dié twee dekades in aparte hoofstukke te behandel nie. Katrine Harries vorm egter die brug tussen die vyftiger- en sestigerjare. Daarom word haar werk in 'n aparte hoofstuk bespreek.

Katrine Harries is in die eerste plek grafiesekunstenares. Sy is meester van die pentekening en daar is min kunstenaars wat die gehalte van haar werk kan ewenaar. Deur middel van lyn skep sy 'n egte, ware beeld, hoofsaaklik van mense. Daar is fyn nuanses in haar lyne. Waar sy van kleur gebruik maar, is dit monotoon. Haar werk is fyn en vol atmosfeer. Die onderwerpe wat sy kies, is nooit die grootse, die dramtiese of verhewene nie. Sy kies die kleine, die nederige. Haar geliefkoosde karakters is kinders, nie-blankes,

vet ou tannies, en sy betrag hulle op so 'n liefdevolle wyse dat die leser nie koud teenoor hulle kan staan nie. Daar is iets van die ware mens in al haar karakters: die skamerigheid van die kind, die lewenslus van die plaasdogter, die goedigheid by die volwassene. Omdat sy hierdie trekke in die karakters na vore bring, is daar 'n ongekunsteldheid en egtheid by haar werke wat dit laat lewe. Sy kies ook boeke waarvan die teks eg en ongekunsteld voorkom om te illustreer, want sy sê self: „Adapting the illustration to the theme and the character of the book is of course a necessity."[1] Sy stel ook 'n verdere eis: „The work must harmonize perfectly with the appearance of the page.."[2] Ook aan hierdie vereiste voldoen haar werk.

Dit is verder opvallend dat Katrine Harries enkele flitse of momente uit die verhale kies om te illustreer: 'n gesigsuitdrukking, 'n enkele figuur, 'n eenvoudige handeling. Dit hang saam met haar beskouing, waar sy van die illustreerder sê: „His contribution is not there to explain the content of the text, it should merely accompany it, stimulate the reading - and it should be able to stand on its own feet if taken out of the book."[3] Haar illustrasies vertel dus nie 'n verhaal nie, dit toon slegs aan

1. Harries. On book illustration, p.5.
2. Loc. cit.
3. Loc. cit.

die leser een vlugtige moment uit die verhaal. Dit is ook opmerklik dat haar illustrasies as kunswerke ook nog bestaansreg sou hê, selfs al vorm dit nie deel van 'n boek nie, maar dit is natuurlik nie 'n norm wat aan alle boekillustrasies gestel kan word nie. Sommige illustrasies poog immers juis om die teks makliker verstaanbaar te maak omdat dit informasie gee. Haar werk egter, gee stemming weer; dit stimuleer die verbeelding juis omdat dit net 'n flits uit die verhaal is.

Die eerste druk van „Stories van Rivierplaas", deur Alba Bouwer, verskyn in 1955, met illustrasies van Katrine Harries. Hierdie boekie het intussen al 'n besondere plek ingeneem in die Afrikaanse kinderlektuur, want Alba Bouwer gee deur 'n aantal kort sketse iets meer as net verhaaltjies: sy slaag daarin om Alie, die hoofkarakter, werklik te laat leef. Alie is 'n kind in die ware sin van die woord: sy leef in die werklikheid èn in die fantasiewêreld, meesal in laasgenoemde. Al die ander karakters word gesien soos Alie hulle sien. Dit bring mee dat die verhaaltjies sterk tot die kind sal spreek, want dis nie net in sy taal en idioom geskryf nie, maar ook volgens sy insig en begrip.

Daar verskyn 'n aantal sketse, meesal van Alie, maar ook van die ander karakters. Een van die illustrasies van Alie wat 'n diep indruk maak, is dié by die verhaaltjie „Die kissie van die Boland," op bladsy 32. Hier staan Alie teen 'n



Die Kissie van die Boland

STORIES VAN RIVIERPLAAS



Die Portret

boom geleun, diep in gedagtes versonke. Die droomverlore uitdrukking op die gesig word beklemtoon deur die posisie van die arms: die een vinger stut die ken, sodat die kop effens voor-oor sak. Alie kyk nie na die leser nie; om die waarheid te sê, haar oë sien nie, want haar gedagtes is ver, daar in die Boland. Sy staan hier en dink aan die moontlike eensaamheid as sy dalk na 'n groot skool in die Boland moet gaan. Daar is meer as net 'n tikkie selfbejammering in haar houding. Katrine Harries slaag dus op 'n uitmuntende wyse daarin om die innerlike vir ons te laat leef. Ook die uiterlike bevredig: die deurmekaar, wit hare, die dun armpies, die houding van die liggaam, dit alles is tipies van die dogtertjie van hierdie ouderdom. Ook wat kunsvereistes betref, bevredig hierdie illustrasie. Die helling van die stam is na links, so ook leun Alie effens na links. Dit gee lewe aan 'n toneeltjie wat andersins staties sou voorkom. Die blare en takke is vaagweg aangedui, en selfs in hierdie vae aanduiding is daar orde en balans: die takke omraam Alie se kop, sodat die aandag van die leser daar gekonsentreer word. Daar is geen skelle kontras tussen lig en skadu nie, want dit sou nie aanpas by die stemming van die prentjie nie. Katrine Harries slaag hier daarin om 'n hele wêreld, die innerlike en die uiterlike, te skep.

Nog 'n besonder geslaagde „portret" van Alie is dié by die verhaaltjie „Die Portret", op bladsy 100. Hier is Alie besig om voor die spieël te oefen om soos Emily Hobhouse te

lyk. Haar mond moet toe wees, en tog moet dit lyk of sy lag. Haar oë moet so 'n ver kyk hê. Katrine Harries teken Alie soos van agter gesien, met net 'n gedeelte van die gesig se spieëlbeeld sigbaar. Hier het sy net 'n halwe gesig nodig om weer die karakter te laat leef. Alie wil só graag net soos Emily Hobhouse lyk, dat die leser haar eintlik jammer kry. Hierdie gevoel van bejammering word nog verder verhoog deur die smal skouertjies en die skraal lyfie soos van agter gesien. Die lig van die kers maak 'n helder kol teen die muur en die raam van die spieël, sodat die intiemheid van die toneeltjie nog verder verhoog word. Hier is 'n kind met 'n sterk verbeeldingskrag. Die werklikheid is vir 'n oomblik op die agtergrond geskuif, en sy leef in haar drome.

'n Besonder dinamiese illustrasie is dié op bladsy 87 by die verhaal „Die grys skooltjie." Dit toon Alie en Lulu wat vinnig aanstryk huis toe, want 'n groot donderwolk hang dreigend in die lug. Hulle is op pad terug van die skool en al-

STORIES VAN RIVIERPLAAS



leen in die veld. Katrine Harries skets die dreigende onweer deur 'n reeks geboë lyne. Hierin toon sy haar weer 'n meester van die tekenkuns, want reguit lyne sou 'n kalmer effek gehad het. Let op hoe mooi die lyne in Alie se rompie aanpas by die lyne in die wolke. Die gras is gebuig in die rigting waarin die twee dogters loop, en dit gee verdere beweging aan die toneeltjie. Die gesigte is na mekaar gedraai, want hulle praat oor die dreigende onweer. Dit beklemtoon die feit dat hulle alleen in die veld is, so asof die twee dogters hulle tot mekaar wend omdat daar niemand anders is wat hulle bystaan nie. Hierdie illustrasie lewe werklik omdat dit vol beweging is: die wolke, die gras, die vooroorgeboë figure, alles is in beweging.

Teks en illustrasies is geskik vir dogters van agt tot elf jaar en selfs ouer. Fantasie speel 'n groot rol, en die verbeeldingswêreld van Alie sal mooi aansluit by die verbeelding van hierdie ouderdomsgroep. Ouer kinders sal dit egter ook geniet omdat dit hulle aan die mooie in die nabye verlede sal herinner. Soos verwag kan word, vorm illustrasies en teks ook tipografies 'n eenheid. As geheel is die boek goed versorg.

In „Nuwe stories van Rivierplaas" verskyn op bladsy 37 by die verhaal „As die trapmasjien kom" 'n fyn skets van ou-Melitie wat met klein Dawid wegstap. Dawid het lampolie ingekry, en as almal raadop is, maak ou-Melitie 'n plan. As sy

met Dawid onder haar arm uitstap, gaan al wat kind is, saam: Alie en Lulu loop in gelid agterna om niks van die affêre te mis mis nie, en Sanna en klein-Melitie, wat langs die rondawel sit, kyk belangstellend. Ou-Melitie word hier geskets as 'n regte Viktoriaanse figuur: statig en ernstig. Die outydse kleredrag word met slegs 'n paar strepe aangedui. Die stapbeweging blyk uit die plooie van die rok, asook uit die figuur wat effens vooroorgeboë is. Die verwonderde gesiggies van Sanna en klein-Melitie loer tussen ou-Melitie en Alie - hulle deur. Die vasberadenheid waarmee Alie en Lulu volg, is duidelik op hulle gesigte te lees. Die stroois in die agtergrond word slegs vaagweg aangedui. Wat veral in hierdie tekening tref, is die fynheid van lyn, die grasie van ou-Melitie en die subtiele skakerings waarmee die donkerder velle aangetoon word.

NUWE
STORIES VAN RIVIER PLAAS



Net soos die vorige is ook hierdie boek ideaal vir die dogter van agt tot elf jaar.

„Abdoltjie" van Alba Bouwer is ook geïllustreer deur Katrine Harries. Die eerste druk verskyn in 1958. Dit be-



ABDOLTJIE



staan uit ses verhaaltjies oor 'n Maleiertjie van die Ou Kaap. Dit is merkwaardig hoedat Katrine Harries 'n atmosfeer kan skep met 'n paar strepe. Die skets op bladsy 48 toon Abdoltjie waar hy ou Bella, die bok, gevind het. Met die eerste oogopslag is dit reeds duidelik dat Abdoltjie se gesiggie nie dié van 'n blanke seuntjie is nie. Dit is nie die kleredrag alleen wat hierdie indruk skep nie, want afgesien van die kofiatjie op sy kop is hy soos enige ander seuntjie gekleed. Dit is veral die vorm van die gesig, die groot swart oë en die uitdrukking wat aan sy voorkoms iets van die atmosfeer van die oosterling gee. Let ook op die uitdrukking op die gesig van die bok - dit is byna menslik. Juis daarom sal dit tot die kind spreek. Dit is ook nie net die kind wat Katrine Harries goed uitbeeld nie. Die tekening op bladsy 29 waar Abdoltjie se booia hom wakkermaak, toon ook weer Katrine Harries se vermoë om die volwassene uit te beeld soos die kind hom sien. Hier staan die pa voor die bed. Sy lengte word gesuggereer deur die feit dat hy buk om met Abdoltjie te praat. Daarby is daar niks van die tingerigheid wat die kind kenmerk nie. Die pa is groot gebou: sy krag word gesuggereer deur die massiewe nek en arms. Opvallend is ook weer die tipiese oosterse gesig. Die wyse waarop Abdoltjie se gesig in die kussing wegsak, toon aan dat hy pas nog geslaap het.

„Abdoltjie" sal die belangstelling wek van seuns van agt tot elf jaar, maar dit kan ook voorgelees word aan kleiner kinders.

Seuns hou van handeling, en dié is volop. Hulle hou van diere en die natuur, en ook dit kom voor. Weereens vorm teks en illustrasies 'n geheel. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die titelbladsy. Die illustrasies beklemtoon die atmosfeer in die boek en dra as sodanig by tot die sukses daarvan.

„Stories van Bergplaas", nog 'n kinderboek van Alba Bouwer, is ook deur Katrine Harries geïllustreer. Die illustrasies toon ietwat meer van die omgewing waarin die karakters hul bevind. Die omgewing van Bergplaas word so getipeer. Die illustrasies op bladsy 109 toon aan dat Bergplaas 'n druiweplaas in die Boland is. Die vrou wat druiwe sny, is in die land.



STORIES VAN BERGPLAAS

Op die voorgrond is 'n kleurlingman en 'n-vrou gebukkend besig met die druiwetrosse. In die agtergrond staan die wa wat die druiwe wegry. Met 'n enkele penhaal word die berg aangedui. Die gesigte van die werkers is net skrams sigbaar.

Die blare en trosse vorm 'n beeld van die weelderigheid van die plantegroei op die plaas. Die donker gesig van die vrou word met enkele strepe gesuggereer. Hierdie illustrasie toon nie die vermoeienis wat met die werk gepaard gaan nie, maar dit doen geensins afbreuk aan die waarde wat dit vir die kind het nie, omdat vermoeienis as gevolg van harde werk vir die kind gewoonlik nie 'n ervaring is wat hy self beleef het nie. Daar is baie min kontras, en dit is miskien juis hierin dat die enigste gebrek opgesluit lê: daar is te min definitiwiteit en te veel warreling van lyne. Is die mense die hoofonderwerp? Dieselfde twyfel kom voor in die titelplaat. Hier is Bramie, die hoofkarakter, op pad met 'n emmertjie koffie na die onderste wingerd waar om Koos besig is. Wat in hierdie illustrasie veral tref is die eenheid wat die mens en die omgewing vorm. Bramie lyk soos 'n seuntjie wat op die plaas opgroei. Die boord, die berg, alles smelt saam tot een geheel wat 'n beeld gee van die milieu waarin die karakters voorkom. Treffend in hierdie illustrasie is ook die beweging wat alles lewendig laat lyk. Let byvoorbeeld op die stam en takke van die boom waaronder Bramie deurloop. Daar is soveel beweging in die spel van die lyne dat die boom ervaar word as 'n lewende wese. Opvallend is ook die idee van sonlig wat die hele landskap omhul. Selfs die blare en vrugte op die voorgrond is nie in skaduwee gehul nie, maar staan duidelik in die helder son.



Die illustrasies hier is nie altyd van dieselfde gehalte as in die boeke wat reeds bespreek is nie. As kunswerke is dit meesal geslaagd. As boekillustrasies is dit soms verwarrend, asof 'n sentrale idee ontbreek. Dit is geskik vir seuns en dogters van agt tot twaalf. Dit maak die boek aantreklik sonder om altyd 'n egte beeld van die karakters op te lewer. Dit sal dus nie soveel tot die leser spreek as die sketse van Alie en ou-Melitie en selfs Abdoltjie nie. Tegnies is die boek egter net so goed versorg as die voriges.

"Katrientjie van Keerwder" deur Alba Bouwer met illustrasies van Katrine Harries is in 1961 bekroon met die C.P. Hoogenhoutmedalje. Dit is werklik 'n voortreflike kinderboek waarin teks en illustrasies groei tot 'n hegte eenheid. Die titelplaat toon Katrientjie voor die oupa-horlosie en sy hou hom stip dop. Dit is merkwaardig hoe die kunstenares 'n illusie van hoogte skep. Sy doen dit deur die agtergrond te voorsien van onreëlmatige penhale van onder na bo. In die tweede plek word die idee van hoogte beklemtoon deur die gesig van Katrientjie wat no bo gerig is, en in die derde plek deur die lengte van die oupa-horlosie self. Agtergrond en voorgrond vorm dus 'n mooi geheel, want albei gee dieselfde indruk. Wat ook nog in hierdie illustrasie opval, is die ryk tekstuur van die staander van die horlosie. Met rof-aangewende penstrepe skep die kunstenares die voorkoms van ryk uitgesnyde hout. Die ou-

tydse wyserplaat skep verder die indruk dat ons hier te doen het met 'n werklike oudheid.

Die aandag van die dogtertjie word goed aangedui deur die houding van die kop en veral die arms. Dit word gesuggereer dat Katrientjie met haar hande voor haar bors staan, soos iemand wat aandagtig kyk en luister. Die nate van die vloerplanke gee diepte aan die prentjie. Dit is ook weer die tipiese van Katrientjie, die dogterjie, wat die kinderhart sal raak. Die toon van "dis lekker om kind te wees" wat uit teks en illustrasies spreek, maak hiervan 'n besonder geslaagde kinderboek. Die sprekende illustrasies dra baie by tot die genot van die leser van agt tot tien jaar.



Die teks van Alba Bouwer en die illustrasies van Katrine Harries vorm so 'n hegte eenheid omdat dit dieselfde dinge beklemtoon, dat Alba Bouwer juis hierdie boek opdra „Aan my ou spanmaat Katrine". Katrine Harries is egter 'n persoon wat 'n baie wyer aanvoeling het en ook ander kinderboek-outeurs se werke geïllustreer het. 'n Persoon vir wie se werke sy 'n besondere begrip toon, is Minnie Postma. „Lettie Bock," een van Minnie Postma se bekendste werke, is deur Katrine geïllustreer. Dit is eintlik die humor in hierdie werk wat tref, en as sodanig is dit dan ook leesstof vir die volwassene eerder as vir die kind. Omdat jeugdiges van vyftien tot sewentien jaar dit egter ook sal kan waardeer, word dit kortliks hier bespreek.

Minnie Postma beskryf die manewales van Tant Lettie geensins spottenderwys nie, want die leser voel jammer vir die dikwels onoordeelkundige, kinderagtige en naïewe Tant Lettie. Harries slaag daarin om die dodelike erns waarmee Tant Lettie haar petaljes uitvoer, uit te beeld, en dit is juis die rede waarom dit geensins as verspot voorkom nie. 'n Voorbeeld hiervan vind ons in die illus-



LETTIE BOCK

trasie by hoofstuk 10 waar Tant Lettie besig is om vir Jaap lessies in liggaamsoefeninge te gee, terwyl sy lustig meedoen. Die lompheid en gesetheid van die figuur word baie duidelik getoon, maar die arendsoog waarmee sy Jaap dophou om te sien of hy alles regkry, en die erns waarmee sy die taak aanpak, laat 'n deernis by die leser en toeskouer ontstaan vir hierdie „ou groot kind". Afgesien van hierdie gevoel van bejammering wat ontstaan, wek die tekening ook die laglus. Die potsierlike houding van Tant Lettie word onderstreep deur die ewe potsierlike houding van die „kalfie"! Die onvanpaste houding van Lettie Bock word ook beklemtoon deur die streng lyne van die skoolstoel wat skerp kontrasteer. Hoewel die gesiggie van die stoute Jaap nie ten volle sigbaar is nie, toon die lang, deurmekaar hare reeds van watter kaliber hierdie kêreltjie is!

Lettie Bock word in alle moontlike gemoedstemmings uitgebeeld. Die illustrasie by die verhaal „Lettie Bock skryf 'n pennevrug" in die boek „Tot siens Talettie" toon haar waar sy by haar lessenaar sit en peins oor die „hartroerende" verhaal van Beulah en Roderick de Beer wat sy skryf. Die byna vraende uitdrukking op



TOT SIENS TALETTIE

haar gesig toon haar magteloosheid en onbekwaamheid as skryfster. Katrine Harries gee daardie tikkie van die suksesvolle skrywer deur 'n groot rangskikking proteas en ander blomme op die lessenaar te plaas. Daardeur simboliseer sy die groot toekoms wat Tant Lettie vir haarself as skryfster sien! Die gekromde vingers van die hand wat die skryfpapier vashou, toon duidelik dat Talettie nie veel ervaring as skryfster het nie, want dit lyk lomp. Katrine Harries se bekwaamheid as tekenkunstenares blyk weer duidelik uit die enkele hale waarmee sy proteablom en -blaar as 'tware optower. Daar is soveel in hierdie illustrasie wat telkens by die aanskoue daarvan weer die aandag trek, dat dit in die ware sin van die woord 'n kunswerk genoem kan word!

Die jeugdige leser sal veel in hierdie sketse vind om oor na te dink. Jeugdiges wil graag soos volwassenes wees, maar terselfdertyd staan hulle ook baie krities teenoor volwassenes. Die verspotte, naïewe, impulsiewe Tant Lettie word op so 'n liefdevolle, simpatieke wyse uitgebeeld dat skerp kritiek van jeugdiges enigsins getemper sal word. Dit is juis die mens met sy gebreke en tekortkomings wat hier uitgebeeld word op 'n verdraagsame manier. Die jong leser móét eenvoudig net glimlag by die aanskoue van hierdie illustrasies!

'n Werk van M.E.R. wat oorspronklik in 1920 gepubliseer is as „Kinders van die voortrek," verskyn in 1960 as „Die tweeling trek saam" en word bekroon met die Scheepers-prys vir jeuglektuur. Daar is seker nie nog 'n skrywer in Afrikaans wat so onpretensieus is as M.E.Rothman nie. Omdat dit so lank gelede geskryf is, is die sinsbou vir die moderne lesers soms anders as waaraan hulle gewoond is, so ook die woordgebruik. Treffend is egter die klare eenvoud. Die gees van egtheid en van eenvoud word baie duidelik weergegee deur die illustrasies van Katrine Harries.



DIE TWEELING TREK SAAM

Daar is al dikwels in die verlede deur beeldende kunstenaars kunswerke gemaak met temas uit die Groot Trek as onderwerp. Omdat dit uit

die verre verlede is en nie meer vandag ervaar kan word nie, het die tonele wat geskilder word dikwels 'n onegte voorkoms. Dit is nie die geval by Katrine Harries se illustrasies nie. As voorbeeld hiervan neem ons die volblad-illustrasie teenoor bladsy 37. Dit toon 'n groepie mense in die aand by die laer. Die duisternis wat flou verlig word deur die kampvure, bind die figure en die omgewing. Daarom lyk die figure asof hulle in hierdie milieu tuishoort. Die kleredrag lyk nie asof dit uit 'n museum afkomstig is en net maar vir 'n wyle aan die karakters geleen is om die regte voorkoms te skep nie. Die man staan geleun, moeg van die dag se trek. Die vrou het 'n bekommerde uitdrukking op haar gesig, want sy moet die kind aan haar sy beskerm teen die gevare wat 'n woeste wêreld bied. Die kind leun teen die vrou aan, vertrouensvol.

Dit is opvallend hoe Katrine Harries haar illustrasies kan laat aanpas by die atmosfeer van die teks. Teks en illustrasies word gekenmerk deur eenvoud en ongekunsteldheid. Daar is genoeg detail om die illustrasies aantreklik te maak vir die leser bo tien jaar, maar dit is die egtheid wat die diepste indruk gaan laat.

By wyse van afwisseling wyk Katrine Harries af van haar gewoonte om mense die sentrale tema van die illustrasies te maak. Sy illustreer „Die witperd van Tan Fienie", 'n

sprokie deur Mikro. Die perd is die hoofkarakter in die boek en ook die tema in die meeste van die sketse. Daar is swart-en-wit tekeninge asook sommige in asblou of terra cotta.

Die boek is bedoel vir kleiner kinders en dit bevat elemente van die prenteboek. In die geïllustreerde boek sien ons „the story comes first; we want the artist to illuminate the author's words, to extend and enhance what is already there".[1] In die prenteboek vind ons egter „the pictures play a livelier role, and are an integral part of the action of the book."[2] Die teks in hierdie boek het gebreke. Dit het niks in gemeen met die wêreld van die kind nie. Vir die kind sal die illustrasies dus van groter belang wees. Dit is eintlik die illustrasies wat hom sal raak. Die plasing van die illustrasies bring mee dat dit 'n onafskeidbare, integrale deel van die boek vorm. Op bladsy 34 - 35 trek die seuns „soos vrot velle" deur die lug - dwars-oor albei bladsye! Treffend is ook die oop ruimtes om en tussen die teks en illustrasies. Fisies is dit dus 'n boek vir die kleiner kind.

Die verhaal is dié van 'n baie slim perd. Al kan hy nie praat nie kan hy verstaan wat mense sê. Hy kan tekens

1. Evans & Quint. Text determines the artist, p. 11.
2. Averill. What is a picture book? p. 307.

met sy kop gee: hy skud sy kop en hy knik met sy kop. Dit word gewoonlik gestel as 'n vereiste vir kinderlektuur dat diere nie sodanig gepersonifieer moet word dat dit hulle karakter as diere laat verloor nie. Die witperd is meer as 'n gewone perd, maar hy bly nog ten volle perd, al besit hy menslike eienskappe op die koop toe. Dit blyk duidelik uit die illustrasies.



DIE WITPERD VAN TAN FIENIE

Een van die kostelike illustrasies is dié van Belie, die perd, en oom Daan. Dit toon oom Daan wat 'n kluit optel om Belie mee te gooi, want hy is baie vies vir die ellendige perd. Belie staan gereed om weg te spring, maar hy kyk om na oom Danie met 'n glimlag op sy gesig! Daar is waarlikwaar 'n ondeunde trek op sy gesig, want hy weet goed waarom om

Daan so kwaad is. Katrine Harries beeld die sierlikheid van die dier baie mooi uit. Opvallend is die grasie van die stert en die weelderige maanhaar wat soos 'n kuif oor die voorkop hang. Die verhaal het 'n gelukkige einde. Jan van die slaghuis is baie lief vir Belie, en volgens die testament van tan Fienie erf dié een na wie Belie hardloop, alles. Jan is die gelukkige man, maar dit is nie die geld wat hom gelukkig maak nie, dit is Belie.

Hierdie gelukkige oomblik word uitgebeeld op bladsy 44, waar Jan vir Belie omhels. Jan glimlag breed en Belie lyk baie tevrede. Om die geluk van die oomblik te versinnebeeld, is daar 'n stralende son in die lug, skuins bokant die koppe van Jan en Belie. Dit is opmerklik dat Katrine Harries blykbaar nie 'n uitdrukkinglose gesig kàn teken nie - emosie is altyd op die predegesig te lees! Die lighartige toon van die verhaal word weerspieël in die illustrasies. Dit sal baie maklik inslag vind by die kind, want kinders hou van vrolike boeke!

Katrine Harries is spontaan in haar werk. Dit word veral weerspieël deur die grasieuse lyne wat aantoon dat sy nie aarsel as sy teken nie. Die spontaneïteit ontbreek egter soms in haar vroeëre werk, byvoorbeeld in die illustrasies by „Ure vol seesand", deur Datei. Dit is nie 'n kinderboek nie. Hoewel dit vir volwassenes bedoel is, vorm dit ook goeie lees-



DIE WITPERD VAN TAN FIENIE

stof vir jeugdiges. Die boek handel oor 'n dag in die lewe van 'n gesin, en Oupa is een van die sprekendste karakters. Die illustrasie op bladsy 31 toon hom waar hy op die strand sit, ver-



URE VOL SEESAND

late en eensaam terwyl die res van die gesin swem. Sy kleredrag toon alreeds dat hy nie hier inpas nie. In teenstelling met die sketse in ander boeke, mis ons hier die dinamiek. Oupa is 'n statiese figuur. Baie meer detail word gegee, en min word aan die verbeelding oorgelaat. Ten spyte van hierdie tekortkominge is die illustrasie nog baie geslaagd; die uitdrukking van mismoedigheid en selfbejammering op sy gelaat is treffend. Selfs

die posisie van die arms en bene dui daarop dat Oupa aan sy eie lot oorgelaat is. As oupa plat op die grond gesit het, sou hy nog in 'n mate 'n eenheid met sy omgewing gevorm het, maar nou plaas Katrine Harries hom hoog en droog op 'n rots, om sy skeiding met die res van die wêreld nog meer opsigtelik te maak! Die spontane, grasieuse lyn wat haar latere werk kenmerk, ontbreek nog hier.

Katrine Harries pas 'n ander tegniek toe in „Die leer-



RIP VAN WINKEL

ling-towenaar" en „Rip van Winkel" oorvertel deur Alba Bouwer.

In teenstelling met die werke tot dusver bespreek, is hierdie nie tipiese Suid-Afrikaanse werke nie, maar aangesien dit albei tradisionele kinderverhale is wat wêreldwyd bekend is en dus internasionale besit genoem kan word, word dit baie kortliks hier bespreek. Die illustrasie van Rip van Winkel wat besig is om uit 'n vaatjie drank te gaps (drank wat hom langer sal laat slaap as wat hy gedink het) is wel nog 'n pentekening, maar skaduering is ingevul in verskillende skaduerings van swart en grys. Die illustrasie toon weer Katrine Harries se vermoë om gesigsuitdrukking aan te dui. Dit bevat ook weer 'n fynheid van lyn wat haar ander werk kenmerk, maar die skaduering gee aan die illustrasie 'n swaarder voorkoms. Dit maak juis daardeur 'n baie realistiese indruk. Sy plaas ook die figuur effens skuins na regs, sodat die vaatjie op sy knie kan balanseer en die drank kan uitvloei.

Katrine Harries voer hierdie tegniek nog verder deur in „Die leerling-towenaar". Die illustrasies bestaan nie uit die fyn lynespel wat haar ander werk kenmerk nie. Die vlakke is ook grotendeels geskakeer. In hierdie illustrasies word geen onnodige besonderhede gegee nie, maar die besonderhede wat gegee word, is voldoende om 'n baie realistiese beeld te gee van die leerling-towenaar wat ewe kordaat bevele gee, en later tot sy ontsteltenis uitvind dat hy nie presies weet hoe om die waterdraery stop te sit nie. Dit bied aan Katrine Harries die geleentheid om aksie uit te beeld. Die skets wat as voorbeeld hier aan-

gehaal word, toon die bevelende hand wat uitgestrek word en die verskrikte gesig wat aantoon dat hy reeds besef sy bevele gaan geen vrugte afwerp nie. Die posisie van die voete beklemtoon ook die onsekerheid wat sy optrede kenmerk. Die hare wat wegstaan van die voorkop af toon die verskriktheid van die kêrel. In hierdie medium slaag die kunstenares daarin om net so veel uitdrukking te gee aan haar aanvoeling en siening. Eintlik skep



DIE LEERLING-TOWENAAR

hierdie medium 'n netjieser indruk wat veral vir die kleiner kind aanvaarbaarder sal wees, omdat dit minder verwarrend is vir die oog wat nog nie so ingestel is om te onderskei nie. Hierdie werk is dan ook vir die voorskoolse kind bedoel. Die illustrasies oorskadu die teks in kwantiteit. Die kwaliteit van illustrasie en

teks is albei hoogstaande. Dit is eintlik die illustrasies en teks gesamentlik wat die verhaal vertel. Die een is nie ondergeskik aan die ander nie. Daarom kan hierdie werk eintlik as 'n prenteboek beskou word. Die voorskoolse kind sal die aksie in veral die tekeninge geniet. Die fantasie sal hom bekoor. Omdat die verhaal oor 'n seuntjie handel, sal die kind ook in die tema geïnteresseerd wees.

Sekere werke van Audrey Blignault is ook geïllustreer deur Katrine Harries, maar aangesien hierdie werke nie streng gesproke kinder- of jeuglektuur genoem kan word nie, word hierdie feit slegs genoem sonder om dit te bespreek.

Soos aan die begin van die hoofstuk genoem, het Katrine Harries reeds in 1946 'n boek geïllustreer, naamlik „Kana and his dog" van Jessie Hertslet. Dit is in die eerste plek uitsonderlik omdat dit 'n Engelse boek is, en sy illustreer gewoonlik Afrikaanse boeke. Dit is ook nie tipies van haar werk nie. Anders as gewoonlik, teken sy hier prente met baie agtergrond. Die omgewing word in besonderhede uitgebeeld, en hoewel die mensfiguur goed geteken is, spreek dit nie sovsel tot die leser nie omdat die innerlike, soos weerspieël in die gesigsuitdrukking en houding, nie so duidelik na vore tree nie. As voorbeeld neem ons die illustrasie op bladsy 8. Kana en sy hond Sindo beur vorentoe teen gietende reën. Die donderwolk het 'n stereotipe vorm. Die reën en wind word voorgestel deur skuins strepe. Die beurende figure is sprekend. Kana hou sy arm

voor sy gesig om die reën te keer. Die tekening laat egter nie 'n gevoel van meelewing by die leser ontstaan nie. Dieselfde tema kom voor in „Stories van Rivierplaas" (bladsy 87)



KANA AND HIS DOG

en is tevore bespreek. Alie en Lulu is ook in die veld oorval deur 'n donderbui. Hier lewe die figure egter en wek

dit 'n gevoel van meelewing op, asof die leser dit saam met die twee figure ervaar.

„Kana and his dog" is 'n prenteboek. Dit bestaan uit slegs 15 bladsye en op elke bladsy kom 'n groot illustrasie voor. Opvallend is die eenheid tussen tekeninge, ander drukwerk en die bruin kleur van die illustrasies en die beige-kleurige papier. Hoewel die illustrasies nie van dieselfde gehalte is as haar latere werk nie, is die boek nogtans 'n prestasie vir die tyd waarin dit verskyn het, toe boeke vir die voorskoolse kind nog baie min aandag gekry het.

Katrine Harries is 'n groot kunstenares, en haar waarde lê eintlik daarin dat haar illustrasies altyd die mooie en goeie beklemtoon. Selfs as sy 'n versukkelde oubaas of 'n verspotte tannie uitbeeld, doen sy dit met soveel insig en begrip dat die leser se hart geraak word. Haar illustrasies is nooit onpersoonlik nie, en dit sal altyd spreek tot die gemoed van die kind en die jeugdige. Die boeke as geheel sal 'n blywende indruk op die leser maak omdat dit tegnies so goed verserg is. Teks en illustrasies pas bymekaar aan wat tema en stemming betref, en ook tipografies is daar 'n eenheid wat selfs vir die leek opmerklik is. Katrine Harries se illustrasies is in die eerste plek kunswerke. Dit is kunswerke van so 'n hoogstaande gehalte dat dit ook as illustrasies besonder geslaagd is, want dit spreek tot die gevoel en verhoog sodoende die waarde van die boeke vir die leser.

HOOFSTUK V: DIE ANDER ILLUSTREERDERS VAN DIE SESTIGERJARE

Dit is opmerklik dat die vroeë stadium van boek-illustrasie in Suid-Afrika meer daarop gemik was om in die jeugdige se behoeftes te voorsien. Vir die kleiner kind en veral die voorskoolse kind is daar weinig gedoen en dit wat gedoen is, was nie van hoë gehalte nie. In die tweede plek is dit ook opmerklik dat daar feitlik nooit van kleur gebruik gemaak is nie.

Wat was die oorsake hiervoor? In die eerste plek is 'n redelike klein aantal boeke geïllustreer; dit is dus te begrype dat die persentasie daarvan wat vir die kleiner kind bedoel is, nie groot kan wees nie. In die tweede plek was kinders in die eerste helfte van die eeu in 'n groter mate in staat om hulself in die buitelug te vermaak, omdat verstedeliking hulle nog nie binnenshuis gedwing het nie. Kinders was dus in 'n mindere mate aangewese op boeke as ontspanningsmiddel. Die plaasseun en -dogter het dikwels minder behoefte gehad aan boeke as die stadsjapie. Die aanvraag was dus nie so groot as vandag nie, daarom was die aanbod ook kleiner. Omdat daar min geïllustreerde kinderboeke was, was die gehalte ook laer. Daar was min kompetisie tussen uitgewers. Enige geïllustreerde kinderboek, goed of sleg, is verwelkom. Daar was nie te kies en te keur nie. Die gebrek aan kleur kan ook aan hierdie redes toegeskryf word, want drukwerk in kleur

is 'n duur proses en die aanvraag was nie so groot nie. Reken hierby nog die beperkte afsetgebied van veral Afrikaanse kinderboeke wat uitgewers gedwing het om so ekonomies moontlik te werk te gaan, en die prentjie is duidelik waarom die toestand so was.

Gaandeweg het die toestand egter verander. Die begin van die sestigerjare word gekenmerk deur a) die uitgawe van 'n groter aantal geïllustreerde boeke vir die kleiner kind, en b) die groter mate van kleurgebruik in hierdie boeke. Ook hiervoor is daar verskeie redes, naamlik:

(i) 'n Groeiende stroom van die beste kinderlektuur van baie lande verskyn in vertaalde vorm in Suid-Afrika. Die gehalte van baie van die illustrasies laat nie net 'n groter behoefte vir goeie plaaslike illustrasies ontstaan nie, maar dit inspireer ook die plaaslike illustreerders en uitgewers. Dit is veral die gehalte van die ingevoerde illustrasies en die gebruik van kleur daarin wat hierdie invloed uitoefen. Dit toon wat gedoen kán word en aanvraag en aanbod volg mekaar snel op.

(ii) 'n Massa goedkoop kinderlektuur van swak gehalte stroom ook die land binne en as reaksie hierteen word meer aandag gegee aan die plaaslike produk.

(iii) Ook van die kant van biblioteke, onderwysers en ouers kom aansporing om beter-geïllustreerde kinderboeke. Hulle kom tot die besef dat die goeie en goed-geïllustreerde

kinderboek 'n belangrike deel bydra tot die vorming van die kind en sy leessmaak. Die goeie produk word dus in ons biblioteke, skole en ook tuis gepropageer.

Die sestigerjare kan dus beskou word as 'n nuwe era, nie omdat die gehalte eensklaps verander het nie, maar omdat die kinderboek anders benader word deur volwassenes en kinders. Normaalweg sou dit verwag kon word dat hierdie nuwe begin beskeie sou wees, maar die enkele werklik goedgeïllustreerde kinderboeke, sommige in kleur, getuig van die entoesiasme waarmee die saak tans bejeen word.

Waar ons hier te doen gaan kry met kleurgebruik in kinderboek-illustrasies, meer as in die sporadiese gevalle van die verlede, is dit ook nodig om kortliks aan te stip wat van gekleurde illustrasies verwag kan word.

In die eerste plek kan 'n illustreerder van kleur gebruik maak omdat die teks dit vereis en in die tweede plek kan sy besondere styl dit vereis. Sommige onderwerpe leen hulle tot kleur eerder as lyn; sommige kunstenaars druk hulle beter uit in kleur as in lyn.

In die derde plek moet die kleure aanpas by die teks. Woestyntonele sal byvoorbeeld nie groen as hoofkleur hê nie, so ook nie seetonele in geel of rooi nie.

Vierdens moet die kleure aanpas by die begrips- en

waarderingsvermoë van die kind van 'n bepaalde ouderdom. Die kleuter sien kleure subjektief, met ander woorde as sonlig geel is en die son skyn op alles in die toneel, is alles geel. Die kind van sewe tot tien sien kleure meer objektief: bome is altyd groen, die grond bruin, en hy sien nie verskillende skakerings van 'n kleur nie. Vir hom is basiese kleure (sonder nuanses en skakerings) van belang.

Laastens moet ook vasgestel word of kleurgebruik 'n noodsaaklike vereiste vir 'n spesifieke illustrasie is en of dit nie net so goed kon gewees het as dit in swart en wit uitgevoer is nie.

Een van die belangrikste kunstenaars uit hierdie tydperk wat van kleur gebruik maak, is Marjorie Wallace. Sy illustreer boeke waarvan sy self die teks geskryf het en ook dié van ander outeurs.

Van „Agmatjie van die Bo-Kaap" is sy die outeur en die illustreerder. Dit is bedoel vir die voorskoolse kind en kan met reg 'n prenteboek genoem word. Sonder die illustrasies sou die boek baie minder betekenis gehad het, want dit is eintlik die illustrasies wat genot aan die leser bied. Sommige illustrasies is in kleur, sommige in swart en wit. Daar is baie ooreenkoms met die kinderkuns van hierdie ouderdomsgroep. Daar kom byvoorbeeld dikwels geen basislyn voor nie (by die maak van die vlieër, waar Agmatjie se maters op hom wag). Die kleurwerk is soms baie onegalig, net soos kinders sal in-

kleur (die geboue in Kaapstad se hawe, die strikke aan die vlieër se stert.)

As voorbeeld bespreek ons die illustrasie waar almal die vlieër help dra. Die vlieër is só groot dat dit die geboue op die agtergrond verdwerg. Die rooi en geel van die vlieër word herhaal in die duin en geboue. Al die illustrasies wat in kleur is, is rooi en geel. Die teks stel dit uitdruklik dat dit die vlieër se kleure is; die illustrasies beklemtoon dus hierdie twee kleure wat in die verhaal so belangrik is. Die kleure is onegalig aangewend. Rooi en geel word selfs oormekaar aangewend op die een gebou, net soos 'n kind dit sal doen. Ook die tekenwerk is soos dié van 'n kind. Die knapie wat die voorste punt vashou, se hand stut die vlieër van onder. Al vyf vingers word geteken, want 'n hand hét vyf vingers. Dat dit hier onnatuurlik lyk, maak vir die kind nie saak nie want hy sou dit net so teken. Die pad oor die duin is net halfpad ingekleur. Soms is daar nie buitelyne nie, soos by die dak van die een gebou en die rokkie van die dogtertjie. Al is die kleure in hierdie illustrasie die belangrikste, is daar tog ook 'n mooi spel van lyne. Let op hoe die vlieër se stert die lyn van die pad voortsit. Die duin en vlieër vorm diagonale lyne wat die idee van die skuinste mooi weergee. Alles word tot 'n geheel saamgevoeg deur die twee basiese kleure wat weer op die agtergrond herhaal word. Die feit dat slegs twee kleure gebruik word, bring mee dat dit veel sterker uitstaan as wat die geval

sou gewees het as blou of groen of enige ander kleur bygevoeg was. Die kinderfigure is met min detail geteken en dit herinner nogal aan die tekening van 'n kind.

AGMATJIE VAN DIE BO-KAAP

Dis seker die grootste vlieër in die hele wêreld.
So groot is dit dat almal moet help dra.
Hulle gaan dit nou toets.



Swart-en-wit tekeninge kom ook voor. Dit dien as



AGMATJIE VAN DIE BO-KAAP

afwisseling, want slegs twee kleure kan eentonig word as dit vir alle illustrasies gebruik word. Waar die vlieër geteken word, word gewoonlik kleur gebruik. 'n Tekening waar kleur nie nodig was nie, is dié een waar Agmatjie voor op die fiets ry. Dit is 'n illustrasie wat so reg in die smaak van die voorskoolse kind sal val. Seuns leer gewoonlik om fiets te ry net voordat hulle skool toe gaan, dus sal hulle in hierdie onderwerp belangstel. Die afdraand word oorbeklemtoon. Watter kind sal nie met genot dink aan die spoed teen die afdraand af nie? Ook hier is daar nie hinderlike detail nie, selfs nie eens skaduering nie. Let op die wyse waarop die trui geteken is: spirale dui die rye steke aan!

Die temas in die verhaal en van die illustrasies is 'n bewys daarvan dat Marjorie Wallace wéét waarvan kinders hou: seuns speel graag met vlieërs, hulle stel belang in die kabelspoor, hulle hou daarvan om 'n groot skip te stuur en hulle hou van fietsry. Verder stel hulle belang in ander kinders en in diere. Al hierdie dinge kom in die illustrasies voor.

Die samestelling van teks en illustrasies is in die meeste gevalle geslaagd. Die groot drukletter en groot illustrasies pas aan by die groterige formaat van die bladsye. 'n Mooi balans word dikwels verkry tussen teks en tekening. Die dubbelbladsy waar Agmatjie en die bokkie afkyk op Houtbaai se hawe is 'n goeie voorbeeld hiervan. Kyk hoe mooi balanseer

die hoë boomstamme links die teks regs. Ongelukkig is daar ook talle bladsye waarop dit lyk of die nodige ruimte vir die teks ontbreek. Let op hoe ingedruk lyk die woorde by die illustrasies waar Agmatjie op die skip is.


Die boek is stewig gebind, die drukwerk duidelik en die papier het 'n dowwe en gladde oppervlakte. Dit is 'n werk waarop uitgewer, illustreerder en die leser trots kan wees!

„Glippie en Slippie", deur P.J. Cillié, is ook geïllustreer deur Marjorie Wallace. Dit is die verhaal van twee vissies in die see by Bloubergstrand. Glippie word aan 'n hoek gevang en weer teruggegooi. Hy het vele wedervarings voor hy weer by sy tuiste uitkom. Die illustrasies is almal in turkooisblou en roesbruin. Afgesien van baie illustrasies van visse, is daar ook 'n paar wat groter tonele weergee.

'n Illustrasie waarvan kleiner kinders baie gaan hou, is dié van die Koebergse boer wat 'n kreefnet stel. Dit is 'n sogenaamde x-straal prent, want die roeiboot is sigbaar èn alles wat normaalweg onsigbaar sou wees in die see! Kinders teken self so. Dit is juis dié detail waarna kinders graag kyk. Die roesbruin van die boot en die seebodem kontrasteer mooi met die turkooisblou van die see.

Die illustrasies sal die belangstelling van die voorskoolse kind wek, omdat daar diere in voorkom. Die kleuraanwen-

GLIPPIE EN SLIPPIE



ding is nie eentonig nie omdat dit onegalig gedoen is. Die teks is ook roesbruin en dit sluit volmaak aan by die illustrasies. Dit is egter jammer dat teks en illustrasie op elke bladsy presies op dieselfde manier gerangskik is: die een bo die ander. 'n Bietjie afwisseling sou meer bevredig het. Dit is nie moeilik om te voorspel dat „Agmatjie van die Bo-Kaap" en „Glippie en Slippie" vir baie jare nog treffers gaan wees nie, en dit is juis Marjorie Wallace se spontane en frisse kleuraanwending wat daarvan iets besonders maak. Waar sy nie kleur gebruik nie, soos byvoorbeeld in haar illustrasies van Jan Rabie se „Twee strandlopers", is dit onoorspronklik en sonder verbeelding. Sy is nie meester van die lyntekening soos Katrine Harries nie.

Dit is reeds gestel dat die sestigerjare gekenmerk word deur die verskyning van meer geïllustreerde boeke vir die kleiner kind. P.J. Schoeman het nog altyd vir die groter kind en jeugdige geskryf, behalwe „Sonogies, die Swazi-prinsessie" wat in die dertigerjare reeds verskyn het en vir die kleiner kind bedoel is. In 1965-66 verskyn egter drie kinderboeke van hom, naamlik „Katjieland", „Dronkie by die kabouters en feetjies" en „Dronkie maak kinders groot". Al drie hierdie boeke is vir die kind van agt jaar en ouer bedoel en is geïllustreer deur mev. E. Halliday. Die illustrasies is in swart en wit, en dit toon katte en nogmaals katte! Mev. Halliday slaag soms, dikwels nie, want haar tekeninge toon nie altyd genoeg lewe nie. Sy beeld katte uit in verskeie gemoedstemmings. 'n Pragtige voor-

beeld vind ons in „Katjieland" op bladsy 87. Dit stel die kat voor waar hy ander katte toespreek. Hierdie tekening herinner egter baie aan 'n kat wat spelerig op sy agterpote staan, en met die voorpote iets probeer vang. Die gespitste ore toon die kon-



KATJIELAND

sentrasie, maar dit is veral die oë wat stip kyk wat aan die tekening lewe gee. Hoewel die tekening in swart en wit gedoen is, maak dit nie 'n harde indruk nie, want daar is baie tussenskakerings. Die hare word deur kort swart strepies aangedui en versag ook die buitelyn. Die indruk wat die leser hier kry, is dat die kat 'n spelerige, liewe diertjie is, en as

kinders na hierdie illustrasie kyk, sal hulle sommer van katte as troeteldiere hou. Die kunstenares toon hier dat sy werklik goed kan teken. Die illustrasie maak 'n baie realistiese indruk.

'n Illustrasie wat 'n besondere indruk maak, kom voor op bladsy 25 en ook op die stofomslag. Witborsie word met 'n



DRONKIE

BY DIE KABOUTERS

EN FEETJIES

towerstokkie aangeraak sodat sy kleiner moet word. Witborsie wil dit baie graag hê, daarom die pleitende uitdrukking op die gesiggie. Daar spreek soveel kinderlike onskuld uit die ogies dat die prentjie die hart steel. Veldblommetjies op die voorgrond verhoog die dekoratiewe waarde. Dit is veral die mens-

like wat hierdie illustrasies so 'n sukses maak. Die dier lyk uiterlik net soos 'n dier, maar die innerlike wat tevoorskyn kom deur die houding en gesigsuitdrukking laat 'n mens aan mense dink. Daarom spreek dit tot ons. Die meeste van die illustrasies is dié van katte, maar waar die kunstenares ander diere uitbeeld, is dit met feitlik dieselfde begrip en liefde. 'n Voorbeeld hiervan vind ons in dieselfde werk op bladsy 75. Dis 'n illustrasie van drie nagapies. In die verhaal word vertel

DRONKIE

BY DIE KABOUTERS

EN FEETJIES



dat hulle tot bo in die boom gevlug het vir Witborsie, hoewel dié in vrede gekom het om raad te vra. Die groot oë van die nagapies toon hulle verskriktheid. Die kleintjie word styf vasgehou deur die moeder. Die takke waarop hulle sit, is ewe-

wydig geplaas, sodat die nagapies nie op dieselfde tak in 'n ry sit nie, maar 'n hegte groepie vorm. Slegs die nagapies is in besonderhede geteken. Die takke en blare is nie geskakeer nie en kontrasteer goed met die nagapies, waarop die klem eintlik val.

Mev. Halliday se illustrasies maak 'n afgeronde indruk en is geensins amateuragtig nie. Haar werk spreek tot die kind omdat sy nie net die uiterlike van die dier weergee nie, maar ook sy gevoelens aantoon. Dit is dus jammer dat haar illustrasies in die boekie „Dronkie maak kinders groot", weinig meer is as goed-versorgde tekeninge. As gevolg van gebrek aan uitbeelding van die innerlike is hierdie tekeninge bloot dekoratief sonder om tot die leser te spreek. Die tekeninge is dikwels sonder verbeelding uitgevoer. Dit is ook jammer dat die papier nie van 'n beter gehalte is nie. Dit doen beslis afbreuk aan 'n redelik verdienstelike drietal boeke.

Ten spyte van die gebreke sal die boeke nog deur die leser geniet word omdat hulle op hierdie ouderdom nog hou van fantasieverhale en veral sulke verhale waarin diere die hoofrol speel. Of die diere hierin te veel menslike eienskappe het en hulle identiteit as diere te veel prysgee, is 'n vraag wat egter nie maklik beantwoord kan word nie!

Mev. Halliday het ook boeke van C.S.Badenhorst

geïllustreer. „Kor die aap" is eintlik 'n prenteboek. Die teks beslaan net 'n beperkte deel van elke bladsy en die tekeninge vertel eintlik die verhaal. Die illustreerder lê 'n sekere



Die ape gaan hoog in die boom sit. Daar kan Boel hulle nie bykom nie. Boel raas en raas maar die ape wil nie weggaan nie. Hulle weet mos dat Boer weg is. Hulle weet ook dat Boel vas is en hulle nie kan by kom nie.

mate van tekenvaardigheid aan die dag. Die apies op bladsy 5 is in verskillende posisies geteken. Selfs Boel se kwaai gesig is betreklik oortuigend geteken. Die volgende gebreke word egter aangetref: Die kleure is flou; sonder warmte. Die illustrasies verleen nie 'n eie atmosfeer aan die boek nie. omdat dit so doodgewoon is. Die teks is oor 'n gedeelte van die boomstam afgedruk, sodat die eenheid tussen die boonste en onderste gedeelte van die tekening verbreek word. Selfs die een aap se stert is „afgesny"! Die tekeninge is nie swak nie maar ook nie goed nie. Aangesien daar egter so min prenteboeke in Afrikaans aangetref word, word dit tog hier genoem.

Mev. Halliday se kleurgebruik is anders in „Lam leer 'n les", ook deur C.S. Badenhorst. Die suurlemoen-geel wat sy by die swart-en-wit illustrasies voeg gee dadelik daaraan 'n tikkie andersheid. Die tekenwerk is geensins amateuragtig nie en as „prentjie" is die meeste illustrasies geslaagd. Die tekening van Muis wat loer, bevredig omdat die sku uitdrukking op die gesig 'n mens nog aan 'n muis herinner, al is sy soos 'n mens aangetrek! Muis bly dus in die eerste plek nog dier. Verder is daar mooi kontras tussen die kop en die donker holte in die boomstam. Blomme en blare is dekoratief.

Minder geslaagd is die tekeninge van Lam. Op bladsy 8 kyk hy hoe dit in die bos lyk. Die houding van die lyf is



Muis sit voor haar huis. Sy hoor een loop. As dit Uil is, moet sy gou-gou in haar huis gaan. Gou-gou loer sy. Nee, dit is nie Uil nie. Dit is Lam. Muis tel weer haar pit op en sit en eet. Daar kom Lam by haar.

onnatuurlik; die onnatuurlike uitdrukking op die gesig neem alle ooreenkoms met hierdie diersoort weg. Daar is geen lokale kleur nie: die plantegroei is stereotiep en Lam laat 'n mens baie aan Bambi dink. Die tekeninge mag miskien vir die vyf- tot sewejarige kind mooi wees as prentjies, maar dit sal baie min bydra tot die vorming van sy gevoel vir wat mooi is.

Daar is afwisseling in die rangskikking van tekeninge en teks in hierdie prenteboek. Die tipe drukletter pas aan by die illustrasies. Origens is daar nie veel meer wat in die guns van die boek tel nie.

Mev. Halliday is 'n persoon wat nie net haar tegniek kan wysig en aanpas nie, maar sy pas ook haar illustrasies aan by die leser van die boek. Al die vorige boeke wat sy geïllustreer het, is vir die kleiner kind bedoel. „Jetwa - die buffelbul" van P.J. Schoeman is bedoel vir die jeugdige leser en mev. Halliday se illustrasies is hier anders as in al die ander boeke. Die illustrasie op bladsy 152 is van die buffelbul en dis 'n nagtoneel. Die styl toon duidelik dat dit nie vir kinders bedoel is nie. Daar is niks van die „oulikheid" wat haar diere in die kinderboeke kenmerk nie. Hier word die buffel afgebeeld soos 'n volwassene dit sien. In hierdie illustrasie toon mev. Halliday dat sy wel goed kan teken. Die tekening kon baie maklik 'n koue, strak indruk gemaak het, maar die buitelyne word op 'n slim manier versag: die loof van die bome

JETWA - DIE BUFFELBUL





bring mee dat die donker lug nie deur 'n reguit lyn afgesny word nie. So vorm die struikgewas onder en aan albei kante ook 'n natuurlike skeiding.


'n Illustrasie wat byna na 'n wetenskaplike tekening lyk, so korrek is elke besonderheid, is dié op bladsy 11. Dit toon 'n syaansig van 'n bromvoël. Die hele voël, van die kóp tot die stert, die vere, die bene en die pote, is akkuraat en in besonderhede weergegee. Dit is slegs die yl gras wat die tekening effens versag. In hierdie werkie is daar niks aan die verbeelding oorgelaat nie. Dit is bloot die uiterlike van die voël wat weergegee is, en dit sal geen ander waarde vir die leser hê as om hom in koue taal te vertel hoe 'n bromvoël lyk nie. Die tekenwerk is perfek, maar die illustrasies is bloot versiering wat besonder knap uitgevoer is: korrek in elke detail, maar koud en gevoelloos.

Haar illustrasies is dus informatief omdat dit tot die verstand spreek. Dit spreek nié tot die gevoel nie.

'n Illustreerder wat reeds lankal bekend is by die publiek vir sy tydskrif-illustrasies, is Flip. (Sy regte naam is Horace Coaton). Hy illustreer verskeie boeke van P.J. Schoeman: „Trados - die swerwer-Boesman," „Nobiyane die Zoeloe-minnaar" en „Kampvure wat nie uitbrand nie", almal in 1963 en daarna. Schoeman beeld veral die naturelle- en dierelewe uit. Die temas is altyd tipies Suid-Afrikaans. Daar-

om verwag ons dat die temas van die illustrasies soortgelyk moet wees.

„Trados - die swerwer-Boesman" bied illustrasies in kleiner formaat. Vergelyk die voorbeeld op bladsy 7, aan die begin van hoofstuk I. 'n Paar gemsbokke draf weg, dus word hulle skuins van agter gesien. Die grasie word mooi uitgebeeld deur vloeiende lyne. Flip se lyne is gewoonlik swierig. Nuanses word verkry deur lyne nader of verder van-mekaar te trek. Die uitstekende perspektief word geskep deur die golwende lyn van die duine wat hoe verder hoe kleiner word. Lewe en beweging is twee kenmerke van die skets.



TRADOS - DIE SWERWER-BOESMAN

Die sebra en blouwildebeeste op bladsy 23 bewys dat Flip met 'n minimum van lyn 'n besonder realistiese beeld kan optower. Daar is min buitelyne. Die strepe van die sebra gee reeds vorm aan die dier sodat buitelyne onnodig is. Flip gebruik dus hierdie besondere tegniek omdat dit by die onderwerp pas, en ook om die diere te laat saamsmelt met die omgewing.

Die illustrasies in hierdie boek beeld nie spesifieke gebeurtenisse uit nie. Dit dien hoofsaaklik as versiering. Dit skep ook die regte atmosfeer en sal die jeugdige, vir wie die boek bedoel is, onder die indruk bring van die skoonheid en grasie van wilde diere.



TRADOS - DIE SWERWER-BOESMAN

Daar is ook nog enkele volblad-illustrasies wat egter nie so dekoratief is nie. Dit is nie prentetekeninge nie en mis die grasie van lyn. Die rangskikking van die illustrasies en die versierde skutblaaie gee aan die boek 'n aantreklike voorkoms.

Die jeugdige leser sal bevredig word deur die realistiese tekeninge in „Nobiyane - die Zoeloe-minnaar", want dit beeld episodes uit die verhaal uit. Dit staan dus direk in verband met die teks en is weereens tipies Suid-Afrikaans. Die jeugdiges sal ook van die aksie hou wat byvoorbeeld in die skets op bladsy 23 voorkom. Die vegtende Bantoe is vol aksie en die spel van die spiere gee dinamiek. Die skilde wat aanmekaar raak verhoog die element van botsing. Ten spyte van die aksie is daar min emosie sigbaar. Flip se tekeninge bly maar dekoratief sonder om die innerlike of die wese van mens

of dier na vore te laat tree.



NOBIYANE

DIE ZOELOEMINNAAR



KAMPVURE WAT

NIE UITBRAND

NIE



Nêrens word Flip se realisme tot so 'n hoogtepunt gevoer as in „Kampvure wat nie uitbrand nie." Die tekeninge is byna fotografies van aard. Detail word egter oordeelkundig gebruik, sodat dit nie oorvol lyk nie. Die blouwildebeeste op bladsy 163 is in besonderhede geteken, die agtergrond nie. Die val van die sonlig deur die blare gee die geleentheid om kontrasterende ligte en donker vlakke op die lywe aan te bring. Die grein van die papier wys duidelik deur die potloodstrepe, sodat 'n interessante effek verkry word. Die jeug is krities, maar hier kan nie gekritiseer word nie omdat die tekenwerk professioneel is.

Nog groter realisme word aangetref in die tekening van die bosbokram op bladsy 71, en tog is dit eerder die beweging van spiere in aksie en die tipiese houding wat beïndruk. Die natuurlike tuiste, die ruie oewerbos, word vaagweg aangedui sodat dit net 'n gepaste agtergrond vorm. Flip is weer die baas-uitbeelder van beweging. Die komposisie van bok en boomstomp is nie staties nie. Die lyne vloei vanself. Flip gebruik net genoeg skaduering om aan die tekening diepte te gee.

Samevattend die volgende: Flip se realisme, sy aksie en dinamiek en swierige lyne maak sy illustrasies aantreklik en dekoratief. Jeugdiges van twaalf jaar en ouer sal al hierdie kenmerke waardeer. Maar hoe goed die tegniek en vaardigheid ook al is, bly dit nog merendeels 'n hulpmiddel om die boek as't

ware „van buite af" te versier. As versierings is dit uitstekend, maar vormingswaarde het dit min, want die wese, die eieaard, die innerlike van mens en dier kom nooit te voorskyn nie.

Die drie boeke is oor die algemeen tegnies goed versorg. Dit is jammer dat die illustrasies soms buite die raam van die teks gaan, want dit maak 'n onrustige indruk. Die tipe drukletter gaan goed saam met die illustrasies. As geheel gesien bevredig die boeke in die meeste opsigte. Die illustrasies dra ook 'n deel by tot die sukses as ontspanningsleesstof, veral vir seuns.

Gedurende die laaste aantal jare het verskeie boeke van J.J. van der Post verskyn met Boesmans as die hoofkarakters. Die boeke vorm aantreklike leesstof vir die jeug en is nie net verhale oor Boesmans nie, maar gee terselfdertyd baie informasie oor die Boesmanleefwyse en -gewoontes. Sommige van hierdie boeke is geïllustreer deur François Krige, wat ook „Jaffie" van Eitemal in die vyftigerjare geïllustreer het (reeds tevore bespreek). Wat die styl betref, is daar 'n groot ooreenkoms tussen die tekeninge in „Jaffie" en „Agarob, kind van die duine", van Van der Post. Op bladsy 29 is daar 'n jong Boesmanmeidjie wat in enkele penstrepe weergegee is. Die vaardigheid van Krige as tekenkunstenaar blyk duidelik uit die lyne wat sonder aarseling getrek is. Dit is veral die gesigs-

uitdrukking wat treffend is. Dit is nie die gesig van 'n hoogs-beskaafde ras nie. Die oë wat lyk of dit kyk en tog niks sien nie, die plat gesig en die dik lippe toon aan dat die geillustreer-

Jong Boesmanmeisie



AGAROB, KIND VAN DIE DUINE

de 'n primitiewe wese is. Hierdie indruk word verder ver-hoog deur die smal skouers en die houding van gelatenheid van

die sittende figuur. Krige maak hier nie gebruik van vlakke in verskillende skakerings nie, want deur buitelyne alleen slaag hy al daarin om die wese en aard van die natuurkind daar te stel.

Meer besonderhede word gegee in die tekening van die ou musikant op bladsy 97. Dit is weereens 'n sittende



Ou musikant

figuur, en dit word weereens geskep deur hoofsaaklik buitelyne te trek. Vlakke wat geen verdere betekenis het nie, word nie ingevul nie. Daar is egter sommige eienskappe wat die kunstenaar getref het en wat dus uitgebeeld word: die rimpels op die gesig en bolyf is simbool van die ouderdom van hierdie Boesman. Daarom word dit ingevul. Let op die geboë rug wat enersyds ouderdom suggereer, andersyds die aandag aanwys waarmee die ou musikant sy instrument hanteer. Die uitdrukking op die gesig is sprekend: die toegeknypte ogies getuig van baie jare se verblindende woestynson. Daar is geen agtergrond geteken nie, maar dit is ook nie nodig nie, want die Boesman is 'n swerwer wat gedurig op trek is. Sy normale agtergrond is die oop ruimtes en nie 'n permanente tuiste nie. Hierdie tekeninge deur Krige is opvallend weens die suiwerheid van lyn en die eenvoud. Dit is juis as gevolg hiervan dat die tekeninge so goed by die onderwerp aanpas.

Die boek maak 'n goedversorgde indruk. Die tekeninge op die skutblaaie dra veel daartoe by. Alle sketse is natuurlik nie ewe geslaagd nie (vergelyk die dansers op bladsy 144 waar die figure nie 'n eenheid vorm nie) maar die meeste pas mooi aan by die trant van die verhaal. Dit is te verstane dat almal nie perfek sal aanpas nie omdat die tekeninge oorgeneem is uit Krige se sketsboek en dus nie spesiaal vir dié boek gemaak is nie. Soos die verhaal adem die illustrasies ook die ware atmosfeer van Afrika. As gevolg hiervan, en ook omdat die primitiewe van die Boesman sterk na vore tree, sal dit vormende

waarde vir die jeugdige leser hê.

In „Gaub, vlugteling van die duine", ook deur Van

Ou man met pyp



GAUB, VLUGTELING VAN DIE DUINE

der Post, gaan Krige verder. Hy wyk af van die tegniek van die vlugtige skets en gee baie meer besonderhede. Dit is nou nie meer die lyn wat van belang is nie, maar wel die vlak. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die ou man met die pyp op bladsy 49. Die buitelyne dien in hierdie geval nie om die vorm van die figuur aan te dui nie, maar bloot as afbakening van die vlakke van die figuur. Ons tref hier nie die meesterlike hand van die tekenaar aan nie, en waar besonderhede in die eenvoudiger tekeninge gesuggereer word, word dit hier gegee sonder om veel aan die verbeelding van die leser oor te laat. Die tekening getuig van vaardigheid maar dit is 'n gebrek dat die leser die voorreg ontneem word om sy verbeelding te gebruik. Die figuur wat hier afgebeeld word, is 'n tipiese Boesmanfiguur, en die sittende houding word oortuigend uitgebeeld. Die afgebeelde maak 'n indruk van ontberinge en blootstelling aan die natuur.

Besonder dekoratief is die tekening op bladsy 88. waar die dans van die maan uitgebeeld word. Hier kom feitlik geen buitelyne voor nie. Krige kleur nie al die vlakke ewe swart nie en suggereer

Die Dans van die Maan



GAUB, VLUGTELING VAN DIE DUINE

daarmee die glans van die sagte lig op die vlakke van die liggame. Die groep dansers vorm 'n geheel omdat die geboë figure aan mekaar raak. Die agtergrond is vaagweg aangedui en verhoog die geheelindruk sonder om te veel besonderhede te gee. Die resultaat is 'n harmonieuse geheel. Hierdie illustrasie spreek meer deur suggestie as deur detail, en dit sal die verbeelding van die leser aangryp.

François Krige is 'n ware kunstenaar. Sy illustrasies spreek deur 'n besonder aanvoeling vir ritme van lyn. Die afwesigheid van baie detail is nie 'n gebrek nie maar verhoog die waarde van die illustrasie omdat dit juis tot die leser spreek as net die essensiële beklemtoon word. Ongelukkig vorm teks en illustrasie nie altyd 'n hegte geheel nie omdat dit nie episodes uit die verhaal toelig nie. Die atmosfeer is egter by albei dieselfde. Die jong leser sal by die aanskoue van die illustrasies in die regte stemming geplaas word vir die lees van die teks.

Jan van der Post illustreer sommige van sy boeke self. Sy illustrasies is egter nie van besonder hoogstaande gehalte nie. Dit neem die vorm aan van klein, dekoratiewe tekeninge by die begin van sommige hoofstukke. As tekeninge is dit swak, maar omdat dit uitstekend aanpas by die gees van die boeke is dit tog die moeite werd om na enkeles te verwys. In „Vonk, vondeling van die duine" word die Boesman self uitgebeeld naastenby soos in die Boesmankuns. Op bladsy 42 word

'n skets gegee van sittende figure. Die vorms van die liggame is dié van Boesmans. Die pyle en boog dui verder aan dat dit Boesmans voorstel. Daar is egter geen ritme in die samestelling van die illustrasie nie.



Dit is bloot 'n suggestie van die Boesman-atmosfeer. Die tekening het geen werklike kunswaarde nie. As tekening het dit geen betekenis nie.

Enkele tekeninge van diere in „Jagters van die duine" is meer dekoratief. Die slang op bladsy 72 is met 'n geometriese motief versier.



JAGTERS VAN DIE DUINE

Van der Post is geen tekenkunstenaar nie. Hy skep wel 'n atmosfeer met sy tekeninge. Die illustrasies verlig ook die eentonigheid van die gedrukte teks. Daar is egter só min illustrasies en dit het só min waarde dat dit nie 'n blywende indruk op die jeugdige leser sal maak nie.

'n Illustreerder vir die kleiner kind is Helmut

Starcke. Hy maak volblad-illustrasies vir Marta Brand se boek „Die Rooi Strooihoed". Hierdie illustrasies is almal wit-en-swart pentekeninge, behalwe die omslagontwerp waar die strooihoed 'n taamlike helder rooskleur gekleur is. Die kind van voorskoolse ouderdom en die kind in die juniorklasse van die laerskool sal hierdie boek geniet, maar hulle kan kleure reeds goed onderskei en sal opmerk dat die rooskleur nie met die gegewens in die teks ooreenkom nie!

Op bladsy 19 skuil ou Heks Sekelmaan agter 'n bos. Sy het ou Tannie Weet-alles se rooi strooihoed op. Laasgenoemde ou tannie, die groen apie, die twee kabouters en die hennetjie kom verbygestap op soek na die hoed. Die tegniese versorging is goed. Helmut Starcke kán teken. Die vermakerige uitdrukking op die ou heks se gesig en die verskrikte uitdrukking op Tannie Weet-alles se gesig is sprekend. Daar is egter te veel besonderhede. Dit is verwarrend. Die ou heks se hande kan moeilik onderskei word van die individueelgetekende blare.

Waarom is die illustrasies nie in kleur nie? Kleur word só beklemtoon in die teks (die rooi strooihoed, die groen apie, Teddiebeer Bruintjie, die silwer sterretjie, die blikkie pers verf, twee groen bome by die stroompie, die pienk volstruisveer, die blougestreepte sokkie) dat swart-en-wit illustrasies eintlik onvanpas is.



DIE ROOI STROOIHOED

As in aanmerking geneem word dat fantasie so 'n groot rol speel, en dat hierdie boek dus by uitstek vir die kleuter geskik is, kon dit baie eerder 'n prenteboek gewees het. Nou is dit net 'n geïllustreerde boek en die illustrasies voldoen nie aan die meeste van die vereistes wat vir hierdie ouderdomsgroep se boek-illustrasies gestel word nie.

Die tekeninge in „Boggie Boemelaar" van Milde Broeksma is ook nog oorvol maar darem minder verwarrend. By „Die varing kry water" staan Boggie en Pietie teen 'n wit agtergrond. Elke blaartjie is individueel geteken, net soos 'n kind dit sou doen. Vir die kind van 4 tot 7 jaar word die geheelbeeld opgebou uit individuele onderdele. Kinders sal dus hierdie aspek van die illustrasie kan waardeer. Die fantasie speel 'n belangrike rol in hierdie tekening, en ook daarvan sal die voorskoolse kind hou. Die penhale is dik en swart en omlyn die onderwerpe. Dit is ook maar goed so, want daar is so baie voorwerpe in die enkele tekening dat dit andersins baie verwarrend sou wees.

Ook wat die teks betref is die bladsy te vol. Meer oop ruimtes sou die voorkoms baie verbeter het.



BOGGIE BOEMELAAR

Helmut Starcke oorlaai die illustrasies in „Die Boetie van die bos" deur Stoffel Cilliers nie so erg nie. By die



DIE BOETIE VAN DIE BOS

hoofstuk „Die Boetie van die bos en die Swartspruitstouterds" is daar 'n illustrasie van Boetie, Saartjie Soetstem, die Man in die maan en die Koning van die bos wat toekyk hoe die Maankindertjies en die Bosmensies dans. Die glimlaggende gesigte skep 'n vrolike atmosfeer. Kinders sal daarvan hou. Daar is geen agtergrond nie. Dit laat die figure beter uitstaan. Die fantasiefigure lyk baie soos gewone mense. Die onderwerp leen hom tot fantasie-uitbeelding wat egter nie ten volle benut word nie.

Die illustrasies sal weereens nie 'n besondere indruk op die kleuter en kind van vyf tot sewe maak nie. Hy sal lank moet kyk om te kan uitmaak wat aangaan. Die sentrale gedagte is nie met die eerste oogopslag duidelik nie. Daar is wel gepoog om lokale kleur aan die illustrasies te gee deur inheemse blomsoorte soos freesias, 'n rooi disa en kalkoentjies te teken, maar dit vorm nie altyd 'n integrale deel nie en lyk aangeplak. Weer is daar te min oop ruimtes by die teks en die illustrasies, veral as in aanmerking geneem word dat dit vir die kleiner kind bedoel is.

In die guns van hierdie illustrasies kan gesê word dat dit met 'n sterk hand gedoen is. Daar is geen fyn oorskakeling of subtiele nuanse nie, omdat die kind van hierdie ouderdom buitendien geen waarde daaraan heg nie. Die karakters is karikature en sal die kind bekoor, al maak dit geen blywende indruk nie.

Dieselfde fynheid van lyn en liriese toon wat Katrine

Harries se werk kenmerk, word ook aangetref by Karin Strömsöe se sketse in „Kloekie in die Wolke" van Effendi. Die perd op bladsy 6 is dekoratief. Die maanhare en stert is weelderig. Die heuwellandskap is met fyn, vloeiende lyne aangedui. Die perd word in die verhaal al groter en groter. In die skets verdwerg die perd alles en dit vorm die spil van die tekening. Kloekie is op die perd se rug. Hy klou nie vas nie, want hy is van die vooraangesig geteken, net soos kinders van sewe tot tien jaar teken. Dit sal dus vir die kind nie hinderlik wees dat hy sommer so „vasgeplak" teen die perd se rug lyk nie. Die buitelyne van die perd is oor en oor geteken. Dit gee dus nie die indruk van spontane tekenwerk nie.



KLOEKIE IN DIE WOLKE

Meer geslaagd is die oulike illustrasie op bladsy 9. Dit vorm 'n kanttekening wat die teks mooi omsluit. Die sketsie toon baie min detail maar daarin is baie opgesluit. Die wolk

KLOEKIE

IN DIE WOLKE



laat hom val. Hy kan miskien die perd se rug mis val. Die aarde is baie, baie ver onder hom.

„Ons sal jou wys hoe die reën gemaak word," roep 8-Geel.

Nog staan Kloekie stil. Hy kan nie besluit wat om te doen nie.

En toe roep 5-Rooi weer:

„Ons sal jou wys hoe die reënboog gemaak word. Ons werk ook daar."

Daardie woorde van 5-Rooi was genoeg vir Kloekie. Hy gryp die tou. Hulle laat dit 'n entjie verder afsak. Hy bind die punt om sy lyf vas en daar trek hulle hom op . . . op . . . op. Hy swaai heen en weer aan die punt van die tou. Nou weet hy darem dat hulle hom nie sal laat val nie. Hy kan voel dat hulle baie sterk moet wees.

Net voordat hy bo kom, kyk hy af. Wat sien hy daar onder! Sy perd word al kleiner en kleiner en kleiner. Die klein mieliepitjie het gewerk. Die heks het die waarheid gepraat. Netnou sal sy ponie weer daar onder

waarteen Kloekie opgetrek word deur die twee wolkmensies is met enkele penhale aangedui. Daar is baie beweging in hierdie prentjie: die kraginspanning van die een wat Kloekie optrek, blyk

nie net uit die hande en arms nie, maar ook deur die vastrap van die voete, die agteroor-houding van die liggaam en die toegeknypte oë. Kloekie lyk of hy werklik ver bo die aarde hang. Die haarstyl en kleredrag van die wolkkinders toon duidelik aan dat hulle nie gewone aardse bewoners is nie. In hierdie tekening het Karin Strömsöe bewys gelewer dat sy by uitstek 'n tekenkunstenares is. Sy het daarin geslaag om aksie uit te beeld, waarvan kinders van sewe tot tien jaar hou. Kinders sal ook hou van die twee wolkkindertjies, en die eenvoud van die tekening bring mee dat die aandag gekonsentreer bly op die aksie wat die hooftema vorm. Die tekening is goed op die bladsy geplaas. Die idee van hoogte word deur die plasing beklemtoon.

Karin Strömsöe illustreer ook „The cave of uncle Kwa," van Mary Phillips. Al die illustrasies spreek van haar fyn tekenwerk. Die tekeninge van die Boesmans is tegnies goed versorg. Hoewel die liggaamsbou dié van Boesmans is, is die gesigte te beskaafd om oortuigend te wees, veral as dit vergelyk word met die werk van François Krige. Miskien is dit die buitelyne van die lippe en die té donker wenkbroue wat die gesigte gegrimeer laat lyk en dus hierdie indruk van beskaafdheid skep.

Een van Karin Strömsöe se mooiste illustrasies is dié van die twee seilskepe wat Tafelbaai nader. Die skepe is in detail geteken, met maste, toue, patryspoorte en vlae. Die see is slegs vaag aangedui, asof van 'n hoogte gesien. Tafel-

berg, Leeukop en Duiwelspiek omarm die baai. Bokant die berg lê die bekende wolkkombers. Die illustrasie maak 'n indruk van sonlig en ruimte. Karin Strömsöe toon dat sy die on-



THE CAVE OF UNCLE KWA

derwerp goed ken, want die skepe lyk nie „nagemaak" nie. Dit verplaas ons dadelik na die tyd waarin die verhaal afspeel, voor die vestiging van die blankes op die suidpunt van Afrika. Die enkele golwe laat die see lewe. Die wapperende vlae dui die beweging van die seilskepe aan. Hierdie natuurtoneel is oortuigend deur die kunstenares geteken. Dit is fyn en die suiwer lyne het dekoratiewe waarde. Die boek is bedoel vir jongmense

van veertien jaar en ouer. Klein, dekoratiewe sketsies kom ook voor by die begin van hoofstukke. Die teks is hoofsaak, die illustrasies dien om die boek te verfraai. Aangesien dit ook so mooi inpas by die tipografie, kan hierdie boek waarlik as 'n mooi stukkie drukwerk beskou word.


„Van Hunks en sy pyp" is 'n oorvertelling van die ou sprokie deur Leon Rousseau. Omdat dit geskik is vir kinders van sewe tot tien, maak Karin Strömsöe 'n baie groter aantal illustrasies hiervoor as vir die vorige een. In hierdie pragwerkie kom baie karakters voor: Van Hunks, die soldate en slawe, die goewerneur, die sersant. Die tekeninge van hierdie mense is treffend. Die kleredrag is nie in besonderhede geteken nie, en tóg is dit eg van voorkoms. So verskyn daar op bladsy 9 'n illustrasie van die goewerneur. Hy is 'n imposante, gesette figuur. Die dik gesig getuig van die weelderige lewe aan die Kaap in daardie tyd. Die rykborduurde kleredrag steek skerp af teen die byna nakende slafie wat 'n sambreel oor die goewerneur hou. Waar die goewerneur fier en regop staan, staan die slafie effens vooroor, soos dit 'n slaaf wat moet behaag, betaam. Die wandelstok waarop die goewerneur leun, is 'n simbool van sy heerskappy. Ook die uitdrukking van strengheid en erns op die gesig, toon dat ons hier te doen het met 'n man wat sy gesag gewoonlik laat geld. In teen-



VAN HUNKS EN SY PYP

stelling met hierdie fyn beskaafdheid kry ons die illustrasie van Van Hunks wat na sy skatte kyk. Let op die geslepe gesig en die uitdrukking van wreedheid daarop. Hierdie illustrasie word deur die lig van die kers tot 'n eenheid saamgesnoer. Die kiste met geld en juwele staan met die deksels oop, sodat die kosbare inhoud sigbaar is. Die geld en juwele word nie

in detail geteken nie, want die vaagheid daarvan skep juis die indruk dat daar baie is.



VAN HUNKS EN SY PYP

Die illustrasies van mense is dus informatief. Die karakter word uitgebeeld asook die uiterlike voorkoms. Omdat die innerlike van die karakters getoon word, sal dit die kind se aandag boei.

Hierdie boek toon groot ooreenkoms met 'n prenteboek Op sommige bladsye vorm die teks net 'n onderskrif (bladsy 5, bladsy 38) en op ander plekke is die teks só geplaas dat die toe-

paslike woorde by die betrokke illustrasie staan (bladsy 11, bladsy 19). Enkele kleure (blou, bruin) word by sommige illustrasies gebruik soos 'n kind 'n prentjie sou inkleur, net baie meer effektief. Dit maak die boek interessanter om na te kyk. Dit is tog jammer van die swak papiergehalte, want in alle ander opsigte is dit 'n besonder verdienstelike kinderboek!

'n Illustreerder wat tegnies besondere welslae behaal het, is A.A. Langdown. Hy illustreer Jan en Bernice Britz se „Die drie hasies" met 'n aantal linosneë wat in 'n terra cotta-kleur afgedruk is. Ten spyte van die feit dat dit linosneë is, skep Langdown 'n vloeiendheid wat selde in hierdie medium



DIE DRIE HASIES

aangetref word. Sy illustrasies van die drie hasies wat weghardloop gee die vloeiende beweging baie mooi weer. Teen die wit lug is die hasies in silhoeët geteken. Die gras is met enkele snye gesuggereer. Hierdie illustrasie is baie dekora-

tief. Die drie hasies is almal verskillend gevorm. Let veral op na die ore wat verskillend is en dus die tekening interessant maak. Baie besonderhede word nie gegee nie, sodat die aandag nie afgetrek word van die vaart en beweging wat die hoofidee vorm nie. Op bladsy 44 verskyn 'n volblad-tekening van die „boer met sy besemstok" en die hond. Daar is baie minder beweging in hierdie illustrasie, maar dit pas uitstekend aan by die teks. Die boer word beskryf as 'n "vet ding wat wikkel en dril, 'n ding wat



DIE DRIE HASIES

regop draf, op sy agterpote, 'n ding wat 'n snaakse stok in sy voorpoot dra." So sien die hasies hom, en net so groot en lomp word hy hier uitgebeeld. Langdown slaag daarin om selfs die boer se groot, bonkige gesig uit te beeld. Die massiewe voorarm wat vorentoe wys toon aksie aan. Daar is genoeg kontras in hierdie illustrasie om dit interessant te maak. Die meeste van die illustrasies is getrou aan die feite in die teks. Daar is egter sommiges wat nie korrek is nie. Die teks deel mee dat Groot Poet „'n mooi klomp wortels" bymekaargemaak het; die tekening toon net drie wortels. Later staan daar weer dat die hasies „ore-in-die-nek" weghardloop; in die tekening is net een van die drie se ore plat teen sy nek.

As in aanmerking geneem word dat 'n linosnee gewoonlik 'n hele vlak vul sodat dit dikwels „vol" lyk, moet dit vermeld word dat hierdie illustrasies besonder duidelik is. Die leser sal nie twee keer hoef te kyk om agter te kom wat uitgebeeld word nie. Die illustrasies sal dus begryp kan word deur die kind van vyf tot sewe jaar vir wie die teks geskik is. Maar die linosnee reduseer alles tot die basiese vorm. Omdat die kind van hierdie ouderdom reeds die buitewêreld goed leer ken, sal hy miskien meer as net 'n basiese vorm verwag.

Langdown toon sy vaardigheid met die mes in die aantal houtsneë wat die boek van Eileen Hurley, „Fransie en die voëls". versier. Op bladsy 6 verskyn 'n volblad-illustrasie van ver-



FRANSIE EN DIE VOËLS

skillende soorte Suid-Afrikaanse voëls. Die uitbeelding is sodanig dat, ten spyte van min detail, almal herkenbaar is, van die mahem tot die kuifkopvisvanger. Langdown moes hier 'n verskeidenheid voëls uitbeeld, en dit kon baie maklik gelei het tot 'n prent met geen eenheid nie. Die boomstam dra baie daartoe by dat dit 'n geheel vorm, so ook die snawel van die voël wat in die rigting van die mahem wys. Teen die ligte agtergrond vertoon die meeste van die voëls baie duidelik. Hierdie illustrasie is dus informatief, want dit beeld elke voël so uit dat dit herkenbaar is.

'n Bevredigende illustrasie is dié een op bladsy 16. Dit toon Fransie wat aan 'n gebreekte tak hang, met die punt van die tak deur die sitvlak van sy broek. Langdown slaag uitmuntend daarin om balans te skep deur 'n byna volmaakte komposisie. Die seun se posisie vorm 'n boog, wat uitloop in die twee arms en hande. Die gebreekte tak vorm ook 'n boog. Die donkerste gedeelte van die houtsnee is in die onderste helfte en gee balans aan die illustrasie. Treffend is die kort, skerp snye wat die gras en ander plantegroei voorstel. Dit suggereer dat Fransie gaan seerkry as hy afval. Selfs met hierdie beperkende medium slaag Langdown nog daarin om die verskrikte uitdrukking op die gesig uit te beeld. Hierdie illustrasie is 'n klein meesterwerkie. Dit sal kinders se aandag hou, want die toneeltjie wek nie net 'n benoude gevoel nie maar prikkel ook die leser se humorsin.



FRANSIE EN DIE VOËLS

Tegnies is hierdie boek goed versorg. Die groot drukletter is geskik vir die kind van sewe tot tien. Hy sal die teks verstaan en ook van die illustrasies hou, hoewel dieselfde beswaar teen linosneë hier geld as by die vorige boek.

Langdown se pentekeninge in „Moks van Ver-wêreld"



MOKS VAN VER-WÊRELD

deur Hester Heese herinner sterk aan sy houtsneë. Die lyne is dik. Daar is geen skaduering nie. Op blady 17 het Moks vir Kompas aan die halsband beet, en hy beur. Ten spyte hiervan is daar min beweging. Die duinemol is veronderstel om kwaai te wees. Dit lyk egter of hy net toekyk. Alhoewel

daar so min van die innerlike, van die gevoel na vore tree, sal kinders van sewe tot tien jaar van die illustrasie hou omdat dit so direk en onopgesmuk is. Die tekenwerk is ook nie goed nie. Dit blyk uit die hond se kop en ore. Maar ook dit sal die kind nie hinder nie, want dit is nog as hond herkenbaar.

Dit is jammer dat die kantlyne so smal is. Sommige tekeninge raak feitlik aan die kant van die bladsy. Dit laat die boek so 'n bietjie afgeskeep lyk, en omdat die illustrasies soms te na aan die teks geplaas is, lyk die bladsye te vol.

Nog 'n boek van Eileen Hurley wat treffend geïllustreer is, is „Die padda wat dokter toe gegaan het," maar in hierdie geval is Roman Waher die illustreerder. Soos meer dikwels in die sestigerjare aangetref word, is die illustrasies in kleur. Die toneel is die Natalse kus. Die groen, swart en wit pas dus goed by die tema. Die verhaal begin soos volg: „Dit is 'n heerlike dag. Die son skyn, die wind roer net so effentjies, die see is glad en lomerig. Die hele boswêreld langs Natal se kus is vrolik." Ook in dié illustrasie heers daar 'n vrolike atmosfeer. Dit word weergegee deur die glimlaggende gesig van die son. Die piesangbome en slingerplante gee al dadelik 'n atmosfeer van weelderigheid, sodat die regte agtergrond geskep word vir die talle diere wat in hierdie boek die hoofkarakters vorm. Die see is hoofsaaklik in swart afgedruk en maak 'n kalm indruk, nie onstuimig en vrees-

aanjaend sodat dit die stemming versteur nie. Hierdie illustrasie is besonder dekoratief. Die gestileerde vorms van die blare van die piesangboom en palmbome, asook die strale van die son




DIE PADDA WAT DOKTER TOE GEGAAN HET

dra daartoe by.

Die meeste illustrasies in hierdie boek is van diere: paddas, verkleurmannetjies, springkane, skilpaaie en voëls. Hulle is herkenbaar as diere, ten spyte van die mens-

like eienskappe wat aan hulle gegee word. Dokter Trapsuutjies sit byvoorbeeld by 'n tafel, waarop sy medisyne gerangskik staan, maar hy lyk nog soos 'n trapsuutjies. 'n Illustrasie wat baie aantreklik is, is dié op bladsy 17 waar padda en skilpad gesels. Daar is kontras tussen die diere wat in ligte kleur geteken is en die donker agtergrond. Die dop van skilpad is be-



DIE PADDA WAT DOKTER TOE GEGAAN HET

sonder dekoratief: elke vierkant het 'n „ontwerp" op. Waher slaag daarin om met min besonderhede die gesigte van die diere sprekend weer te gee. Veral die padda se gesig toon duidelik dat hy besig is om te praat, en terwyl hy praat, beweeg sy „arms" en „hande" saam.

Hierdie illustrasies sal deur voorskoolse kinders geniet word om verskeie redes: In die eerste plek hou hulle van dierestories en dus ook van illustrasies van diere. In die tweede plek gee die groen 'n groot mate van kleur aan die illustrasie, en hulle hou van kleur. In die derde plek is elke illustrasie 'n mooi prentjie, en hulle hou ook dáárvan. Maar die

eintlike rede waarom kinders hiervan gaan hou, is die feit dat die diere vermenslik is. Die diere kan praat en voel, en kinders sal hulle maklik kan inleef in elk van die situasies. Dit is egter goed dat die diere in die eerste plek nog diere bly. Dit is veral die illustrasies wat dit aantoon.

As geheel gesien, maak die boek 'n gunstige indruk. Daar is afwisseling in die rangskikking van teks en illustrasies. Daar is skutblad-tekeninge wat mooi aanpas by die ander illustrasies, hoewel dit deur 'n ander illustreerder gedoen is. Die styl verskil, maar die groen kleur bind dit saam. Die omslagontwerp toon waaroor die boek handel, want hier is Padda by Dokter Trapsuutjies. Die band is stewig, die papiergehalte goed en die drukletter groot genoeg om tipografies by die illustrasies aan te sluit. Hoewel dit nie 'n groot kunswerk is nie, is dit 'n verdienstelike werk wat seker lank by die kleinspan gewild sal bly.

J.J. Bredenkamp maak illustrasies van 'n redelike gehalte vir verskeie boeke. In 1964 verskyn „Ou Mi'kai vertel: Tafelberg se wit karos" van Pieter W. Grobbelaar. Die illustrasies is pentekeninge met 'n helder geelbruin kleur daaroor gedruk. Dit gee letterlik en figuurlik meer kleur aan illustrasies wat andersins baie onoorspronklik sou wees. Op bladsy 43 is 'n illustrasie van die wit „karos" wat oor die berg afsak. Dit blus die brand wat gedreig het om alles te vernietig. Hoewel

die berg bedek is, is die bulte en klowe nog deur die „karos" sigbaar. Dit prikkel die leser se verbeelding, want hy word in staat gestel om 'n idee te vorm van die berg se voorkoms sonder die karos. Die ruie plantegroei op die voorgrond help ook om 'n idee te vorm van hoe dit hoër op sal lyk. Die tekening is origens baie eenvoudig. Die rook word net op twee plekke geteken en maak nie die indruk van 'n verwoestende veldbrand nie. Dit is nie 'n tekening wat 'n blywende indruk maak nie. Die mense in die ander tekeninge is nie individue met eie karakters nie, maar tipes. Daar is geen afwisseling in die rangskikking van die illustrasies nie. Die boek is geskik vir sewe- tot tienjarige kinders. Die illustrasies dra nie in besonder by tot die genot wat die teks verskaf nie.

Bredenkamp se illustrasies in „Oom Deon se helikopter" van dieselfde skrywer is in verskillende kleure afgedruk. Elke illustrasie is net in een kleur. Dit gee 'n bietjie meer kleur aan die boek, maar die kleurgebruik is nie konsekwent nie: in een tekening is die helikopter rooi, later weer blou of groen of bruin. Die meeste illustrasies is sonder verbeelding gedoen. Daar is niks oorspronkliks aan die karikatuuragtige figure nie. Die gesigsuitdrukkings is oordrewe. Die illustrasies is egter baie netjies en eenvoudig, en seuns van sewe tot tien jaar sal nie moeite ondervind om dit te begryp nie. 'n Illustrasie wat beter is as die gemiddelde, toon die verkeerskonsta-

bel op pad na die helikopter in die straat. Treffend is die outoritêre houding. Dit toon reeds dat dit 'n oortreding is as helikopters in Kaapstad se strate land. Hy stap met afgemete treë, doelbewus.



OOM DEON SE HELIKOPTER

Die plasing van illustrasies en teks is hier ook baie meer afgewissel as in die vorige boek. Dit vorm dus 'n groter eenheid, want op sommige bladsye kom illustrasies én teks voor.

Die groot drukletter harmonieer met die dik lyne van die illustrasies. Die geheel maak 'n skoon indruk.

Nog een van Grobbelaar se boeke, „Antjie Somers loop weer", is deur Bredenkamp geillustreer. Wat hier tref is die indruk van ruimte. Soms is tot 'n halwe bladsy oopgelaat, met slegs die ander helfte gebruik vir die teks. Geen van die illustrasies is omraam met 'n buitelyn nie, sodat ook dît bydra tot 'n aangename „oop" voorkoms. Ook hier is die tekeninge eenvoudig en duidelik. Bredenkamp weet hoe om die kind se aandag te trek. Die komposisie op bladsy 37 is só dat die leser



ANTJIE SOMERS
LOOP WEER

se aandag getrek word na die groot mes in Antjie Somers se hand. Sy pyl reg op Jan en Piet af wat ewe gerus onder 'n

boom sit en rus. Die plooie in haar rok wys dat sy stap. Daar is niks wat die aandag van die hooffiguur aftrek nie. Die berghelling op die agtergrond is net enkele strepe. Die rotse voor is net met buitelyne geteken. Daar is geen skaduering nie. 'n Donkerbruin word vir al die illustrasies gebruik. Dit kon net so wel swart gewees het, want dit het geen effek nie.

Brekenkamp se illustrasies is netjies afgewerk en sy tekenwerk is noukeurig gedoen, maar kunswaarde besit dit min. Daarvoor is die tekeninge té strak en stereotiep. Dit dien bloot as versiering, want slegs in enkele gevalle slaag hy daarin om die verbeelding van die leser te stimuleer. Ook kom die illustrasies nie altyd ooreen met die feite in die teks nie. In die drie boekdele „Fabels van Aesopus" is Takbok besig om homself te bewonder in die weerkaatsende water. Die illustrasie toon egter 'n koedoebul! (As dit miskien 'n poging is om lokale kleur te gee, is dit nie toelaatbaar nie omdat dit bots met die teks).

Daar kan nie soveel lof toegeswaai word aan die illustreerder as aan die uitgewer nie, want ten spyte van illustrasies van middelmatige gehalte, slaag die uitgewer nog daarin om 'n boek wat fisies aantreklik is, die lig te laat sien. Die keurige drukwerk en spasiëring dra veel daartoe by.

Die boeke wat Dorothy Hill Kühne in die vyftigerjare geïllustreer het, het die sprankelende van die teks gemis. Dit kan

egter nie gesê word van haar illustrasies in „Liewe Heksie kom weer", deur Verna Vels in 1965 nie. Dit handel oor 'n heks,



LIEWE HEKSIE KOM WEER



maar dit is nie 'n bangmaak-storie nie. Die toon is vrolik en opgeruimd, so ook die illustrasies. Op bladsy 48 is Heksie en Blommie besig om vis te vang. Met kinderlike ekstase is Heksie besig om 'n „skoenvis" uit te trek. Die twee hande op die visstok toon die konsentrasie, die kaal voete en oop mond die kinderlike oorgawe waarmee sy haar taak verrig. Die tekenwerk is goed. Die plantegroei op die oewer is met enkele hale aangedui en die swart rok kontrasteer goed met die omgewing. Hierdie karakterisering blyk ook uit die skets op bladsy 60, waar die liewe Heksie ou Geelheks met haar skoen oor die kop slaan. Die verskil tussen die twee se geaardhede is duidelik uitgebeeld. Ou Geelheks is wreed en sleg. Liewe Heksie toon slegs 'n vasberade uitdrukking op haar gesig. Daar is niks slegs in haar karakter nie. Liewe Heksie bly 'n geliefde figuur, ten spyte van die feit dat sy hier in 'n geveg betrokke is. Weereens is die tekenwerk goed. Let op die beweging. Heksie neem byna die houding van 'n swaardvegter in: die voete is stewig geplant om balans te verkry, die een arm balanseer die ander arm.

Die voorskoolse kind vir wie hierdie boekie geskik is, sal van die illustrasies hou omdat die Heksie so kinderlik uitgebeeld word. Die mooi karaktertrekke sal uit die teks en ook uit die illustrasies spreek. Die tekeninge sal 'n blywende indruk maak omdat die innerlike so sterk op die voorgrond tree.

Die boek is stewig gebind, die papiergehalte goed en die drukletter pas goed by die illustrasies. Dit is egter jammer dat daar nie meer illustrasies is nie, en dat die formaat van die boek nie groter is nie. Dit sou die algemene voorkoms verbeter het.

In „Lollie en die groot rooi posbus" van Rene Deetlefs is Dorothy Hill Kühne se illustrasies van swakker gehalte. Die intieme toon ontbreek hier. Oorvereenvoudiging bring ook mee dat dit nie soveel tot die leser spreek nie. Die formaat is wel groter en daar word van kleur gebruik gemaak, maar dit dra nie veel by om die boek 'n sukses te maak nie. Die papiergehalte is swak. Die gesig op die posbus is hinderlik. Dit is té menslik om nog as eg



LOLLIE EN DIE GROOT ROOI POSBUS

voor te kom. Die mense het weer te min uitdrukking op die gesig, en waar daar wel uitdrukking is, lyk dit aangeplak soos die „sieklike" glimlag op die posbode se gesig. Tipies van die illustrasies is dié een waar Lollie in die possak op die bode se rug gedra word. Sy het seëls op haar voorkop. Haar gedagtes en gevoelens spreek nie uit haar voorkoms nie.

Die tekenwerk is goed. Die houding van die bode wat op die sypaadjie klim, is oortuigend. Hierdie tekening is bloot 'n versiering. Dit is informatief want dit stel 'n episode uit die verhaal voor.

Dit kan wel in die guns van hierdie illustrasies gesê word dat dit in verhouding tot die teks goed geplaas is. Dit maak nie 'n oorvol indruk nie. Die enigste kleur wat soms gebruik word, is rooi, en dit pas natuurlik goed aan by die tema en titel van die boek. Die illustrasies is mooi groot en duidelik en dra by tot die aantreklike voorkoms van die boek, hoewel daar min is wat enige blywende indruk op die leser van sewe tot tien jaar sal maak.

Gewoonlik word vertaalde werke voorsien van die oorspronklike illustrasies. C. Collodi se „Kesie" verskyn egter in Afrikaans met illustrasies van Dorothy Hill Kühne. Op bladsy 56 sien ons die hoof van die bende Skobbejakke met Kesie in sy mag. Die hoof lyk soos 'n skurk; die ruie bos baard en die hoed diep oor die oë getrek, toon dit aan, maar dit is

veral die wrede en geslepe gesigsuitdrukking wat hom soos 'n skurk laat lyk. Kesie lyk nie net bang nie maar ook onnosel, asof hy nie weet hoe om die situasie te hanteer nie. Hoewel vermenslik, behou Kesie dus nog sy eienskappe as dier want 'n apie is nou maar een-maal nie so slim as 'n mens nie! Dit is opmerklik dat die kuns-tenares haar beste werk lewer as sy karakters uitbeeld wat nie in die daag-likse lewe voorkom nie: skurke, hekse en ander fantasie-figure. Die gewone mens (bodes, gewone dogtertjies) is altyd minder geslaagd. Haar goeie illustrasie sal dus tot die kind spreek, nie net omdat dit as illustrasies geslaagd is nie, maar omdat die temas ook die aandag van die kind sal trek. Sy is by uitstek illustreerder van die fantasie-verhaal en verhale waar-in die fantasie 'n groot rol speel. Daarom sal die kleiner kind haar werk kan waardeer.



KESIE

Freda Linde is bekend vir haar kinder- en jeug-boeke. „Die rooi haan" verskyn in 1963 met houtsneë van

Rainier J. Hintz. Die boek is geskik vir jeugdiges, daarom is houtsneë heeltemal vanpas. Die vloeiendheid van lyn wat die illustrasies kenmerk, kom mooi uit op bladsy 51. Kosie, die haan, gee 'n rondloper-hond 'n skop ten-einde Tos en Lie, twee ander hoen-ders, van gevaar te red. Baie detail word ge-gee: Kosie se vere is individu-eel weergegee, die kop is realis-ties met selfs die ooglid aangedui, die skubbe op die been en poot is duidelik. Daar is baie aksie in die illustrasie: die gekromde poot toon aan dat Kosie skop, so ook die oopgespalkte vlerke. Die hond kyk in die teen-



DIE ROOI HAAN

oorgestelde rigting as Kosie. Dit suggereer dat hy probeer vlug.

Die illustrasie is dekoratief. Die stertvere is nie realisties nie. Dit gee eerder 'n mate van swier aan die haan en het dus dekoratiewe waarde. Teks en illustrasie smelt hier saam tot 'n eenheid. Oor die algemeen gesproke is dit ook die geval met die ander illustrasies. Al die illustrasies is egter nie van dieselfde gehalte nie. Die een op bladsy 61 is onduidelik, verwarrend en het, uit die kuns-oogpunt gesien, nie 'n fokuspunt nie.

Die illustrasies maak 'n moderne indruk. Dit gee detail waar dit nodig is en laat dit weg waar dit nie nodig is nie. Dit is oor die algemeen as kunswerke geslaagd. Dit adem egter nie die gees van die teks nie en sal dus nie vir die jong leser in die besonder bydra tot die genot wat die verhaal bied nie.

Peter Clarke is die illustreerder van Freda Linde se boek „Snoet-alleen". Dit verskyn in 1964 en word bekroon met die C.P. Hoogenhout-medalje as die beste kinderboek vir daardie jaar. Clarke het grafiese kuns bestudeer in Amsterdam. Sy werk is ook in Europa en ander wêrelddele bekend.

In hierdie verhaal speel die fantasie 'n baie groot rol. Die illustrasies pas goed daarby aan. Die verhaal leen hom tot illustrasies in kleur, maar meer nog tot sagte, donker skakerings. Die houtskooltekeninge bied geen kleur nie maar wel die

sagte oorskakeling van een skakering na 'n volgende. Die medium gee aan die tekeninge 'n sagte, byna mistieke atmosfeer. Waar ons in die sestigerjare al kan verwag om kleur-illustrasies te vind, is die afwesigheid daarvan hier dus nie 'n gebrek nie.

Ons vind 'n besondere stemming in die illustrasie



SNOET-ALLEEN

op bladsy 18. Toto het pas wakker-geword. Hy het kort tevore met die erdvark, Snoet-alleen, gepraat. Nou kyk hy na die plek waar Snoet-alleen was. Sy gesig is dus weggedraai. Saam met Toto kyk ook die leser na dieselfde plek.

Dit vorm die fokuspunt en is die helderste vlak in die tekening. Dit is donker, daarom is alles vaag geteken. Die beddegoed is slegs met enkele vlakke aangedui. Die skemerlig val onegalig teen die mure. Daar is 'n rustigheid in hierdie toneeltjie wat goed kontrasteer met die wonderlike verskyning van die erdvark wat een oomblik nog daar was en nou verdwyn het. Die kalmte, die rustigheid, suggereer dat hy weg is.

'n Pragtige illustrasie van Snoet-alleen verskyn op bladsy 55. Die vroeë oggendskemering word oortuigend weer-

SNOET-ALLEEN



gegee met houtskool. Illustrasie en teks vorm 'n eenheid: „In die grys, koue oggendlug maak haar asem 'n dampkring


om haar kop met die regop ore. Haar snoet lyk so sag, kompleet of dit wegsmelt in die mis." Die bonkige figuur vertoon geheimsinnig tussen die bossies en gras. Die oog is nie duidelik sigbaar nie. Dit verskerp die idee van die skemering. Ten spyte van die swaar voorkoms is die dier tog ook sierlik; miskien word dit meegebring deur die een oor wat skuins wegstaan sodat dit nie té simmetries is nie. Die erdvark is 'n nagdier en dit blyk duidelik uit hierdie illustrasie. Hier is sagte vorme en subtiele skakering, tipies van 'n nagtoneel waarin daar nie skerp kontras is nie.

Die kind van agt tot elf jaar hou van realisme en van handeling. Hy sal dit vind in die teks en ook in die illustrasies. Die eenvoud en egtheid wat uit die tekeninge straal, sal tot die kind spreek, want juis daardeur kom die innerlike na vore. Peter Clarke skep stemmingsvolle kunswerk wat die simpatie van die leser opwek jeens hierdie sku, weerlose nagdier. Die lokale word sterk beklemtoon, want nie net is die erdvark 'n inheemse dier nie, maar ook die plantegroei en Toto is tipies van Afrika. Die duidelike drukletter verhoog ook die sagtheid van die sketse want dit kontrasteer daarmee. Tipografies is die samestelling en versorging baie goed. Hier het ons dus 'n boek wat al die elemente bevat om nog lank 'n treffer te bly, vir die kind sowel as vir die volwasse beoordelaar van kinderboeke. Die illustrasies dra in 'n groot mate daartoe by.

Günter Komnick illustreer „Dakkuiken" van Freda Linde. Komnick se kleurgebruik is treffend. Hy gebruik swart en olyfgroen. Die groen word herhaal in die titel op die titelbladsy en is een van die middels om teks en illustrasies tot 'n eenheid te vervleg. Die groot drukletter pas ook volmaak aan by die dun swart strepies wat in die meeste tekeninge voorkom. Ook dra die rangskikking van die illustrasies en gedrukte woord by tot die geheelbeeld. Soms is dit net die agtergrond (bome en ander plantegroei) wat twee bladsy aanmekaar skakel. Hoewel hier meer teks is as by die gewone prenteboek, is die indruk tog dié van 'n prenteboek. Daarvoor sorg die talle groot, sprekende illustrasies. Net soos die teks dien dit om die verhaal te vertel.

Komnick maak van 'n besondere tegniek gebruik wat aan sjabloneerwerk herinner. Groot vlakke, (soos klere, mure en dakke) is só gekleur dat een gedeelte yler is as die ander. Dit gee daaraan nie net 'n interessante voorkoms nie, maar gee ook 'n idee van skaduering wat spontaan gedoen is. 'n Goeie voorbeeld van sy illustrasies vind ons op bladsy 17. Die klein duifies sit met oop bekke in die nes langs die skoorsteen. Treffend is die goeie tekenwerk, die min detail. Slegs dít wat vir die kind van sewe tot tien jaar belangrik is, word geteken en beklemtoon: die oop bekke, die donsige vere. Die kind lees dat die nes langs die skoorsteen is, daarom word die bakstene van

die skoorsteen individueel geteken. Die nes is slegs enkele stokkies, die dak net met 'n paar lyne aangedui. Die groen



DAKKUIKEN

kleur wat vir die duiwe gebruik is, is geskakeer om ronding aan te dui.

Ook mense word oortuigend geteken. Oupa en Hansie kyk deur 'n mikroskoop na 'n veer. Dit vind ons op bladsy 55. Daar is min besonderhede rondom die twee figure. Die stoel is enkele strepe. Die tafel is net 'n gedeeltelik omlynde vlak. Hansie kyk deur die mikroskoop. Sy ogies is twee ronde kolletjies, want hy kyk stip. Oupa kyk nie, daarom is sy oë twee strepies. Weer is daar skaduering van die

groen kleur om vorm te gee. Die klem val op Hansie wat kyk.

DAKKUIKEN



Kinders sal dit waardeer, want hulle stel hulleself in die plek van Hansie en leef mee.


In hierdie boek is daar soveel pragtige illustrasies, dat dit jammer is dat almal nie bespreek kan word nie. Daar is die bos, soms yl en lig, soms donker en vol geheime. Daar is weelderige plantegroei, 'n bangmaak-uil en 'n verskrikte kat. Daar is oupa met 'n lantern, oupa wat die duifie verpleeg, oupa wat by die venster uitkyk. Wat 'n ryke verskeidenheid het ons nie hier nie, en van watter puik gehalte is dit nie! Die kind

wat nie 'n gevoel van deernis ervaar by die aanskoue van die dakkuiken, van oupa en van Hansie nie, sal nooit deur enige illustrasie geroer word nie!

Komnick voer sy styl nog verder deur in „Die Skaapstelers". Dit verskyn in 1965 in Afrikaans en in Engels. Die Engelse teks is deur Anthony Delius, en die titel is „A tale of two robbers."

Die illustrasie van die skape in die kraal, met koeie, 'n windpomp en die plaashuis op die agtergrond is so na die voorskoolse kind se smaak. Die skape is volgens 'n „skema" geteken. Almal kyk na vore. Al verskil is die kleur: sommige is donkerder, andere ligter. Dit is hier waar Komnick se kleuraanwending interessante afwisseling bring. Die kraal is geteken soos 'n kind van vier tot sewe jaar sal teken. Daar is geen begrip van ruimte nie. Die kraal is 'n vierkant (daar is geen perspektief nie), en die agterkant is net so breed as die voorkant. Die geheelbeeld bestaan uit dele, net soos die kind teken: daar is mure, en binne-in staan die skape - een vir een. Rooi en groen is oordeelkundig gebruik (net twee koeie en die dak is rooi; net die boom en die gras is groen). Hoewel albei helder kleure is, harmonieer dit omdat dit spaarsaam gebruik is. Komnick beklemtoon hier slegs dít wat belangrik is, naamlik die kraal, die gat in die kraalmuur en die skape. Die windpomp en dam, byvoorbeeld, is met ligte penhale geteken.

Daar is selfs net 'n halwe dam!



"Its off to the sheep-kraal," says Wolf.
"My stomach can't bear it!"
"Mine likewise," says Jackal.
"We'll just have to dare it."

A TALE OF TWO ROBBERS

Hoe goed Komnick dit regkry om die wese van 'n dier uit te beeld, blyk uit die tekening waar wolf 'n skaap doodgebyt het. Net die tong en die wond is rooi. Kyk net hoe kwaai lyk die wolf se oog! Kyk net die groot tande en skerp naels! Ai, maar wolf is honger en sy maag is leeg: kyk net

hoe wys die ribbes! Hoewel dit hier duidelik getoon word dat wolf 'n skaap doodgebyt het, word die wreedheid van die toneeltjie versag omdat die wond nie in detail geteken is nie - dis net



A TALE OF TWO ROBBERS

'n rooi vlek! Die skaap se wol is effektief geteken. Dit bestaan uit krulletjies wat individueel geteken is. Die skaap wat met sulke stywe pootjies lê, sal die simpatie van die kind wek.

Dit is jammer dat die teks op hierdie bladsy nie goed geplaas is nie. Dit is moeilik leesbaar omdat die muur grys is en dit is daarteen afgedruk.

Hierdie prenteboek is werklik 'n aanwins vir ons kinderlektuur. Die tekeninge is sprekend, dit vertel die verhaal meer as wat die teks dit doen en die gehalte van die illustrasies is puik.

Komnick sit hierdie tegniek voort in 'n latere publikasie, naamlik „Botter-aas" met die teks deur Freda Linde. Hier is die plasing van illustrasies en teks beter as in die vorige werk. Die tekeninge word ook minder dikwels „afgesny" deur die kante van die bladsye. Dit is dieselfde wolf en dieselfde jakkals as in die vorige boek, en die tekeninge bevat dievat dieselfde goeie kenmerke. Dit maak selfs nog 'n beter indruk as in „Die skaapstelers". Aangesien dit egter in Oktober 1966 gepubliseer is, val dit buite die tydperk wat gedek word en word dit dus nie verder hier bespreek nie.

Howard Timmins, een van ons bekendste uitgewers, het vanaf 1961 'n reeks boeke oor naturelle-sprokies uitgegee. Die eerste boek in die reeks, „Zulu fireside tales", deur Phyllis Savory, is geïllustreer deur Sylvia Baxter. Die inhoud is twaalf tradisionele verhale en is ryklik geïllustreer met pentekeninge. Dit wissel van volblad-illustrasies tot klein blad-

vullers. Die tipiese van die kuns van Sylvia Baxter kom baie mooi uit in die volbladillustrasie op bladsy 26. Hier word die



gees van die boek baie mooi weerspieël: die fantastiese en bo-natuurlike bepaal die atmosfeer. Daar word vertel waarom jakkals tot vandag toe nog 'n lafhartige dier is. Die illustrasie toon Nompofo, die meidjie, wat in die ruigtes skuil, en die jakkals wat gestuur is om haar dood te maak. Daar is vrees op haar gesig as sy met groot oë kyk. Die sluheid op die gesig van die jakkals is sprekend. Wat in hierdie illustrasie veral tref, is die harmonie van lyn. Die figuur van Nompofo buig effens na links, dié van die jakkals vorm weer 'n boog na regs. Die kunstenares openbaar 'n besondere siening in die plasing van die jakkals. Hy is nie op dieselfde vlak geplaas as Nompofo nie, want dan sou hy byna onsigbaar gewees het tussen al die struikgewas. Nou skep hy die indruk van 'n aanvaller wat op sy prooi afkom, en die weerloosheid van Nompofo word hierdeur beklemtoon. Sylvia Baxter is ook by uitstek 'n realistiese kunstenares. Let op die blare wat individueel geteken is. Haar illustrasies is ook dekoratief. Daar is byvoorbeeld mooi „ontwerpe" op die boomstam.

Die kleiner tekeninge veral spreek deur hulle besondere dekoratiewe waarde. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die tekening van die twee slange op bladsy 33. Die slange lê opgekrul met die koppe omhoog-gelig. Die tekstuur en patroon wat die skubbe vorm, word in besonderhede weergegee. Die agtergrond gee lokale kleur aan die illustrasie, want dit bestaan uit twee Leonotis leonorus-plante wat volop in Natal voorkom. Ook hier is die blomme en blare realisties geteken. Die wolke

is met stippellyne en kartels aangedui. Die geboë lyne van die blomstengels omraam die slange en selfs die grondoppervlakte

ZULU
FIRESIDE
TALES




tussen die slange en die plante vorm 'n geboë lyn wat meer dekoratiewe waarde het as byvoorbeeld 'n reguit lyn.

Omdat hierdie illustrasies hoofsaaklik dien as versiering kan verwag word dat dit tipografies saam met die teks 'n geheel moet vorm. Dit is wel so. 'n Inherente deel van die boek is dit egter nie. Dit spreek nie tot die jong leser omdat dit 'n onafskeidbare deel van die teks geword het nie. Dit is egter nie so noodsaaklik nie, want jongmense kan eerder as kinders hulle inleef in die gees van die boek, sonder dat illustrasies essensieel is om hulle daartoe te help.

Die tweede boek in hierdie reeks, „Matabele fireside tales" is deur dieselfde outeur en dieselfde illustreerder. In

hierdie werk kom egter meer bladvullers voor, en die indruk van fyne afwerking is hier selfs nog sterker. Die illustrasie van drie ystervarkies toon Sylvia Baxter se vermoë om deur middel van afwerking 'n illusie van baie detail te skep, hoewel die ystervarkpenne byvoorbeeld nie almal in volle detail is nie. Die



MATABELE FIRESIDE TALES

diere maak nie net 'n baie oulike indruk nie (kinders sal sommer van hierdie diertjies hou) maar esteties bevredig hierdie tekening ook, omdat daar grasie in die lyne is en omdat die baie lyne geensins verwarrend is nie. Die drie ystervarke is so geplaas dat die tekening 'n vlak driehoek vorm. Twee van hulle is nader aanmekaar en die derde 'n bietjie verder na regs, sodat die komposisie nie eentonig is nie.

Die verskillende soorte vlieënde voëls op bladsy 37 word in swart en wit geteken. Dié naaste aan die voorgrond is wit, die ander word donkerder hoe verder hulle weg is.

MATABELE FIRESIDE TALES



Hulle word saamgesnoer deur die sierlike lyn van hulle vlug, ook deur die lyne van die wolke. Die afwerking is fyn. Dit is realisties, en tóg herinner dit aan 'n skim van die fantasie. Kinders en jongmense wat in diere belangstel behoort hierdie illustrasie te kan waardeer.

As geheel gesien is die realistiese illustrasies 'n bron van informasie. Die tekenwerk is puik. Die rangskikking bied genoeg afwisseling om eentonigheid te voorkom. Dit is egter tekeninge van diere soos hulle lyk, nie soos hulle is nie. Die uiterlike word byna perfek weergegee, die innerlike bly verskuil. As versiering is die illustrasies egter geslaagd.

Die derde boek in hierdie reeks, „Basuto fireside tales" is ook geskryf deur Phyllis Savory, maar die illustreerder is hierdie keer Jillian Hulme. Die illustrasies besit nie die strelende en byna romantiese atmosfeer van sommige tekeninge van Sylvia Baxter nie. Hierdie is ook wit en swart tekeninge, maar die toon daarvan is heeltemal anders. Die angswekkende, die bonatuurlike en vreesaanjaende word uitgebeeld. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die volblad-illustrasie op bladsy 41. Teen die monster op die rots lyk Sankatane klein en weerloos.

Die illustrasie is in detail gedoen. Die enorme skubbe en vratte op die monster se vel word in besonderhede geteken, en ten spyte van die afskuwelike daarvan vorm dit 'n dekoratiewe

BASUTO FIRESIDE TALES



patroon. Die reusagtige grootte van die monster benadruk sy wilde, onherbergsame omgewing. Die ruwe rots en gapende skeure, asook die gebrek aan plantegroei beklemtoon die woestheid van die landskap, soos dit moes gelyk het in die oertyd. Selfs die wolke omraam die monster se kop en nek en trek die aandag na die afskuwelikheid daarvan. Die illustrasie is geslaagd omdat dit nie net tot die oog spreek nie, maar ook tot die gevoel. Veral die kleiner kind kan maklik nagmerries kry as hy te lank hierna kyk. Hierdie tipe illustrasie is natuurlik nie gewens in die kinderboek nie, omdat dit die lelike beklemtoon. Maar aangesien dit die gees van die verhaal weerspieël, en aangesien die monster gedood word deur die dapper Sankatane, is dit toelaatbaar. Die kwade word gestraf! Omdat daar werklik weinig hiervan voorkom in die Suid-Afrikaanse kinderlektuur, kan so 'n enkele voorbeeld nie veel skade doen nie.

Die verhale in hierdie bundel het meesal 'n ondertoon van die afsigtelike, en dit is juis hierdie elemente wat Jillian Hulme uitkies vir haar illustrasies. Op bladsy 46 is daar 'n illustrasie van 'n halfmens-halfslang, wat sy vrou agtervolg. Die wrede uitdrukking op sy gesig, en die uitdrukking van verskriktheid op die gesig van die meidjie word duidelik weergegee. Die agtergrond met bome en ander plante, berge en koppies dien om die angswekkende in hierdie illustrasie te versag. Weereens word detail gegee: let op die ontwerp van die kombers. Ten spyte van die dekoratiewe aard van hierdie illustrasie, is dit weer die



sinistêre wat 'n blywende indruk maak, veral op die gemoed van die kind.

Wat inhoud en gees betref, vul die illustrasies die verhale aan. Dit is egter jammer dat die reëlmaat in die rangskikking nie afgewissel is nie. Die eenderse formaat (volbladgrootte) help ook nie juis om die eentonigheid te verbreek nie.

Dit is goeie leesstof vir groterige kinders en jongmense, sonder om in enige opsig buitengewoon te wees.

In „Fireside tales of the hare and his friends" van Phyllis Savory, verskyn verdere illustrasies deur Jillian Hulme. Hoewel daar ook tekeninge is wat die angswekkende uitbeeld, is die toon in die meeste gevalle meer opgewek. Een van die kleiner illustrasies verskyn op bladsy 40, en dit toon die ondeundheid van Kalulu, die haas. Kalulu het die stert van die hiëna afgesny, en nou dans hy daarmee bo-op sy kop. Dit is veral die stout ogies wat eenkant toe loer, wat so 'n vrolike, ondeunde uitdrukking aan die gesiggie verleen. Die voorpote omraam die gesig en vestig die aandag nog meer op die uitdrukking. Die dansbeweging word duidelik afgebeeld: dit lyk meer na vrolike bokspringe. Hierdie tekening is net 'n bladvuller wat veral baie dekoratiewe waarde het.

Selfs in die tekeninge waarin emosie soos skrik, angs en benoudheid voorkom, is die toon nog lig. 'n Goeie voorbeeld

FIRESIDE TALES

OF THE HARE AND HIS FRIENDS






hiervan vind ons op bladsy 16 waar Kalulu sy Moses teëgekom het. Hy was te lui om put te help grawe. Nou steel hy daagliks water. Skilpad skuil egter in die water en vang hom aan die been om hom aan koning Olifant uit te lewer. Daar is wel skrik op Kalulu se gesig leesbaar, maar die uitdrukking sal die leser nie nagmerries gee nie. Dit toon bloot dat luiheid gestraf word. Die reaksie by die leser sal stellig wees: dis sy verdiende loon! Hierdie illustrasie weerspieël dus die didaktiese strekking van die verhaal.

Die illustrasies is fyn afgewerk, realisties weergegee en afwisselend met die teks geplaas. Kleiner kinders sal van die ligte toon daarvan hou. Daar is niks van die sinistêre wat by die vorige boeke aangetref is nie.

Die laaste in hierdie reeks is „Xhosa fireside tales". Die illustreerder is dié keer Gerard Bhengu, en wat 'n welkome afwisseling is die monotoon-illustrasies nie! Die kleur is sjokolade-bruin. Almal is volblad-grootte en is klein „skilderytjies". Die landskap speel in al die illustrasies 'n groot rol. Dit verleen 'n landelikheid wat by die meeste 'n stille, rustige atmosfeer skep. Die toneel op bladsy 68 is 'n vergesig oor die heuwels. Beeste wei teen die helling. Twee wagtertjies rus op die voorgrond. Die verhaal vertel van die wreedheid van hulle vader. Daar is egter niks daarvan in hierdie illustrasie te bespeur nie. Die wasigheid van die vergesig, die samesmelting van mens en

dier in die omgewing en die afwesigheid van skerp kontraste maak hiervan 'n idilliese toneeltjie wat die gemoed van die jong leser streel.



XHOSA FIRESIDE TALES

„Congo fireside tales" is deur 'n New Yorkse uitgewer uitgegee. Die illustreerder is Joshua Tolford. Daar is swart-en-wit pentekeninge, hoofsaaklik van diere. Baie hiervan is nie oortuigend nie. (Aangesien hierdie egter nie 'n Suid-Afrikaanse produk is nie, word dit slegs genoem.)

Phyllis Savory se volksverhale van die Bantoe moet in die regte lig gesien word. Die temas van die verhale is almal in 'n mindere of meerdere mate verstaanbaar vir die kleiner kind. Die siening, die interpretasie is egter dié van die Bantoe, en dít is nie altyd so duidelik vir die kind nie. Die woordkeuse en sinskonstruksie is ook dikwels nie geskik vir die kleiner leser nie. Veel eerder is hierdie boeke geskik vir die jeugdige en volwassene. Daarom ook dat die illustrasies nie tipiese kinderboek-illustrasies is nie. Hoe goed het illustreerder en uitgewer hierdie toestand opgesom! Die gevolg is dat die reeks pragtige leesstof vorm vir die kleiner groepie jongmense en volwassenes wie se belangstelling in hierdie rigting lê. Omdat die lokale kleur alles in hierdie reeks oorstraal, het dit natuurlik ook Africana-waarde.

Opsommenderwys kan dus gestel word dat, ten spyte van die baie elemente van die kinderboek, soos byvoorbeeld die groot rol wat die fantasie speel, die didaktiese strekking en die gevolglike beklemtoning van die positiewe, die baie uiterlike handeling, personifikasie van diere en prikkeling van die verbeelding,

is dit weens die inkleding van teks en illustrasies eintlik leesstof vir die jeugdige en die volwassene.

Wat in die vorige twee paragrawe gesê is, geld in alle opsigte ook vir Greta Bloomhill se „The sacred drum". Die folklore van Sentraal-Afrika vorm die tema, maar dit is uitgegee deur 'n plaaslike uitgewer en kan as tipies van Afrika beskou word, al is dit dan nie tipies van Suid-Afrika nie.

Die werk van Leonora Kibel, die illustreerder, mag miskien deur sommige kinders gewaardeer word, maar linosneë is nie vir die kleiner kind die geskikste medium nie. Die illustrasie teenoor bladsy 110 toon waarom nié. Harinda laat toe dat 'n luislang haar in sy kronkels vasdruk. Die luislang kan genees en sy doen dit om haar vader van 'n dodelike siekte te red. Die kind sal in hierdie illustrasie soek na die krag waarmee hierdie luislang druk. Dit word nie getoon nie. Harinda moet seerkry, en dit moet sigbaar wees. Dit is nie. By hierdie tipe gebeurtenis soek die kind na aksie. Hy sien geen aksie nie.

Hierdie gebreke (vir die kind) is nie 'n gevolg van swak werk van die illustreerder nie. Dit is die medium wat hom nie leen tot die uitbeelding van spiere wat span, gesigsuitdrukking of handeling nie. Die linosnee werk met vlakke. Daar kan nie altyd baie detail wees nie. As linosnee is dit wel geslaagd.

THE SACRED DRUM



Die belangrikste vlakke word geskei deur dun wit lyne. Daar is balans in die figuur van Harinda en dié van die slang. Die vladderende voëls en die yl plantegroei vul die oop ruimtes langs die mensfiguur. Slegs die armbande, halssnoer en enkele ander versierings gee 'n bietjie detail. Origens is dit eenvoud wat uit die illustrasie straal. Dit is nie 'n illustrasie wat die gevoel van die leser raak nie. Inteendeel, dit is as versiering bedoel en dit is al wat dit is. Dit geld ook vir die enkele ander illustrasies wat yl-versprei voorkom.

In teenstelling met bogenoemde boeke kry ons ligte ontspanningsleesstof vir die jeug. In alle moderne westerse lande is daar talle sulke boeke. Die meeste is nie geïllustreer nie.

Een van die gewilde skrywers van leesstof van hierdie aard is Wim Hartman. Sy boek „Geheim van die haaikus" het, wat die teks betref, nie veel om die lyf nie. Daar is volop avontuur en spanning. Aksie en intrige speel 'n groot rol. Wat dit egter verhef bo die gewone, is die talle illustrasies deur Van Schöltz. Die formaat van die illustrasies wissel van groot tot klein. Die grein van die papier waarop dit gedoen is, wys duidelik en gee daaraan so 'n tikkie andersheid, 'n besondere tekstuur.

Op bladsy 38 is dit duidelik te sien. Ronnie en Willem lê op die strand en bespreek hulle geheime. Die grein

van die tekenpapier word hier hoofsaaklik gebruik om die materiaal waarvan hulle klere gemaak is, weer te gee. Dit gee aan

GEHEIM VAN DIE HAAIKUS



die slenterbroek 'n egte voorkoms. Die tekenwerk is besonder goed gedoen. Net twee jong seuns sal op hierdie manier lê en hulle sake met mekaar bespreek. Let veral op die regte luilekker vakansie-atmosfeer wat spreek uit die seuns se houding. Daar is nie baie kontras tussen lig en skaduwee nie, want dit stel 'n toneeltjie op die strand voor waar die sonlig op die wit duin weerkaats en daar min skaduwees is. Die yl duingras word met enkele strepe aangedui en plaas die figure „op die strand". Schöltz slaag ook in verskeie sketse daarin om die regte atmosfeer te skep. Die illustrasie op bladsy 32 wys die


paddamanne op die strand. Die figure is nie in detail geteken nie. Eintlik vorm die paddamanne net donker kolle teen die donker agtergrond, want dit is 'n nagtoneel. Wat besonder treffend is, is die vae aanduiding van see en lug en skuimende branders as agtergrond. Slegs die wit van die skuimende water staan duidelik uit. Die wasige buitelyne van die figure verhoog die indruk van die duisternis. Die figure is regs in die illustrasie geplaas, sodat die see aan die linkerkant sigbaar is. In hierdie illustrasie word meer gesuggereer en minder direk gesê. Dit is veral die weergawe

GEHEIM VAN DIE HAAIKUS



van die vakansie-atmosfeer, die beklemtoning van die avontuurlike en die geheimsinnige en die knap tekenwerk wat die sukses van die illustrasies verseker. Dit is nie groot kunswerk nie en maak ook nie 'n onuitwisbare indruk nie. Dit bevredig op 'n ligte, oppervlakkige wyse en pas goed aan by die hele opset van die verhaal. Dit dien naamlik as ligte ontspanningsleesstof.

„Oor die Gariep" van Victor Pohl, vertaal deur W. Grütter, is een van die min jeugboeke wat Suid-Afrikaanse geskiedenis as agtergrond het en boonop geïllustreer is. Jane Heath se illustrasies vul die tema aan. Daar is wilde diere en vergesigte. Die ontberings van die trek blyk uit geraamtes in die veld en lyke van vermoordes. Die hiëna op bladsy 122 is effektief weergegee.



OOR DIE GARIEP

Die oë is net twee donker holtes; die skuins rug en hangende kop dui op die dier se skelm geaardheid. Die veld om hom word gesuggereer deur gras, meesal in die skaduwee om by die donker figuur aan te pas. Daar is geen skerp buitelyne nie. Die harige lyf word goed weergegee sonder skerp buitelyne.

As gevolg van die historiese agtergrond verwag ons om herinner te word aan daardie tydperk. Dit vind ons in die kleredrag van verskeie figure: die blanke is gekleed in velskoene, en ander klere tipies van daardie tyd. Die Bantoes is byna nakend, soos op bladsy 37. Wat interessant is, is die behande-





OOR DIE GARIEP

ling van lig en skadu om die drie figure tot 'n geheel saam te snoer. Ook agter die drie figure is niks as skaduwees aangebring nie. Dit vorm voldoende agtergrond, want die aandag van die drie figure en ook van die leser word gelei na die geraamtes op die voorgrond, regs. In hierdie illustrasie is dit weereens die realisme wat tref. Die kopbene en ander bene wat verspreid lê, is besonder lewensgetrou weergegee. Hierdie illustrasie adem ook die gees van die boek, want die onbekende kom weer hier na vore. Die figure vorm eintlik ontdekkingsreisigers. Jane Heath se illustrasies is uitdrukkingsvol. 'n Goeie voorbeeld hiervan vind ons op bladsy 128 met Pierre en Stompie na baie ontberings. Die houding van die twee figure dui op vermoeidheid en gehawendheid. Omdat dit die hooftema van die illustrasie vorm, is daar geen aandag gegee aan die gesigte nie, asof die gesigte weens die ontberings uitdrukkingloos is, Die stapbeweging blyk duidelik. Hierdie is nie 'n tekening wat met fyn strepies gedoen is nie. Die growwe tekstuur van die illustrasie pas baie mooi aan by die onderwerp.

Die illustrasies help om die boek aantrekliker te maak. Die variasie in die rangskikking van teks en tekeninge voorkom eentonigheid. Die illustrasies is realisties genoeg om informatief te wees en stemmingsvol genoeg om die atmosfeer te beklemtoon. Dit is geskik vir jongmense, veral seuns, omdat hulle self avontuurlustig is en daarvan hou om die vreemde te ontdek. Die illustrasies van vergesigte, wilde diere, ontberings en avontuur

sal dus ook in die smaak val.

Wat 'n verrassing was die 39ste druk van Sangiro se „Uit oerwoud en vlakte" in 1965 nie! Dit is 'n nuwe uitgawe en die bekende illustrasies van Hans Anton Aschenborn is vervang met dié van Pieter de Weerdt.

Uit 'n vergelyking van dié twee illustreerders se werk blyk die volgende:

1. Die temas is naastenby dieselfde.
2. Aschenborn se illustrasies is kleiner, dié van De Weerdt is van volblad-formaat.
3. De Weerdt gee die uiterlike in detail; Aschenborn gee minder besonderhede.
4. Aschenborn se illustrasies is stemmingsvol, dié van De Weerdt is saaklik en nugter.

'n Goeie voorbeeld van De Weerdt se werk is dié van mahemme in vlug op bladsy 167. Weelderige vleigras en struike vorm die agtergrond vir die sierlike voëls. Eintlik smelt hulle saam met die omgewing. Die lyne van die bene wat agtertoe wys, bring egter mee dat hulle tog duidelik sigbaar is, want dit kruis die lyne wat die takke en grasspriete vorm. Die tekenwerk is goed sodat die voëls as mahemme herken word. Hierdie toneel vorm nie 'n belangrike deel van die verhaal nie. Dit




UIT OERWOUD EN VLAKTE

word slegs vermeld dat die voëls van woonplek verander. Dit is slegs 'n flits om dit wat terloops genoem word, meer betekenis te gee. Die funksie is dus om die teks aan te vul. Dit dien natuurlik ook as versiering. Die leeu op bladsy 35 is van die sy-aangesig geteken. Die ruie maanhaar, die oop bek en gespierde lyf is goed geteken. Hy staan teen ruie struikgewas. Dit is egter net 'n tekening wat die uiterlike toon. Die wese van die dier kom nie tot uiting nie. Dit slaag nie daarin om die stemming in die teks weer te gee nie.


Ongelukkig is De Weerdt se diere nie altyd oortuigend nie. Die bonkigheid van die renoster en die oulikheid van die klein leeutjies word dikwels gemis. 'n Verdere gebrek is ook dat die volblad-illustrasies te vol is. Daar is min oop ruimtes aan die kante gelaat. Die bekoring van byvoorbeeld Aschenborn se maanlignag ontbreek, nog minder kry ons die indruk dat die plantegroei tipies van die bosveld is. Daar is dus min atmosfeer. Maar De Weerdt se werk is aanskoulik, hoofsaaklik weens die groter formaat. Die jeugdige sal dit so vind. Dit sal egter nie dieselfde blywende waarde hê as die werk van Aschenborn nie, want dit vorm nie 'n inherente deel van die boek nie.

Nog illustrasies deur De Weerdt verskyn in 1966 in Jenny Seed se boek „The always-late train and other stories". Dit is 'n boek vir die kind van vyf tot sewe jaar. Lewelose



dinge ('n trein, 'n bus, 'n horlosie) word voorgestel as dinge wat kan dink en voel. Daarvan sal die kind hou. De Weerdt

Jenny Seed
THE ALWAYS-LATE TRAIN
and other Stories



gee aan hierdie dinge 'n interpretasie in ooreenstemming met die kind se siening. Die trein op die titelbladsy het 'n yslike skoorsteen. Die drywer word in aksie geteken. Elke seun van hierdie ouderdom wil mos graag eendag treindrywer word, daarom is hierdie figuur so prominent. Die boom het wortels, 'n stam, takke en blare. Dit word so geteken. Hoe pragtig suggereer die rook-bolle die „poef-poef" van die outydse lokomotief! Dit titel en die illustrasie word juis 'n eenheid omdat die rook selfs nog hoër styg as die bewoording.

Al die illustrasies getuig van tekenvaardigheid, gekombineer met die elemente van kinderkuns. Die klem val deurgaans op dít wat vir die kind belangrik is. Daar is byvoorbeeld aksie: melkkanne word opgelaai, kinders hardloop van die vakansiebus af weg, die sleepboot beur deur die golwe, die inbreker lig met sy flits op die horlosie.

Die groot drukletter pas aan by die groot, netjiese, duidelike tekeninge. Dit is jammer dat daar nie meer tekeninge is nie en dat dit nie in kleur is nie. Die tekeninge maak reeds van hierdie boek iets besonders, maar dit kon nog meer daarvan gemaak het. Die afsetgebied vir Engelse boeke is groter as vir Afrikaanse boeke, daarom kon die uitgewers gerus maar die ekstra geld gespandeer het om kleur en om meer illustrasies te gebruik.

Die illustrasies van A.A. Telford in „Die wêreld wat was" deur Fritz Steyn, herinner aan Caldwell se tekeninge in

„Jock of the Bushveld".

In ooreenstemming met die titel van die boek, plaas die tekening op bladsy 23 ons terug na die outyd. Die motor uit die jaar nul staan. Die verkoeler kook en daar word water bygegooi. Daar is iets komies in die wyse waarop die oubaas met die baard die stuurwiel vasklem. So 'n motor sien ons nie aldag nie, so 'n bestuurder ook nie. Vandag se kinders ken dit nie meer nie en dit sal veral seuns van bo tien jaar interesseer. Die vaardigheid met die tekenpen is opvallend. Die agtergrond is in breë trekke geteken, die mense en die motor in besonderhede. Dit gee die gees van die verhaal weer, nie net omdat die voorwerpe outyds is nie, maar ook omdat die tekenstyl nie modern is nie.

DIE WÊRELD WAT WAS



In vergelyking met die teks beslaan die tekeninge nie veel ruimte nie. Dit is op verskillende maniere in die teks gerangskik. Almal is baie realisties, en almal dra die stempel van toeka se dae. Dat 'n illustreerder in die sestigerjare

daarin slaag om so eg-outyds te teken omdat die teks dit vereis, is prysenswaardig.

Meer modern is die styl van E.T. van Hove in A.A.J. van Niekerk se boek „Snippie". Kenmerkend hierin is die illustrasies van plaasdiere. Op bladsy 11 verskyn Kosie saam met die „beeskalf" in die kraal. Boela staan buite en loer deur die pale. Ons kan sommer sien dat Kosie lus het om met die kalf te speel. Kyk na sy uitgestrekte hand. Die kalf staan reg om weg te spring. Die oë hou elke beweging van Kosie dop. Die wyd-geplante pote is reg vir die wegspringslag. Die illustreer-



SNIPPIE

der toon hier dat hy vaardigheid besit. Die kalf, die kraal, Boela en Kosie is realisties geteken. Seuns van tien tot twaalf jaar sal van die storie en die illustrasies hou, want hulle verkies handeling en baie besonderhede. Dit vind hulle hier. Kunswaarde het die illustrasies egter min. Die kind se verbeelding sal nie gestimuleer word nie, omdat die siening van die illustreerder niks buitengewoons openbaar nie.

Heelwat minder detail word aangetref in L.Darval se tekeninge vir „Bobbie van der Jaan" van Minnie Postma. Die boek is geskik vir kinders van sewe tot tien, en die illustrasies toon soms ooreenkoms met kinderkuns. Die boom op bladsy 56 is soos 'n kind van sewe tot tien sal teken. Die loof is in een massa geteken en is ovaalvormig. Dit lyk of 'n vaste „skema" gebruik is vir die loof, asof enige boom se loof so geteken sal word. Die figure is met min detail geteken. Dit is egter lewensgetrou. Miskien is dit die sprekende gesigsuitdrukkings wat hierdie indruk verskerp.

Die kostelike tekening op bladsy 2 prikkel die lagspiere. Oom Josef sit en wag op die trein. Die bobbejaantjie ook. Oom Josef se bene is gekruis. Die bobbejaantjie s'n ook. Albei lyk moeg gewag. Albei is patetiese figure. Die ooreenkoms tussen mens en bobbejaan was nog altyd vir groot en klein 'n bron van groot vermaak. Hier is dit weer die geval. Met min besonderhede is hier 'n lewensgetroue





BOBBIE

VAN DER JAAN

beeld geskep. Dit is die innerlike wat tot uiting kom. Dit sal die gemoed van die leser raak.

Die drukletter en illustrasies harmonieer. Dit is jammer dat daar nie meer afwisseling in die formaat en rangskikking van die tekeninge is nie.

„Stories vir die kleingoed" van Eveleen Castelyn met illustrasies van Eric Smith, is bedoel om aan die voorskoolse kind voorgelees te word. Ons verwag dus baie illustrasies van groot formaat, verkieslik in kleur. Ons vind egter min illustrasies, almal in swart en wit en slegs enkeles van groot formaat. Ten spyte hiervan sal sommige kleiner kinders tóg daarvan hou, want die tekeninge is dekoratief in die ware sin van die woord. Op bladsy 24 is Pieteman in die tuin. Hy huil, want die twee dogtertjies

STORIES VIR DIE KLEINGOED



wou nie hê hy moet saamgaan nie. Hier gesels hy met uieman-

netjie. Let op hoe elke plant en selfs die wolkies soos 'n ontwerp opgebou is. Elke blom, blaar en takkie het dekoratiewe waarde. Dit versier dus die boek. Dit sal egter nie die gemoed van die kind raak nie. Hulle mag dit oulik en mooi vind, maar niks meer nie. Die baie takke en blare sal té verwarrend wees, sodat die kleiner kind mooi sal moet kyk en ontsyfer om te begryp. Die boom links is byvoorbeeld só anders as wat die kind dit daagliks waarneem, dat hy dit moeilik sal herken. Die illustreerder toon werklik talent; dit is net jammer dat sy werk nie geskik is vir die leser van dié boek nie.

Albert de Jager se illustrasies in „Die tweebeenjagter en ander kinderstories" van H.S. van Blerk maak nie 'n „Suid-Afrikaanse" indruk nie. Dit lyk veel eerder na illustrasies vir oorsese sprokies. Jakkals en Wolf op bladsy 94 is 'n goeie voorbeeld daarvan. Die donker bos lyk soos die tradisionele Europese woud. Die stamme is te reëlmatig in vergelyking met ons natuurlike bosse. Ook Jakkals en Wolf lyk nie soos wilde diere nie. Hulle behou egter nog hul eie aard, soos blyk uit die skrefiesoë van Jakkals. Dit beklemtoon sy sluheid. Ook die lig deur die bome is nie soos ons dit in Suid-Afrika gewoond is nie.

Daar is skerp kontras maar daar is sagte oorskakeling tussen lig en donker. Die perderuiter gee 'n dramatiese effek. Dit is te danke aan die ligte kol waarteen mens en perd gesilhoeëtteer is. Albert de Jager skep hier 'n stemmingsvolle illustrasie.



Dit is jammer dat dit nie 'n Suid-Afrikaanse gees adem nie, want dan sou die kind hom makliker in die situasie kon inleef.

Die boek is geskik vir sewe- tot tienjarige kinders. Dit is maklik leesbaar. Die illustrasies is duidelik. Maar daar kon meer gemaak word van die rangskikking van teks en illustrasies. Die eentonige reëlmaat van teks en volblad-tekeninge doen afbreuk aan die aantreklikheid van die boek. Origens is die drukwerk netjies, die papiergehalte goed en die bindwerk stewig.

„The spider's tales", deur Susanne Hart, is 'n kinderboek wat deur Stella Logie geïllustreer is. Dit bevat 'n aantal volblad-tekeninge en 'n aantal kleiner tekeninge. Die illustrasies het 'n buitengewone voorkoms, omdat die illustreerder alles verwerk tot hoekige vlakke. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die illustrasies op bladsy 10 by die verhaaltjie „The zebra who lost her stripes". Dit toon die prettige toneeltjie van die jong sebratjie wat in die grond gerol het en sy strepe verloor het. Nou het die stoute ma-voël dit gevind en vir haar kleintjies daarmee 'n warm nes gemaak. Apie het die strepe ontdek en is nou besig om dit weer terug te sit op die sebratjie. Die uitdrukking in die sebratjie se oog is kostelik. Dit lyk of hy nuuskierig kyk of die strepe reg teruggeplaas word. Die apie is slim, want hy plaas al die strepe op die regte plekke. Daarom het hy so 'n wakker, intelligente uitdrukking op sy gesig. Kostelik is ook die twee jong voëltjies wat ewe dom toekyk asof hulle nie besef dat hulle nes afge-

breek word nie. Treffend is die verwerking van alles in hoekige vorms: Die koppe en benerige vlerke van die jong voëls, die apie se lyf en stert, die sebra se strepe, alles is hoekig gestileer. Die skaduering op die apie se lyf en op die boomstam



THE SPIDER'S TALES

is met reguit strepies aangebring en verhoog die hoekige effek. Daar is geen nuansering nie, en die illustrasie maak die indruk

van 'n geometriese ontwerp. Hierdie effek gee daaraan 'n direktheid en helderheid wat nie maklik bereik kan word in 'n ander styl nie. Die graspolle is om die beurt in swart en wit gedoen, en die alwyne in blom op die agtergrond verhoog die dekoratiewe waarde. Dit is 'n illustrasie wat die kind sal geniet omdat hy dit amusant sal vind. Hierdie illustrasie kom ook in kleur op die buiteblad voor en gee aan die boek 'n aantreklike voorkoms. In sommige van die kleiner illustrasies word die hoekige voorkoms nog verder gedryf, sodat die afbeelding die voorkoms van 'n geometriese ontwerp in variasie aanneem. 'n Voorbeeld hiervan vind ons in die luiperd op bladsy 24. Die kunstenares beklemtoon die soepelheid van dié katsoort, deur die bo-aansig, met die voorbene en stert in 'n grasieuse boog. Die kolle word dekoratief weergegee. Die voorpoot is verwerk tot 'n dekoratiewe, geometriese vorm, en selfs die ore is bloot driehoekies wat van die hoekige kop wegstaan. Selfs met hoekige lyne slaag Stella Logie daarin om beweging en grasie aan te dui. Dit is bloot




THE SPIDER'S TALES

die skoonheid en harmonie van lyne en vlakke wat hier belangrik is.

Die boek is geskik vir kinders van vyf tot sewe: Die diere wat hierin optree sal hulle belangstelling wek. Die illustrasies is duidelik, met 'n vrolike toon. Dit is tog jammer dat die boek nie sterker gebind is nie. Die karton-omslag laat dit goedkoop lyk. Juis omdat dit 'n Engelse boek is en dus 'n groter afsetgebied kon hê, kan die besuiniging op bindkoste nie geregverdig word nie.

Nog 'n Engelse boek met goeie illustrasies is „Their secret ways" van Victor Pohl. François Krige voorsien dit van fyn pentekeninge. Die versameling bosveld-stories vorm geskikte leesstof vir seuns van twaalf jaar en ouer. Krige laat sy styl aanpas by die onderwerp en by die leser. So het ons in „Agarob kind van die duine" gesien dat die Boesman-figure met dik lyne en die absolute minimum detail geteken is. So ook die tekeninge in „Jaffie". Hier egter, is die styl amper nie herkenbaar as dié van Krige nie.

Ons vind twee soorte tekeninge: die fyn, realistiese en die fyn, impressionistiese. 'n Voorbeeld van eersgenoemde is op bladsy 29. Teen die agtergrond van 'n vlei staan 'n wildegans. Omdat dit donkerder as die agtergrond is, staan dit duidelik uit al is die agtergrond in besonderhede weergegee. Die wildegans is die fokuspunt. Normaalweg sou dit verdwerg gewees





THEIR SECRET WAYS

het teen die groot vlei, maar Krige plaas hom op die voorgrond, prominent. Veral die kop en pote gee baie detail. Dit is realisties en die leser sal goed kan sien hoe hierdie voëlsoort lyk. Dit is 'n nugtere siening, sonder enige emosie uitgebeeld.

Die impressionistiese tekeninge lê meer klem op die spel van lig en donker, die samesmelting van 'n figuur en sy omgewing. Die luiperd op bladsy 147 is in hierdie styl geteken. Krige gebruik die donker kolle om hom te onderskei van die digte lower. Daar is geen buitelyne by die lyf en kop nie. Alles smelt saam tot 'n harmonieuse geheel. Hier is die dier werklik tuis, want dis sy natuurlike omgewing. Opvallend is die fynheid van lyn. Dit word gesuggereer dat die luiperd 'n sku dier is omdat hy half verskuil is agter takke en blare.

Krige is hier meester van die tekenkuns. Sy realisme gee 'n voorkoms van egtheid. Daar is 'n fyn liriese toon in die meer impressionistiese werke. Die jong gemoed sal ontvanklik wees hiervoor. Dit is 'n boek wat goed versorg en goed geïllustreer is.

„Tickey" is die verhaal van 'n dogter in 'n weeshuis. Die outeur is Sheila Dederick, die illustreerder Esdon Frost. Die illustrasies is niks besonders nie. Die tekenwerk is redelik goed. Dit is meesal van karakters in die verhaal. 'n Tekening van Tickey en Rebeccah, die bediende, verskyn

op bladsy 18. Tickey is tipies kind. Die maer beentjies en die vlegsels tipeer haar dadelik. Die bediende kan net 'n bediende wees. Baie besonderhede word gegee: die stoof, ketel, halwe pampoen, besem en stoel is in detail geteken. Daar is egter geen emosie op die gesigte nie. Die uiterlike is goed afgebeeld, die innerlike is nie uitgebeeld nie.

TICKEY



Dit geld ook vir die ander illustrasies. Omdat vaardigheid uit die tekeninge blyk, bevredig dit in 'n mate. Dogters van tien jaar en ouer sal van die sentimentele trant van die verhaal hou. Ongelukkig kom min daarvan uit in die tekeninge.

„Adriana, Pietie en die wit donkie" is geskryf deur Toekie Jordaan. Willem Jordaan was verantwoordelik vir die tekeninge en versorging. Dit is 'n prenteboek. Die illustrasies is baie belangriker as die teks; dít vertel eintlik die verhaal. Baie dinge in die illustrasies herinner aan kinderkuns en is in ooreenstemming met die siening van die kind. Die kryttekeninge gee 'n minimum besonderhede. Dit is stemmingsvol en gee emosies en gevoelens weer. 'n Voorbeeld hiervan vind

ons in die illustrasie van die wit donkie in die bos, en Pietie en Adriana klou mekaar vas van skrik. Kyk net hulle ronde, ver-



ADRIANA, PIETIE EN DIE WIT DONKIE

skrikte ogies! Hulle lyk klein en weerloos, die donkie groot en kwaai! Treffend is die wyse waarop die bos geteken is. Breë, swart strepe stel boomstamme en takke voor. Dit maak die bos

donker, want individuele stamme kan net vaagweg onderskei word. Kinders teken soms ook net strepe om plantegroei voor te stel. Dit stem dus ooreen met hulle siening.

Nog meer ooreenkoms met kinderkuns vind ons op

ADRIANA, PIETIE

EN DIE WIT DONKIE



bladsy 12 waar Abdol, die smous, lemoene uitdeel. Adriana eet haar lemoen, en die lyn van die lemoen is deur haar hand

sigbaar. Kinders teken dikwels so. Weer is die gesigte vol uitdrukking. Pietie is baie bly oor die lemoen. Sy ingenome gesig is bewys daarvan. Hier is ook ekonomie van lyn, maar Jordaan gee niks van die innerlike daardeur prys nie. Met min vermag hy baie!

Ook die kleurgebruik is in ooreenstemming met dié van die kind. Adriana se rokkie is oranje, maar dit is ingekleur soos 'n kind dit sal doen. Dit vul nie die hele vlak nie. Die „gras" is donker olyfgroen. Die hale lê in verskeie rigtings,



ADRIANA, PIETIE EN DIE WIT DONKIE

net soos 'n kind 'n vlak sal kleur. Dit vind ons in die illustrasie waar die twee in die bos stap. In hierdie eenvoudige toneeltjie is daar aksie. Die twee stap aarselend, want die bos is donker. Pietie stap voor. Hy is kordaat, maar die ronde ogie is wakker om gevare raak te sien. Adriana is so bang dat sy aan Pietie vashou! Ook hier is emosie weer op die voorgrond.

Die kleuter van vier tot vyf jaar sal die boek intens geniet. Hulle sal saam bang wees en saam verlig voel. Dit is emosies wat hulle dikwels ervaar. Daarby is dit ook nog in hulle eie „taal" uitgebeeld.

Die tegniese versorging is goed. Die teks is soms 'n bietjie weggesteek en dikwels baie min. Dit beklemtoon maar net weer dat die illustrasies in die prenteboek eintlik die verhaal vertel. Die uidrukkingsvolle illustrasies het ook mos nie baie teks nodig nie!

Dit is met geïllustreerde boeke van hierdie gehalte dat Suid-Afrikaanse kinderboek-illustreerders op gelyke voet geplaas kan word met die goeie kinderboek-illustreerders van oorsee. Dit is hierdie puik gehalte wat aandui dat die Suid-Afrikaanse kinderboek werklik sy kinderskoene ontgroei het. Outeur, illustreerder en uitgewer verdien lof.

Slegs boeke wat voor Julie 1966 verskyn het, word deur hierdie verhandeling gedek. Dit is natuurlik onvermydelik

om iewers 'n tydsgrens te stel. Daarom word die volgende kinderboeke wat ná die tyd verskyn het, slegs as voorbeelde genoem om in breë lyne 'n aanduiding te gee van wat gaan volg:

'n Jaar of wat gelede was daar sprake van 'n monster in die Vaaldam. Dagblaaie het gerugte volledig gerapporteer. Nou verskyn „Valie van die Vaaldam", 'n kinderboek oor dié goedgeaarde monster. Die outeur is Jaques Pinard, die illustreerder is B.A. Pinard Naude. Daar is goeie karikatuurtekeninge in kleur.

Freda Linde se „Botter-aas" het as illustreerder Günther Komnick. Dit is reeds by Komnick se vroeëre werk genoem. Spontane gebruik van kleur en uitstekende balans tussen teks en illustrasies is uitstaande kenmerke.

„ Kadoekie" deur Elise Swanepoel het kostelike illustrasies deur Tiens Swanepoel van die uile wat Wildtuin toe gaan.

Vir die jeugdige is daar „Op reis met 'n stootstoel" deur Bess Spruit-Lambrechts. Die talle klein, keurige illustrasies is die werk van Annette Stork en Pieter Goemans.

So word daar voortgebou. Dit het lank geneem om te kom tot waar die kinderboek vandag is. Daar is geen rede om te verwag dat die peil nie gehandhaaf sal word nie. Dit kan maar net gehoop word dat die goed-geïllustreerde kinderboeke sal toeneem in getal, en dat die swak-geïllustreerdes al minder sal word!

HOOFSTUK VI: GEÏLLUSTREERDE VERSEBUNDELS

Die aantal prosawerke vir kinders in Suid-Afrika gepubliseer, is relatief gesproke klein; die aantal versebundels is nog kleiner. Omdat dit tussen die prosawerke heeltemal sou wegraak, word dit hier apart bespreek.

Die vraag ontstaan nou: is daar addisionele eise wat aan versebundels gestel word?

In hoofsaak word dieselfde eise gestel. Daar is egter sekere aspekte wat beklemtoon sal word, naamlik:

In die eerste plek is die teks van 'n kindergedig gewoonlik korter as dié van 'n verhaal. Daar is korter versreëls, gevolglik meer ruimte op dieselfde bladsy vir illustrasies.

In die tweede plek word één episode of situasie uitgebeeld. Dit beperk die keuse van die onderwerp van die illustrasie maar bring terselfdertyd mee dat die illustrasie juis die kern van die gediggie in lyn en/of kleur vaslê.

In die derde plek is daar gewoonlik meer stemming by die gediggie as by die prosawerk. Elke woord dra meer betekenis. Omdat daar min woorde is het die illustrasie die taak om betekenis en stemming te vertolk. Wat met woorde gesuggereer word, moet in die illustrasie verbeeld word.

In lyn met die ontwikkelingsgang van die prosawerke vir kinders, is die eerste versebundels ook hoofsaaklik vir die jeug

geskik. Aanvanklik is geen aandag aan die behoeftes van die kleiner kind gegee nie.

In 1915 verskyn „Trekkerswee" van Totius. Die bundel is versier met 'n aantal illustrasies van Pierneef. Daar is aanvanklik geen skakeling tussen teks en illustrasies op dieselfde bladsy nie. Die illustrasies verskyn op aparte bladsye. Wat wel van belang is, is dat die stemming mooi weergegee word. By „Goue gode", 'n gedig oor die ontstaan van Johannesburg, is 'n tekening van die Goudstad. Die wydsheid van die landskap word verbeeld in die wolke en die vergesig. Voor is die stad met sy mynhope. Totius beskryf die stad én die landskap voor die ontstaan van die stad. Pierneef vat albei elemente hier saam. Die beskrywing van die stad kan natuurlik nie in die fynste besonderhede wees nie. Dit is met enkele versreëls gedoen. In die illustrasie vind ons 'n geheelbeeld. Daar kom dinge voor wat nie in die teks beskryf word nie.



TREKKERSWEE

Nog 'n vroeë werk is „Eerste skoffies op die pad van Suid-Afrika" van Langenhoven. Reenen J. van Reenen is die illustreerder. Ook hier is teks en illustrasies op aparte bladsye. Die eenvoud in die illustrasies weerspieël die eenvoud van die trekkerslewe. Verder is daar niks wat vermelding verdien nie.

In die veertigerjare verskyn twee digbundels van I.D. du Plessis geïllustreer deur die bekende kunstenaar Le Roux Smith le Roux. In „Die vlammende fez" is die illustrasies nog los van die teks en dien dit as versiering. Drie pelgrims op kamele in die woestyn verskyn op bladsy 56. Dit is informatief en stemmingsvol. „Geluidloos skuif kamele Oor die hete sandtapyt...



DIE VLAMMENDE FEZ

Die wind: 'n hete asem.

Die son: 'n tier wat byt."

Hierdie beskrywing pas aan by die tekening. Die sonstrale val verblindend op die duine. Die skaduwees kontrasteer daarmee. Die kamele is skuins van agter gesien. Dit skep die indruk dat hulle verbybeweeg. Die gestileerde vorms laat alles skerp lyk en benadruk die lig en die hitte. Daar is 'n atmosfeer van onherbergsaamheid en genadeloosheid in hierdie toneel.


Dit is tog jammer dat teks en illustrasies nie meer vervleg is nie.

Die gedigte is geskik vir kinders van twaalf jaar en ouer. Die dramatiese van die pelgrimstog sal hulle aangryp.

Le Roux Smith le Roux se illustrasies in „Land van ons vadere" vorm baie meer 'n integrale deel van die bundel. Dit is te danke aan die feit dat die illustrasies nie op 'n bladsy voorkom nie, maar dat dit die hele bladsy vul. Daar is geen oop syruimtes wat dit „ingeplak" laat lyk nie.

By „Ballade van twee boere" sien ons twee perderuiters. Hulle tog in die nag is om die laers te vertel van die moorde deur die Zoeloes gepleeg. Natal is 'n land van heuwels, en hier sak hulle teen die helling af. Hier word nie meer detail gegee as in die gedig nie. Dit is 'n nagtoneel en te veel detail sou onvanpas wees. Treffend is egter die atmosfeer van onheil. Alles is in donker gehul en word flou verlig deur die sterre. Die ruiters

kyk om; daar kan gevaar orals skuil. Die beweging van perd en ruiter suggereer die dringendheid van hulle sending. Hier is



LAND VAN ONS VADERE

'n stemmingsvolle kunswerk wat op die jong leser 'n diep indruk sal maak. Die handeling, die spanning en die geheimnisvolle is sprekend vir die jeugdige van twaalf jaar en ouer wat juis hier-die elemente kan waardeer. Ook die ander illustrasies is meesal dramaties om by die dramatiese gebeure te pas.

In die veertigerjare verskyn ook nou vir die eerste keer geïllustreerde kindergedigte, dit wil sê, met illustrasies wat darem van so 'n gehalte is dat dit die moeite werd is om te bespreek. „Babaliedjies", deur Saar Engela, bevat gediggies wat geïllustreer is deur „B.T.". As voorbeeld neem ons die illustrasie op bladsy 43 by „Slaapliedjie op Trek". Dit is 'n stemmingsvolle nagtoneeltjie voor op 'n trekkerswa en toon die moeder met twee slapende kinders. Die illustrasie maak 'n sagte, gryserige indruk, omdat alles omvou word deur die skemering. Daar word min buitelyne gegee, asof die skemering alle harde lyne versag het. Wat hier veral treffend is, is die aaneenskakeling van illustrasie en teks. Dit vorm 'n eenheid en dit hoort so, want dit is nie alleen die woorde wat by die leser 'n beeld optower nie. Ook die illustrasie gee aan die leser informasie. In die illustrasie is baie gegewens wat nie spesifiek in die teks voorkom nie. Die illustrasie is dus 'n uitbouing van die teks. Die teks is in sierskrif gedruk en nie in die konvensionele drukletter nie, sodat die indruk van 'n eenheid tussen illustrasie en teks nog verder verhoog word. Die illustrasie neem hier sy regmatige



Wieg ons dan veilig oor vlakte en rant,
Sus ons dan saggies deur water en sand;
So droom ons, ossewa, droom van ons land.
Rus in die ossewa,
Rus, my kindjie,
Sus, o, ossewa,
Sus my kindjie!

plek in by die kindergedig. Die teerheid van die gedig spreek ook uit die tekening. Tipografies is teks en illustrasie 'n eenheid.

Dit is tiperend van die bundel as geheel. Soms is die illustrasies ingepas by die gediggies, en soms, soos hier, is die gediggie ingepas in die tekening. Wat ookal die geval, dit sorg vir 'n eenheid wat vir die veertigerjare werklik 'n mylpaal is.

Nog 'n bundel gediggies vir die voorskoolse kind en die kind van vyf tot sewe verskyn in die veertigerjare, naamlik „Juweeltjies" van De Wet Laubscher.


By die gediggie „As ouma kom kuier" verskyn illustrasies deur Ada Mostert. In hierdie geval is die gediggie ook in skrif en nie met drukletters gedruk nie. Die illustrasies beeld verskeie toneeltjies uit. So word die aankoms van ouma getoon, oupa wat met die kinders speel, tant Hessie wat nie speelgoed gee nie en die terggees, oom Jannie. Dit is dus 'n hele reeks illustrasies. Dit beslaan meer ruimte as die teks en sal aan die lesertjie miskien meer informasie gee as die teks. Die illustrasies lyk effens outyds, maar dit is te wyte aan die verouderde kleredrag. As tekeninge het dit weinig waarde. Sommige van die figure is oortuigend geteken, veral dié van oupa, maar origens is dit doodgewone prentjies van mense. Dit besit geen atmosfeer nie. Wat hier wel van waarde is, is die feit dat die illustrasies nie meer 'n ondergeskikte plek inneem nie. Die een vul die

JUWEELTJIES



ander aan en dra by tot die sukses van die bundel. As eenheid is die boek egter nie geslaagd nie. Daar is drie illustreerders wat ongelykheid van gehalte meebring. Ook tipografies is daar te min eenheid.

Dieter Aschenborn illustreer Johanna van Broekhuizen se bundeltjie versies „Die paddakoor en ander gediggies". Die talle illustrasies dui reeds aan dat dit vir kleuters bedoel is. Ongelukkig is die gehalte van al die illustrasies nie gelyk nie. Soms is die figure van mens en dier voorbeelde van swak teken-



DIE PADDAKOOR EN ANDER GEDIGGIES

tegniek. By die gediggie „Kleiosse" is die gehalte van die illustrasie hoër as die gemiddelde. Dit spreek van eenvoud, soos die onderwerp van die gediggie self. Met ekonomie van lyn skets Aschenborn die wa, die osse en die „jong boer" met 'n sweep in sy hand. Die kombinasie van tekening en teks

maak 'n oop, gebalanseerde indruk.

As al die illustrasies van hierdie kaliber was, sou die bundel veel meer waarde gehad het.

Daar verskyn nog 'n aantal bundeltjies met kinderdigdiggies in hierdie tydperk, soos „Versies vir babaland" deur Jeanette Pistorius, en „Pootjies" en „Vlerkies" deur mev. A.E. Carinus. Laasgenoemde twee is kleurvol geïllustreer, maar die kleur- en tekenwerk is sonder aanvoeling.

Die vyftigerjare bied nie 'n groter aantal geïllustreerde kinder-digbundels nie, maar die gehalte toon wel 'n verbetering. Die volgende illustreerder illustreer ook nog in die sestigerjare en die werke word gelyktydig bespreek.

„Kleuterklontjies" van Bessie Kotze bevat illustrasies van die bekende Dorothy Hill (later Kühne). By „Die voëlkoor" verskyn 'n kostelike illustrasie. Dit toon 'n klompie voëls van verskillende soorte wat besig is om koor te oefen. Dorothy Hill slaag daarin om elke voël individueel as sanger uit te beeld. Reier is die dirigent, en mossie is die voorsinger. Al die voëls

KLEUTERKLONTJIES



se oë is toe. Kostelik is die uitdrukking op die gesigte. Dit laat 'n mens baie dink aan mense wat sing! Die vernaamheid van die dirigent blyk duidelik uit sy houding. Die mossie, hoewel klein, sing met alle mag! Die groepie word saamgevoeg tot 'n geheel deur die enkele grashalms in die agtergrond. Dit is voorwaar 'n illustrasie wat meer as net die uiterlike weergee. By die aanskoue hiervan sal die kleuter in sy verbeelding hoor hoe hulle sing! Die tekening verskyn bo-aan die bladsy. Daar is fisies geen besondere eenheid tussen die gediggie en die illustrasie nie. Dit gee egter die gees van die gediggie só goed weer dat dit 'n belangrike onderdeel daarvan vorm.

Waarom is daar so min illustrasies in hierdie bundel? Die rympies en enkele prosastukkies bied soveel geleentheid vir illustrasies dat die afwesigheid daarvan dikwels as 'n gebrek aangevoel word.

In 1965 verskyn „Waterhoendertjies en ander kinderversies" deur Abraham Fouché. Dorothy Hill Kühne se illustrasies is hier van groter formaat. Die tekeninge is spontaan. Daar is meer lewe. Daar is 'n groter fisiese eenheid tussen die rympies en die tekeninge. Dit vind ons alles by die gediggie „Modder". 'n Seuntjie sit in 'n mielieland en speel met modder. Enkele reëndruppels (ook bokant die teks) verbind die gedrukte woorde en die tekening. Die belangstellende ogies hou die hande vol modder dop, en dit gee lewe aan die toneel. Alles lyk vars en nat na die reën. Die reënjas is rofweg ingekleur in rooi.

Ook op die mielies is rooi vlekke spontaan aangebring. Dit gee kleur aan 'n vrolike toneeltjie. Die inhoud van die gediggie is



Modder

Voel jy ook so anderster lekker
en in jou hart soos 'n vink so bly
wanneer jy jou hande vol modder hou
en dit sag deur jou vingers gly?

Die reën val hard in die mielieland,
en die stronke waarteen dit nou spoel,
sê „Modder is op sy lekkerste as
jy dit tussen jou tone voel!"

hier weergegee, so ook die ontspanne atmosfeer. Die voorskoolse kind en die kind van vyf tot sewe sal daarvan hou. 'n Aktiwiteit word uitgebeeld wat hulle baie goed ken!

Nog 'n illustrasie in hierdie bundel wat die hart van die kleiner seuntjie vinniger sal laat klop, is dié een by „Horkedekork". Hy sien homself in die ruimtevaartuig op pad na die maan. Die vaart word aangedui deur die rook agter die maan-vuurpyl. Die vrolike toon van die gediggie word benadruk deur

Horkedekork

„Horkedekork, julle praat verniet,
ek is op in die lug, ek is weg," sê Piet.
„Ek skeur deur die wolke, ek land op die maan:
my vuurpyltjie horkedekork daarvandaan
en gaan anderkant die son en die sterre uitskiet.

Horkedekork, julle praat verniet,
ek is op in die lug, ek is weg!" sê Piet.



die illustrasie. Ekstase is op die seuntjie se gesig leesbaar. Selfs die maan glimlag! Die „pad" na die maan is aangedui met strepies. Dit dien 'n besondere doel. Dit omraam die gediggie gedeeltelik en bring eenheid.

Die illustreerder se werk is by uitstek geskik vir die kleiner kind, omdat die toon altyd so vrolik en lighartig is. Die tekenwerk is goed. Daar is genoeg detail om die belangstelling van die kind te hou.

Die keurige tegniese versorging van hierdie boekie is opvallend. Alles dui daarop dat dit nog lank 'n gewilde versebundeltjie sal bly.

Nog 'n kunstenares wat óók verhalende lektuur geïllustreer het, is Karen Strömsöe. In 1956 verskyn „Trippe trappe trone" met haar illustrasies. Dit is volgens die titelblad „versies uit die oue doos" en is rympies vir kleiner kinders. Elke versreël van die vingerrympie „Duimpie" is geïllustreer. Die tekeninge bestaan feitlik net uit buitelyne. Dit spreek van eenvoud. Daar is baie aksie. Die een val in, die ander trek om hom uit te kry, die derde een dra hom weg. Kleuters hou van aksie en van karakters in wie se plek hulle hulleself kan stel. Hier gee die illustrasies meer informasie as die rympies self. Tekeninge en teks vul mekaar aan en vorm ook visueel 'n eenheid.

Ook die ander illustrasie toon dieselfde kenmerke. As

geheel gesien is die boekie 'n juweeltjie.

DUIMPIE

Duimpie het in die water geval,



Lekkepot het hom uitgehaal.
Lange Jan het hom huis toe gedra.

TRIPPE TRAPPE TRONE

Heeltemal anders is haar illustrasies in „Kleinverse vir kinders" van Abraham Fouché. Daar is geen sag-vloeiende lyne nie, want dit is linosneë. Dit bestaan uit vlakke in swart en wit. Aangesien fyn lyntekenwerk ontbreek, sal ons verwag dat die toon nie so vrolik moet wees nie want die effek van swart vlakke is somberder. Dit is egter nie die geval nie. By die versie „As Karlientjie gaan stap" verskyn 'n vrolike toneeltjie. Met arms vooruit en bene hoog opgelig, stap Karlientjie, 'n toonbeeld van uitgelatenheid. Haar ma draf uitasem agter haar aan. Die ma se swart rok laat haar sommer

As Karlientjie gaan stap
gaan dit klappertieklap
en sy dwarrel woerts-woerts om die draai
Die mense moet padgee sover as sy gaan
en haar ma draf uitasem ál agter haar aan



Piet van der Riet

Piet van der Riet het 'n haas geskiet
die vleis gee hy vir tante Griet
hy hou vir hom net die agterpoot
Kom lui die klok die haas is dood



stadiger lyk. Kinders van voorskoolse ouderdom sal hierdie illustrasie geniet, want hulle speel self graag deur vir grootmense weg te hardloop.

Die onderste helfte van hierdie bladsy is oopgelaat. Karlientjie het ruimte nodig om te stap, en hierdie oop gedeelte gee 'n gevoel van ruimte.

'n Kostelike illustrasie is dié een by „Piet van der Riet" wat 'n haas geskiet het. Dit blyk dat hy baie trots is. Kyk hoe windmaker stap hy: die kop in die lug en die geweer ewe kordaat oor die skouer. Daar is aksie in die stapbeweging. Hy is 'n komiese figuur van wie kleiner kinders sal hou.

Opvallend in hierdie bundel is die harmonie tussen illustrasie en die tipe drukletter. Net soos die illustrasies is ook die letter dik en swart. Daar is een punt van kritiek, naamlik die formaat van die boek kon heelwat groter gewees het, veral as die ouderdomsgroep waarvoor dit geskik is in aanmerking geneem word. Kleur sou natuurlik ook bygedra het om 'n aantreklike boek nog aantrekliker te maak.

Met Pieter de Weerdt het ons al kennis gemaak in die verhalende lektuur. Hier illustreer hy nou „Kleuter-verseboek" 'n bloemlesing saamgestel deur D.J. Opperman. Hierdie bundel is 'n pragwerk. Illustrasies en versies is só vervleg dat byna elke bladsy 'n bevredigende geheelbeeld vorm. Kyk net

hoeveel verskeidenheid is daar op bladsy 15. Teks en illustrasie is interessant afgewissel. Daar is rus (die tiertjie). Daar

KLEUTER-VERSEBOEK

Tant Katrina, Tant Kato

Tant Katrina,
Tant Kato;
Skilpad onder;
Bossie bo.

Netnou sal
Die bossie rook
As die taaie
Skilpad kook!

A. Fouché



Tier Se Vel

Tiertjie se ma het verf gekoop
Die dag toe sy vir hom laat doop.
Skoontjies word hy afgewas,
Toe kry hy strepe met 'n kwas!

Helena J. F. Lochner



Apie

Daar's 'n apie op 'n stokkie
Voor my ma se agterdeur,
Daar's 'n gaatjie in sy broekie
En sy stertjie hang daardeur.

Ta-ra, Ra-ra, Boemdery

Ta-ra, ra-ra, boemdery,
Oupa het 'n vark gery,
Afgeval en seergekry,
Opgeklim en weer gery,
Ta-ra, ra-ra, boemdery!



is nuuskierigheid (die apie). Daar is groot skrik (oupa). Daar is uitgelatenheid (die vark). Die fyn detail maak dit realisties. Die vaardige tekenwerk ook. De Weerdt is hier 'n meester van afbeelding van die uiterlike en uitbeelding van die innerlike. Die kleuter hou van diere, en in hierdie bundel is hulle volop. Afgesien van dié wat reeds genoem is, is daar paddas, uile, ooievaars, katte, honde, beeste, perde, krappe, akkedisse, jakkalse, ganse, bokke, olifante, varke, volstruise, hase en nog vele ander. Kleuters hou ook van kinders, en dié is daar baie: seuns wat gesigte trek, dogtertjies met rooi wange, krulkop-babas wat lag, kaalvoet-seuntjies en baie ander waarmee hulle hulle kan vereenselwig. Verder is daar 'n trein, fietse, 'n skip en 'n dwergie wat hulle aandag sal trek. Hulle sal hou van die talle voorbeelde van aksie: 'n seuntjie wat bolmakiesie slaan, klaasvakie wat op die skoorsteen klim, 'n kat wat viool speel, 'n harlekyn wat op sy kop staan, 'n dansende „Zoela", 'n springende perd - te veel om op te noem! Wat in 'n paar versreëls genoem word, word deur die tekeninge voor ons oë opgetower.

Tipografies gesien is die boek puik: drukletter en prente vorm 'n eenheid. Die titels van versies verskyn in groter druk, so ook die bladsynommers. Die syruimtes is breed en elke bladsy maak 'n afgeronde, keurige indruk. Die boek bevat geel skutblaaie waarop 'n versameling figure uit die illustrasies voorkom. Die bindwerk is stewig genoeg om baie

hantering te weerstaan. Dit is nodig, want „Kleuter-verseboek" sal vir baie ure en baie jare genot kan verskaf!

Die volgende bundel, „Klankies vir kleuters" is saam-



Die Skêr

My naam is Snipper-Snip!
Lekker kan ek knip,
Tou, papier en lap
Gee ek 'n kwaaie hap.

Sonder om te skeur,
Knip ek middeldeur.
Lekker kan ek knip—
My naam is Snipper-Snip

Helena J. F. Lochner

KLANKIES VIR KLEUTERS

Die Jakkals En Die Gansie

Die jakkals nooi vir gansie:
„Kom eet vanaand by my.
Daar's heerlike ou kossies,
En uintjies uit die vlei!"

„Nee, dankie," sê die gansie,
„Al staan jy op jou kop;
As ek by jou kom kuier,
Eet jy my seker op!"

Henriette Pienaar





Die Ou Vrou En Die Paddas

gestel weer deur D.J. Opperman en geïllustreer deur De Weerdt. Die boekie is van klein formaat. Dus kan die illustrasies ook nie groot wees nie. De Weerdt het toe 'n hele aantal klein illustrasies geskep, soms een per gediggie, soms een per reël! Op bladsy 19 verskyn die bekende gediggie. "Die jakkals en die gansie", met 'n gepaste illustrasie daarby. Nie een van die twee diere is, wat die uiterlike betref, realisties geteken nie. Die gansie se pote lyk soos twee flappe wat omkrul, maar niemand kan dit betwis dat ganspote nogal daardie indruk skep nie. Die gansie se buitelyn is geteken, want sy vere lê netjies en plat. Die jakkals is nie met 'n buitelyn geteken nie, want die haartjies staan regop. So slaag De Weerdt daarin om die tipiese voorkoms van 'n dier te skep. Let ook op die vorm van die jakkals se oë. Dit gee daaraan 'n sluwe kyk!

"Klankies vir kleintjies", ook saamgestel deur Opperman, is 'n vervolg op bogenoemde werk. Pieter de Weerdt se illustrasies hierin pas aan by elke gediggie. Helena Lochner se gediggies het dikwels iets van die geheimsinnige as grondtoon, iets wat jou so effens bangerig laat voel. By haar gediggie "Die ou vrou en die paddas" gee De Weerdt 'n illustrasie wat ook hierdie gevoel opwerk. Die ou vrou staan gebukkend en soek op die grond. Sy druk met haar hand teen die stam van 'n boom waarvan die takke grillig gevorm is. Die vorm van die hand teen die stam is byna dié van 'n klou. Die feit dat haar gesig net gedeeltelik sigbaar is, bring mee dat die geheim-

sinnigheid nog verder verhoog word.

Hoewel De Weerdt daarin slaag om emosie uit te beeld, is die blywende indruk in laasgenoemde twee boeke die byna volmaakte uitbeelding van die uiterlike. Sy tekentegniek is besonder goed. Sy illustrasies is altyd dekoratief en maak 'n professionele indruk. As weergawe van dít wat vir kinders bekend is, is dit dus geslaagd. Ook die kombinasie van gediggies en tekeninge op dieselfde bladsy bevredig. Dit is egter te betreur dat albei boekies so swak ingebind is. Draadkrammetjies is gebruik en die buiteblad is van sagte karton. In die voorwoord word gestel dat die produksiekoste so laag moontlik gehou is ten einde die boekie binne die bereik van elke skoolkind te plaas. Dit gee dus 'n verskoning vir hierdie gebrek. Die neem egter nog nie die gebrek weg nie.

Freda Line is bekend as een van ons beste kinderboek-skryfsters. In 1964 verskyn 'n bundel gediggies, „As jy kan fluit op hierdie maat". Die volblad-illustrasies by elke gediggie is die werk van Eleanor Esmonde-White. Dit moet sommer dadelik genoem word dat die inhoud swak is. Was dit nie vir die illustrasies in kleur nie, sou die waarde baie minder gewees het. Nie dat die tekeninge altyd geskik is vir die kind nie! Dié van die varkblom, die aalwyn, die toktokkie, die riet, die varing en andere, is eintlik kunswerke wat veel eerder deur volwassenes gewaardeer sal word. Daar is egter sekere aspekte

wat meebring dat kleiner kinders sommige illustrasies sal kan waardeer. So 'n illustrasie verskyn op bladsy 24. Die kind staan op sy kop. Kinders sal daarvan hou, want sulke toertjies doen hulle self. Die kleurwerk is byna soos 'n kind dit sal doen. Die blomme langs die pad is net kleurkolle met geen verdere besonderhede nie. Ook die tekenwerk mis baie detail. Met enkele krythale word takke en blare daargestel. Dit is vlugtige sketse met 'n vaardige hand gedoen. Net een kleur word per skets by die swart en wit gebruik, naamlik groen, rooi en blou om die beurt. Daar heers in enkele sketse 'n vrolike atmosfeer maar in die meeste ontbreek dit heeltemal. As losstaande kunswerke is dit geslaagd, as kinderboek-illustrasies meesal nie. Die dikwels onsamehangende, betekenislose versies kon die kunstenares seker ook nie veel leiding gee nie, daarom dat die illustrasies losstaande is.

Die fisiese versorging is goed. Drukwerk is keurig gerangskik, papiergehalte is besonder goed en die bindwerk is stewig. Alle eer aan die uitgewers.

Illustrasies deur Cora van Eeden kom voor in die bundel „Haai Selina jok jy nie?" van Suna de Villiers. Daar is twee lang gedigte. Die een handel oor mense, die ander oor muise. Die versies sal in die smaak van die kind val. Daar is rym. Daar is herhaling van woorde en daar is woorde wat net klanke is sonder om betekenis te hê, soos byvoorbeeld

hierie-bakierie, Gorrelie-Morrelie-Jan, ensovoorts.

Die karakters is almal karikature. Ongelukkig is die spot soms nie sonder venyn nie. Daar word byvoorbeeld van die vader gepraat as „die ou met die bles." Die versies ontaard dikwels in sinnelose rymelary. In teenstelling met hierdie foute in die teks is die illustrasies van hoë gehalte. Slegs die gesigte van die mense word in detail geteken. Elke plooitjie word getoon. Daar is altyd uitdrukking op die gelaat: onnosele vriendelikheid, diepe besorgdheid, gelatenheid en trots.



HAAI SELINA JOK JY NIE?

As voorbeeld neem ons die illustrasie van Gorrel-Jan-Morrel

waar hy sit en wonder waar om 'n vrou te kry. Hy stut sy kop met sy een hand. Die leep-ogies toon dat hy diep dink. Daar is 'n vraende, raadop-uitdrukking op sy gesig. Sy lang hare gee hom 'n onbeskaafde voorkoms. Sy kleredrag is eienaardig, van die verspotte strikdassie tot die broek met kolle en die plat pantoffels. Gorrel-Jan-Morrel is 'n eenvoudige, ongeletterde wese. Dit blyk duidelik uit die tekening.

Dit is te betwyfel of kleiner kinders al hierdie kenmerke sal raaksien. Miskien sien hulle hom maar net as 'n snaakse figuur.

Ook die ander karakters is karikature, van Gorrel-Jan-Morrel se vrou en patiese kind tot Dorie-Malorie-Malai, die muisie. Die tekeninge is behendig gedoen; die uiterlike oortuigend weergegee. Die afwisseling van teks en illustrasies maak die voorkoms van die boek interessanter. Tipografies is dit goed versorg. Hoewel dit aantreklik voorkom as gevolg van die betekenisvolle tekeninge, sal dit as kinderboek nooit 'n groot sukses wees nie omdat daar te veel gebreke in die teks is.

In 1960 verskyn 'n bundel kindergedigte, „Tuisbly se karretjie" deur Mavis de Villiers. Die illustreerder is die bekende Katrine Harries. Die bundeltjie is van 'n besonder klein formaat (16 x 9 cm.) en daar is dus nie ruimte om by die teks groot illustrasies te maak nie. Katrine Harries maak vir elke groep gediggies een illustrasie wat op 'n volblad afgedruk word.

Vir haar is 'n illustrasie geslaagd as dit los van die boek ook nog as kunswerk bevredig. Dit is blykbaar die rede waarom sy elke illustrasie nie koppel aan 'n enkele gedig nie.

By „Die sussies" verskyn 'n illustrasie wat deernis wek. Dit toon 'n seuntjie wat na sy baba-sussie in die wiegie kyk. Dit is nie die uiterlike wat mens tref nie, hoewel daar genoeg detail is; die waentjie met al die valletjies en frilletjies lyk realisties genoeg. Wat mens egter tref is die aandag waarmee die sussie bekyk word. Die seuntjie leun met sy arms op die kant van die stootwaentjie. Sy gesig word nie gesien nie. Die baba se gesiggie is wel sigbaar. Die oë is net twee ronde kolle, en dit gee juis aan die gesiggie daardie niks-begrypende kyk wat babas dikwels het, omdat hulle nog te klein is om werklik te verstaan wat rondom hulle aangaan. Die seuntjie is 'n tipiese seunsfiguur: deurmekaar hare, kruisbande en langbroek wat hy al halfpad uitgegroei het. Katrine Harries beeld die kinderfiguur hier baie oortuigend uit. Omdat kinders altyd in kinders belangstel, sal hierdie illustrasies hulle aandag gevange hou.



TUISBLY SE KARRETJIE

Die formaat van die bundeltjie is te klein vir die voorskoolse kind en die kind van vyf tot sewe. Ook is die drukletter te klein. Daar is te min illustrasies. Die inhoud van die gediggies is egter geskik. So ook die atmosfeer. Die stemmingsvolle tekeninge verhoog die aantreklikheid van die boek.

„Rympieboek vir kinders" het aan die outeur, F. du Plessis, en aan die illustreerder, Katrine Harries, erkenning besorg in die vorm van die C.P. Hoogenhout-medalje. Blaai ons deur die boek, dan kan ons slegs instemming betuig met dié onderskeiding.

Die rympies is sprankelend, soms uitbundig, soms teer met 'n effense weemoed verskuil in die woorde. Soms is daar 'n liriese toon, later weer 'n saaklike nugterheid. Al hierdie dinge dui dat dit stemmingswerk is. Waar kon 'n meer gepaste illustreerder gevind word om hierdie stemminge verder te beklemtoon as juis Katrine Harries?

By die rympie oor die spook kry ons 'n gevoelvolle illustrasie. In die rympie word die spokie bejammer want sy kop is af! Vir só 'n spook is 'n mens nie te bang nie, net so effens skrikkerig. Dit is presies wat Katrine Harries hier uitbeeld. Die kindergesiggies toon nie angs nie, net so 'n bietjie verskriktheid gemeng met nuuskierigheid. Die nuuskierigheid is natuurlik daar omdat 'n mens darem nie aldag 'n afkop-spook sien nie!

Die Spook

By die huisie sonder rook
loop daar snags 'n snaakse spook
Foeitog, die ou spokie darem
hy dra sy kop onder sy arm



By die rympie „My pop se broekie" is daar ook verskriktheid, maar die nuanse is anders. Hier gaan dit gepaard



My Pop se Broekie

Die wind kom skielik om die hoek
en weg is hy met my pop se broek
Sodra die windjie weer gaan lê
wil ek my pop se broekie hê



met verbasing, want alles gebeur onverwags.

Niemand kan betwis dat daar 'n besondere aanvoeling is van die illustreerder vir die werk van die outeur nie. Albei praat dieselfde taal; die een in woorde, die ander in lyn en kleur.

Wat die uiterlike van die illustrasies betref, moet die vaardigheid van die kunstenares weereens vermeld word. Daar is geen onnodige detail nie; dit gaan immers in die eerste plek nie om uiterlike besonderhede nie. Dikwels word 'n illustrasie op 'n baie natuurlike wyse in twee gedeel en die teks kom tussenin. Die pop se broekie is bo, die dogtertjie met die pop onder die teks. Die swart wolf is bo in die lug, die seuntjie in die venster onder. Soms is dit net 'n ekstra stukkie detail wat bokant die teks verskyn, soos twee voëltjies of 'n paar skoelappers of 'n paar blare, terwyl die eintlike tekening onderaan verskyn. Alles dien om teks en illustrasies tot 'n eenheid te bind. Die blou kleur maak die boek aantrekliker, so ook die gekleurde illustrasie op die buiteblad.

Die uitgewers verdien lof vir die fisiese versorging. Daar is nie te veel en ook nie te min op elke bladsy nie. Die oop ruimtes dien om die klem juis op die teks en illustrasies te laat val.

Hierdie boek is inderwaarheid 'n prenteboek met die teks in versvorm. Dit is 'n boek wat die kleiner kind sal ge-

niet want dit sal sy gevoel raak.

Net soos ons by die verhalende lektuur op 'n hoogtepunt afgesluit het met „Adriana, Pietie en die wit donkie", sluit ons ook hier af met 'n hoogtepunt: „Rympieboek vir kinders".

HOOFSTUK VII: STROKIESPRENTE IN SUID-AFRIKA

Net soos die rolprent, die radio en televisie is strokiesprente in die westerse wêreld 'n verskynsel wat gekom het en sal bly. Dat al hierdie dinge 'n slegte invloed kán laat uitgaan, is seker ook nie te betwyfel nie. As dit egter van 'n goeie gehalte is en reg gebruik word, is dit eweneens nie te betwyfel dat dit 'n báte kan wees nie.

Strokiesprente word gewoonlik sonder voorbehoud veroordeel. Die rede daarvoor lê opgesluit in die volgende kenmerke wat dikwels veroorsaak dat strokiesprente nie ten goede beïnvloed nie:

1. Sensasionele, uiterlike handeling word beklemtoon. Van die innerlike kom weinig te voorskyn.
2. Uiterstes word benadruk. Die held is baie dapper, die skurk baie sleg, die heldin beeldskoon.
3. Die „leser" van strokiesprente leer nooit lees nie. Die prentjies vertel die verhaal en met die minimum inspanning kom hy alles te wete.

Strokiesprente kán die leser dus verkeerd beïnvloed. Hy plaas alle mense in twee kategorieë: die goeies en die slegtes, met geen tussen-moontlikhede nie. Die gevolg is dat 'n slegte mens niks goeds in hom het nie; daar ontstaan dus ook nie simpatie vir menslike foute nie. Verder is dit net uiterlike handeling en sensasie wat tel.

Hierdie invloed gaan uit van die goedkoop, banale strokiesprente wat meesal ingevoerde produkte is en by hulle duisende versprei word. In Suid-Afrika het ons egter die werk van 'n plaaslike kunstenaar wie se strokiesprente nie mank gaan aan bogenoemde gebreke nie. Daar is simpatieke uitbeelding van menslike swakhede. Daar word wel die spot gedryf, maar nie op 'n venynige wyse nie. Hierdie kunstenaar is T.O. Honiball.

Honiball se strokiesprente handel oor mense en vermenslikte diere. Die vroegste hiervan is "Oom Kaspaas". Hier spot hy met grootdoenerigheid en grootpratery. In sy eie oë is oom Kaspaas 'n held. Hy verrig wondere omdat hy so slim en so dapper is. Maar altyd kom hy by die slegste daarvan af as hy werklik in 'n soortgelyke situasie beland. Die voorbeeld wat ons neem, getuig hiervan. Hy vertel hoe goed hy kan pannekoek bak. Hy het 'n goeie plan uitgedink om gou 'n groot klomp gebak te kry. Tydens die vertelling is hy ook besig om pannekoek te bak, en as hy dan ook weer moeite wil voorkom, eindig alles in 'n groot gemors! Kinders, jeugdiges en volwassenes sal hierdie episodes geniet. Die waarde lê egter daarin dat die leser besef dat grootpratery nooit deug nie! 'n Mens verafsku die ou oom egter nie, want hy is so impulsief dat daar 'n gevoel van simpatie by die leser ontstaan..

OOM KASPAAS


„ Enne-e-- soos ek gesê het-e-- is ek, jy kan maar sê, met 'n pannekoek gebore! Ek is nie sommer 'n gewone man as dit op pannekoek-
bak aankom nie! Ek is 'n man wat die degies weet in 'n pan dat 'n mens se mond sommer sulke strale water! Ja nee, ek wil ook
maar sê ek doen suke bakkery op 'n groot skaal as dit daarop aankom. Dit laat my nou weer dink aan die dae toe ek vir die leër
destyds pannekoek gebak het.... die generaaltjie het op en af gestap. „Koekemoertjie', het hy gesê, „vanaand, in hierdie bitter koue, sal
ek 'n honderd pond kontant vir 'n warm pannekoek betaal', het hy gesê! 'Generaaltjie', sê ek weer van die kant af uit die hoogte, „sien jy
daardie treintjie se watertink daar? Nou ja!' sê ekke! En dit was toe ook so... ek het die tink leeg gemaak en die hele speul vol panne-
koek-deeg aan gemaak. En toe ek daar klaar was, het ek een van die ou brug se ysterplate gevat, 'n vuurtjie daaronder gemaak - enne-e--
toe was my patent agtermekaar! Elke keer as ek die tink se ketting trek, dan val daar 'n bollingkie deeg op die warm plaat! En hy
het skaars plaat gevat dan is hy pannekoek! Waar was jy Nefie? Ek wil maar sê, die pannekoeke het naderhand sommer sulke
stawels en stawels gestaan... ek dink ek sal die skotteltjie met deeg op die blik laat staan, dan kan ek hom elke keer net aan die agter-
kant laat wip en dan val die degies outomaties in die pan - wat jy kan noem, 'n grootskaal-metode.... Hierjy! Op deeske aarde!" „Mos
kas, Ome, dis nou wat 'n man kan noem, pannekoek bak op 'n groot skaal - sommer 'n stoof-vol op 'n slag - wat sou die leër tog sonder

Honiball is natuurlik 'n baas-tekenaar van karaikature. Uit die gelaat van Nefie spreek sy gelatenheid, verslaenheid en passiwiteit. Die manier waarop die „generaaltjie" stap, toon sy ontevredenheid. Die verbluftheid van oom Kaspaas aan die einde is kostelik weergegee.

In die bundeltjie ervaringe van oom Kaspaas is elke bladsy 'n aparte episode. Dit is anders by die „Jakkals en Wolf"-boeke. Hier strek die verhaal oor 'n hele aantal bladsye en die einde van die een verhaal skakel op 'n natuurlike wyese met die begin van die volgende een. Vermenslikte diere tree hierin op.

Die diere is geklee soos mense, maar elke dier behou sy eienskappe as dier. Hierdie eienskappe word net oorbeklemtoon. Jakkals is die slim, slu een, terwyl „oom" Wolf hom altyd laat oorreed om een of ander dom ding aan te vang. Kyk net hoe lewendig is Jakkals. Hy vertel vir oom Wolf hoe hy moet maak. Oom Wolf word totaal oorheers deur Jakkals. Hy lyk moeg en moedeloos.

JAKKALS EN WOLF



Honiball slaag daarin om hierdie twee te laat leef. Die uiterlike is oortuigend geteken, maar dit is veral die innerlike wese wat na vore kom. Kinders sal lag vir Jakkals se manewales en oom Wolf jammer kry. So weef Honiball die een episode na die ander om hierdie twee beminlike figure.

Honiball het die manier om met openbare figure te spot. Nou is dit 'n verkeerskonstabel, later weer 'n burgemeester. In die reeks boekies „Adoons-hulle" tree bobbejane op. Eers spot hy met die belangrikheid van die burgemeester. Kyk net hoe sit dr. Kaas Windvogel agter sy lessenaar en konsentreer. Die opgetrekte wenkbroue toon 'n mate van minagting vir die publiek van wie hy „alles moet opvreet"!

ADOONS-HULLE



Later spot Honiball weer met die apartheidsbeleid. Banana Semmie wil ook stemreg hê. Hier is die kleredrag dié van 'n Indiër, en selfs die gelaatstrekke kom ooreen met dié van 'n Indiër'.

Daar is geen onsekerheid in die tekenwerk nie. Die tipiese word beklemtoon, daarom is die gesigte in detail geteken.

ADOONS-HULLE



Let op hoe die prentjies omlyn is. Dit bied afwisseling van die stereotipe vierkant. Daar is altyd aksie en daarvan sal die kind hou, al is die fynere spot miskien soms vir hom verlore. Hy vind die prentjie komies, al is dit dan om ander redes as wat die volwassene dit so sou vind.

Dat Honiball se illustrasies as geskik vir kinders beskou word, blyk uit die feit dat hy ook 'n paar kinderboeke geïllustreer het, naamlik „Manie Verster en sy vriende" en „Maats op Lemoenfontein", albei deur Tannie Stof. Hierdie boeke handel oor diere wat menslike eienskappe het. Hulle kan dink en praat en redeneer. Hulle ervaar alle gevoelens wat mense ervaar. Honiball klee hulle ook in menseklere. Kostelik is

die toneeltjie in eersgenoemde boek waar Manie gedoop word. Die sussies het hom gedra, maar toe hoor hulle iets. Toe hulle weghardloop, laat hulle hom net daar lê. Honiball is darem



MANIE VERSTER EN SY VRIENDE

maar kostelik as hy beweging uitbeeld. Die linte op die een sussie se hoed wapper agter haar aan. En kyk net na die

kniekoppe. Net so lagwekkend is die hulpeloosheid van die „baba". Die ronde ogie, regop oortjies en babaskoentjies is komies.

Honiball teken baie besonderhede. Selfs die grein van die hout wys duidelik. Kinders van vyf tot sewe jaar hou van diere en van kinders. Hierdie muise is terselfdertyd diere en mense, daarom sal kinders van die boek met die illustrasies hou.

Dit blyk dus dat Honiball se illustrasies in kinderboeke dieselfde kenmerke besit as die illustrasies in sy strokiesprente. Die belangrikste kenmerke van sy illustrasies is die fyn spot, die komiese en die warme menslikheid wat ons by mens en dier vind. Sy strokiesprente beeld nie net uiterlike handeling uit nie maar ook emosie. Dit bied ook nie sensasie alleen, soos by die meeste goedkoop, populêre strokiesprente nie. Hier het ons dus die bewys dat strokiesprente nie noodwendig 'n slegte invloed op die kindergemoed móét uitoefen nie. As sodanig is sy werk 'n belangrike bydrae tot ons kinderlektuur.

HOOFSTUK VIII: HOE VERGELYK ONS KINDERBOEK-ILLUSTRASIES MET OORSESE KINDERBOEK-ILLUSTRASIES?

'n Waardebepaling kan nie 'n getroue beeld gee as dit nie ook vergelyk nie. Hiermee word nie in die eerste plek bedoel vergelyking ten opsigte van gehalte nie. Dit sou onregverdig wees om illustrasies in Suid-Afrikaanse kinderboeke te vergelyk met die beste van oorsee, want ons het nie so 'n ryke skat kinderverhale nie. Nog minder het ons die tradisie van die drukkers- en uitgewersbedryf wat reeds eeue gelede die kinderskoene in Europa ontgroei het.

Ons kinderboek-illustreerders het, soos blyk uit die voorafgaande bespreking, sekere rigtings ingeslaan. Die doel is nou om veral te let op ooreenkoms en verskille wat die tipes illustrasies betref. Met ander woorde, ons het hier in Suid-Afrika sekere verskynsels en ons gaan nou kortliks vasstel of hierdie verskynsels ook in oorsese kinderboek-illustrasies voorkom. Vir hierdie doel kyk ons hoofsaaklik na oorsese kinderboeke wat in Afrikaans vertaal is en die oorspronklike illustrasies behou het, juis ook omdat daar 'n moontlikheid bestaan dat hierdie vertaalde werke 'n invloed kon uitoefen op ons eie illustrasies.

In die eerste plek het ons hier die verskynsel dat baie van die illustrasies in swart en wit gedoen is. Die toestand is soos volg:

1. Die meeste illustrasies tot dusver gedoen, is sonder kleur.
2. In die sestigerjare word meer van kleur gebruik gemaak as

tevore.

3. Selfs waar van kleur gebruik gemaak is, kom in baie gevalle swart-en-wit illustrasies ook nog voor.

In oorsese kinderboeke tref ons nog baie illustrasies sonder kleur aan. As voorbeelde kan hier genoem word die werk van Vilhelm Pedersen en Lorenz Frölich in die sprokies van Hans Christian Andersen. (Die Afrikaanse vertaling is deur Marié Opperman en dit verskyn in drie boekdele). Afgesien van 'n gekleurde titelplaat is al die illustrasies swart-en-wit. Daar is talle klein illustrasies van minder as halfblad-grootte, met enkeles van volblad-formaat. Dit is almal pentekeninge. In die bekende Kadetreeks en Klein Kadetreeks verskyn kinderboeke met swart-en-wit illustrasies. Hier noem ons: Heinrich M. Denneborg se „Jan en die wildeperd" met fyn pentekeninge van Horst Lemke; „Die geheim van Kalkoenberg" deur Eda en Richard Crist met houtskooltekeninge van laasgenoemde; Babbis Friis Baastad se boek „Die woord van eer" met illustrasies van Ulf Aas; „Die wildeperd Balthasar" van H.M. Denneborg met grappige pentekeninge van Horst Lemke. Verder is daar Wanda Gag se bekende boeke „Snippie en Snoepie", „Miljoene katte" en „Die koddige ding", almal met swart-en-wit-tekeninge.

Soos in Suid-Afrika verskyn ook oorsee kleur-illustrasies en swart-en-wit-illustrasies in dieselfde kinderboek. Janusz Grabianski se illustrasies in „Die groot fabelboek" is 'n

goeie voorbeeld daarvan. Selfs by een enkele fabel soos „Die vlieënde waterskilpad" tref ons albei aan. Dit is opmerklik dat ook die swart-en-wit-illustrasies met waterverf gedoen is. Die buitelyne en detail is egter aangebring met ink. Van Ulrik Schramm se tekeninge in „Die Beer en sy broers" deur Hans Baumann is sommige in kleur en sommige nie. Op die dubbelbladsy 20-21 is die vyf bere in kleur, op die volgende dubbelbladsy verskyn dieselfde vyf in swart en wit.

In die tweede plek kry ons die verskynsel dat kleur gebruik word.

a) In sommige gevalle word slegs een kleur gebruik;

b) In sommige gevalle word meer as een kleur gebruik.

Ook hierdie verskynsel kom voor in oorsese kinderboek-illustrasies. In „Buksie Wasbeer en die ver wêreld" van Lilian Moore, vertaal deur Leo van der Westhuizen, is daar prentjies van Gioia Fiammenghi in swart en wit met groen daarby. Ook William Stobbs se tekeninge in „Die Bootrit" van Joan Cass is soms in swart en wit met groen bygevoeg. In Sarah Orne Jewett se boek „Die wit reier" is Barbara Cooney se illustrasies soms in twee, soms in drie kleure gedoen. Volkleur tref ons aan in boeke soos Maurice Sendak se „Where the wild things are", „Gulliver se reise " met illustrasies van Hans Baltzer en „Die groot fabelboek" met tekeninge van Janusz Grabianski.

In die derde plek vorm diere die tema van 'n groot persentasie van die illustrasies:

a) Die dier in die wilde staat

b) Die vermenslikte dier

c) Die huisdier.

In oorsese publikasies neem diere 'n belangrike plek in, maar dit kom nie so dikwels voor as in Suid-Afrikaanse publikasies nie. In „Die groot fabelboek" vind ons illustrasies van wilde diere: jakkalse, voëls, skilpaaie, leeus, bere, walrusse, akkedisse, herte, hase en baie ander. In „Fables of La Fontaine" is daar illustrasies deur Jiri Trnka van arende, paddas, muise, hase, takbokke, jakkalse en leeus. Die vermenslikte diere kom byvoorbeeld voor in „Robert the rose horse" van Joan Heilbroner. P.D. Eastman se illustrasies toon 'n perd, 'n vark, 'n kat en 'n hond met klere aan. In „Die wolhaarstorie van Hubert die leeu" van Bill Peet kry ons illustrasies van die kees wat besig is om die leeu se maanhaar te sny, 'n voël met 'n kappie op die kop en 'n olifant wat 'n emmertjie dra om krokodiltrane te gaan soek. Die huisdier vind ons dikwels in oorsese kinderboeke. Hier dink ons aan Wanda Gag se „Miljoene katte"; „Die Bootrit" van Joan Cass met William Stobbs se tekeninge van katte; die koeie, skape, perde, hoenders en eende in Gerald Rose se illustrasies vir „Pete and the mouse" van Irmengarde Eberle, en die katte en honde is „Swart Siewie Sewe" van Meindert de Jong, geïllustreer deur J. McMullan.

In die vierde plek kry ons karikatuur-tekeninge in Suid-Afrikaanse kinderlektuur. Wat die oorsese publikasie betref, vind ons dit in 'n paar boeke van Dr. Seuss, naamlik „The cat in the hat", „Green eggs and ham" en „Hop on Pop". Hierin verskyn karikature van katte, apies, honde, bere, bye en mense. Ook in „Paulus en die drie rowers" van Jean Dulieu (vertaal deur Eddie du Plessis) is daar karikature van mense en diere.

In die vyfde plek is daar illustrasies wat ooreenkoms toon met sekere elemente van die kinderkuns. Soos reeds in Afdeling A van die verhandeling gestel, is kritici dit nie eens oor die vraag of dié elemente in kinderboek-illustrasies tuishoort of nie. Dit word ook in oorsese publikasies aangetref. As voorbeeld neem ons „Kasper se wêreldreis" waarin illustrasies van Marlene Reidel opgeneem is. Die hoë geboue van die stad, die skepe op die see, die bome, die son, selfs die Eskimo's en Rooihuide is volgens 'n „skema" geteken, soos kinders dit doen. In "Die huis in Sonneblomstraat" toon die tekeninge van F.J. Tripp sekere elemente van die kinderkuns: die familieportrette, die man wat flou neergeval het, die son met die gesig en meneer Boemperlie in sy bed is geteken volgens die siening van die kind. Ander boeke waarin die illustrasies herinner aan kindertekeninge is „Niemand speel met 'n koolkop nie" deur Meindert de Jong, geïllustreer deur Gunther Rindfleisch en „Tina en Nina" van Hans Baumann met prente van Wanda Zacharias.

In die laaste plek het ons die verskynsel dat daar nog baie kinderboeke in Suid-Afrika verskyn met illustrasies wat lyk of dit in die vorige eeu tuishoort. Illustrasies word pynlik realisties geteken, sodat die uiterlike byna volmaak weergegee word ten koste van die innerlike wat nie uitgebeeld word nie. In oorsese publikasies vir kinders tref ons dieselfde aan. Die illustrasies van Richard Crist vir „Die geheim van Kalkoenberg" is byna fotografiese weergawes. Vilhelm Pedersen en Lorenz Frölich se illustrasies in „Die lelike eendjie en ander sprokies" deur Andersen is klein en lyk outyds. J. McMullan se illustrasies van mense, katte en honde in „Swart Siewie Sewe" van Meindert de Jong gee dikwels die uiterlike weer sonder om die innerlike na vore te bring.

Dit blyk dus dat Suid-Afrikaanse kinderboek-illustrasies nie 'n rigting ingeslaan het wat reëlreg bots met kinderboek-illustrasies in ander lande nie. Die klem word slegs hier en daar verskuif soos plaaslike omstandighede dit noodsaak. Soos die werk van enige hedendaagse kunstenaar kenmerke besit wat universeel voorkom en tog ook nog 'n stempel dra wat eie is aan die land van herkoms en aan die kunstenaar self, so is dit ook die geval met ons kinderboek-illustrasies. Die invloed van vertaalde werke met oorspronklike illustrasies is in Suid-Afrika juis besonder groot omdat hier nie 'n voldoende aantal plaaslike kinderboeke van goeie gehalte beskikbaar is nie. Daarvan getuig die ooreenkoms tussen die tekenwerk van Pieter

de Weerdt en Franz Josef Tripp, die kleurgebruik van Günther Komnick en Gioia Fiammenghi, die styl van Karin Strömsöe en Ulf Aas, van Richard Crist en Van Schöltz. Dit wil natuurlik nie sê dat hierdie Suid-Afrikaanse illustreerders direk beïnvloed is nie. Aangesien illustreerders egter dikwels as gevolg van gemeenskaplike belangstellings bekend is met die werk van ander illustreerders, is so 'n invloed nie onmoontlik nie.

Dit is gewoonlik nie die swak kinderboeke wat in ander tale vertaal word nie. Daarom kan ons aanneem dat ook dié wat in Afrikaans vertaal is, oor die algemeen van hoë gehalte is. Wanneer ons beste kinderboek-illustrasies dan vergelyk word met die illustrasies in hierdie boeke, en die resultaat toon aan dat die riglyne dieselfde is, kan met reg vermeld word dat ons in Suid-Afrika wat hierdie saak betref op die regte spoor is.

HOOFSTUK IX: GEVOLGTREKKING

Uit die voorafgaande bespreking van illustrasies in Suid-Afrikaanse kinder- en jeugboeke het die volgende feite aan die lig gekom:

In die eerste plek blyk dat daar in die begin min boeke geïllustreer is. Dié wat wel geïllustreer is, was oor die algemeen nie van hoogstaande gehalte nie. Daar was wel enkele uitsonderings soos „Jock of the bushveld" van Sir Percy Fitzpatrick. Daar was verskeie redes vir hierdie feit: uitgewers kon hoë koste nie aangaan nie want die afsetgebied was klein; by die leserspubliek was daar as gevolg van gebrek aan kennis van mooi illustrasies, min aanvraag; daar was min kompetisie tussen uitgewers omdat daar so min publikasies was om aan die publiek te bied; daar was min goeie illustreerders in Suid-Afrika beskikbaar; laastens is die behoeftes van kinders en jeugmense dikwels oor die hoof gesien.

In die tweede plek is dit opvallend dat feitlik alle geïllustreerde boeke vir die jeug bedoel was en dat vir die kind omtrent geen geïllustreerde boeke verskyn het in die beginjare nie. Die volwasse illustreerder het geteken volgens sy eie siening, en dit het natuurlik nader gestaan aan die siening van die jeug as aan dié van die kleiner kind.

In die derde plek het slegs swart- en-wit illustrasies in die begin voorgekom. Later word sporadies van kleur ge-

bruik gemaak. Selfs vandag word kleur nog nie so dikwels gebruik nie. Daar is hoofsaaklik twee redes vir hierdie verskynsel naamlik (i) kleur-drukwerk is duur en as gevolg van die beperkte afsetgebied en klein bevolking was dit onekonomies om gekleurde illustrasies te gebruik, en (ii) die drukkersbedryf was veral in die beginjare nie altyd opgewasse vir die taak nie.

Die vierde feit wat aan die lig gekom het, is dat al meer en meer aandag gegee word aan boeke vir die kleiner kind. Sy behoeftes word in 'n groter mate besef, dus verskyn daar meer en beter geïllustreerde boeke spesifiek vir hom.

In die vyfde plek is dit opmerklik dat daar slegs 'n klein aantal Suid-Afrikaanse kinderboek-illustreerders is wat herhaaldelik kinderboeke illustreer. Daar is baie illustreerders wat slegs een of twee boeke van illustrasies voorsien. Dié wat meer dikwels illustreer se werk is oor die algemeen beter as dié wat net sporadies illustrasiewerk doen.

Sesdens is Suid-Afrikaanse temas goed verteenwoordig in die illustrasies. Aan lokale kleur ontbreek dit wat die temas betref, dus nie. Daar is tipies Suid-Afrikaanse mense (Alie, Ou-Melitie, Moeder Poulin, Abdoltjie, Agmatjie, Agarob); die dierelewe van Suid-Afrika vorm dikwels die hooftema of die agtergrond; die landskap word geteken; lokale geskiedenis dien soms as agtergrond vir figure uit die spesifieke tyd, en in die laaste plek gee detail in sommige illustrasies ('n blomsoort,

tipiese kleredrag, die sonlig) 'n lokale atmosfeer.

In die sewende plek het dit ook geblyk dat sommige illustreerders dit wat vir die kind belangrik is, beklemtoon. Een van die middels wat aangewend word om hierdie doel te bereik, is om te teken in ooreenstemming met die kind se eie tekenwerk en om kleure aan te wend soos die kind dit doen.

In die agste plek sien ons dat illustrasies in kinderboeke aanvanklik nie met die hele fisiese opset van die boek 'n geheel gevorm het nie. Gaandeweg is hierdie probleem egter die hoof gebied totdat ons vandag Suid-Afrikaanse kinderboeke kry wat fisies aanpas by die ouderdomsgroep waarvoor dit bedoel is en waarin teks en illustrasie 'n eenheid vorm. Dit is te danke aan die integrering van teks en illustrasies op dieselfde bladsy.

In die negende plek blyk dat die positiewe in die meeste illustrasies beklemtoon word. Slegs by wyse van uitsondering is daar illustrasies waarin wreedheid, liefdeloosheid, vrees of lafhartigheid uitgebeeld word. Waar dit wel voorkom, is dit as lelik of verkeerd voorgestel.

In die tiende plek merk ons ook dat Suid-Afrikaanse kinderboek-illustrasies min of meer dieselfde ontwikkelingsgang volg as dié in ander lande. Basies word op dieselfde wyse te werk gegaan. Plaaslike omstandighede veroorsaak egter dat ons illustrasies dikwels 'n lokale kleur het.

In die laaste plek is daar in Suid-Afrika illustreerders wie se werk ook kunswaarde het. Ons dink hier veral aan die werk van Katrine Harries, Aschenborn en andere.

As die Suid-Afrikaanse kinderboek-illustrasies in die geheel gesien word, is dit treffend dat daar in die kort tydperk van sestig jaar reeds soveel ontwikkeling was en verbetering te bespeur is. Die tyd sal seker leer dat baie van die illustrasies wat bespreek is na verloop van jare nie meer op eie meriete as geslaagd beskou sal kan word nie. Dit maak egter nie soveel saak nie, want histories gesien sal dit altyd van belang bly. Ons het hier te doen gehad met die geboortetydperk en vroegste jare van ons kinderboek-illustrasies. Dit is van die grootste belang, want hier is die grondslag gelê vir dît wat in die toekoms tot volle ontplooiing sal kom.

BIBLIOGRAFIEË

A. GERAADPLEEGDE BRONNE

Alexander, F.L. Kuns in Suid-Afrika; skilderkuns, beeldhoukuns en grafiek sedert 1900. Kaapstad, Balkema, 1962. 171 p.

Averill, Esther. What is a picture book? (In Miller, Bertha M. & Field, Elinor W. Caldecott medal books: 1938-1957. Boston, Horn book, 1957. 329 p. (Horn book papers vol. 2) p. 307 - 14).

B., Th. Gesprek oor kinderlektuur. Ons kleintjie, 2(2): 16-7, 1951.

Barry, Rhoda. Work with children. Kaapse bibliotekaris, 1(2): 2-6, 1957.

Boonzaier, G. & Lipshitz, I.L. Wenning. Kaapstad, Unievolkspers, 1949. (103) p.

Bouma, S. Kinderboek en illustraties. Christelijk pedagogisch studieblad, 12(10): 303-7, 1963.

Bouman, A.C. Painters of South Africa. Kaapstad, H.A.U.M., s.j. 133 p.

Cienski, T. The picture as a source of knowledge. Theoria, 31 Okt. 1963, p. 48-62.

De Vries, Anne. Aan welke eisen moet het kinderboek voldoen? Christelijk pedagogisch studieblad, 12(10): 298-302, 1963.

Dekker, G. Die „nasionale" in die kuns. Die Huisgenoot, 30 (1235): 15, 1945.

Du Plessis, P.C. Flip, Boerseun wat tekenaar geword het. Die Huisgenoot, 37(1602): 105+, 1952.

Eie styl in ons kuns. Die Burger, 32:6 kol. 4-5, 11 Jan.1947.

Evans, Margaret & Quint, Nancy. Text determines the artist. Top of the news, 21(1): 11-14, 1964.

Grosskopf, J.F.W. Hendrik Pierneef, the man and his work. Pretoria, Van Schaik, 1947. (80) p.

Guilfoile, Elizabeth. Good books for children. Elementary English, 43(1): 21-5, 1966.

Harries, Katrine. On book illustration. Kaapse bibliotekaris, Mei 1965, p.5.

Hattingh, P.F.v.Z. Watter soort boeke lees u kinders? Ons kleintjie, 1 (10): 3, 1950.

Hean, Jessie M.E. Kinderlektuur in Afrikaans, vir kinders tot op die ouderdom van 12 jaar. Pietermaritzburg, Natalse universiteit, 1937. 64 p.

Hoekstra, H. Teken vir my 'n prentjie: Suid-Afrika is ryk aan stof vir ons feëverhale. Die Huisgenoot, 34 (1462): 7+, 1950.

Hürlimann, B. Das Bild als Erzieher. Atlantis, 30: 568-84, 1958.

Kaaplandse onderwysbiblioteekdiens. Afrikaanse jeugverhale vir twaalf jaar en ouer: 'n kort geannoteerde keurlys, nr. 1. Kaapstad, Onderwysdepartement, 1964. 31 p.

Kritzinger, S.J. Books and comics - their influence. Suid-Afrikaanse biblioteke, 23: 47-8, 1955.

Kühne, W.O. Biblioteekmense is op 'n baie goeie spoor. Die Burger, 51:6 kol. 3-5, 29 Okt. 1965.

Leuschner, P.H. Die pedagogiese waarde en betekenis van die psigologiese momente in die ontwikkeling van die kinderkuns. Pretoria, Universiteit, 1959. 95 p. (Opvoedkundige studies no. 24).

Louw, N.P.v.W. Rembrandt of tulpe? Gedagtes oor 'n eie Afrikaanse styl. Standpunte, 2(2): 64-9, 1947.

Löwenfeld, V. Your child and his art: a guide for parents. New York, Macmillan, 1954. 186 p.

Lyndhurst, B.J. What can we do to become efficient children's librarians. Kaapse bibliotekaris, Mrt. 1966, p. 9.

Mathiesen, E. The artist and the picture book. The horn book magazine, 42(1): 93-7, 1966.

Munro, T. Art education; its philosophy and psychology: selected essays. New York, Liberal arts press, 1956. 387 p.

Ness, Evaline. The artist at work: woodcut illustration. The horn book magazine, 40(5): 520-2, 1964.

Nienaber, P.J. Die dier in ons letterkunde. Tydskrif vir wetenskap en kuns, 6(2): 70-81, 1946.

Nienaber, P.J. Hoeveel Afrikaanse boeke is daar? Die Huisgenoot, 33 (1386): 25+, 1948.

Niven, Cecily, Recollections of Sir Percy Fitzpatrick. Johannesburg, S.A.B.C., s.j. 24 p.

Norme vir die Afrikaanse kinderboek (ouderdomsgroep 12 jaar en jonger). Suid-Afrikaanse biblioteke, 28: 91-3, 1961.

Pienaar, Lydia. Die Afrikaanse kinderboek. Kaapse bibliotekaris, Mei 1959, p. 12-4.

Pienaar, Lydia. Kinderboeke van 1965. Kaapse bibliotekaris, Mei 1966, p. 13-5.

Pienaar, Lydia. Vertaalde kinderboeke - 'n Verdringende euwel? Suid-Afrikaanse biblioteke, 31(4): 120-3, 1964.

Pitz, H.C. Illustrating children's books: history - technique - production. New York, Watson - Guptill, 1963. 207 p.

Reitz, M. Famous book illustrators. Kaapse bibliotekaris, 1(12): 11-3, 1958.

Reitz, M. Picture books. Kaapse bibliotekaris, 1(10):3-5, 1958.

Rogers, E.G. Some remarks on children's literature. Ons eie boek, 19(4): 203-6, 1953.

Savory, Phyllis. Gerard Bhengu, Zulu artist. Kaapstad, Timmins, 1965. 69 p.

Sendak, M. Caldecott award acceptance. The horn book magazine, 40(4): 345-51, 1964.

Skawran, Karin. Die grafiese kuns van H.A. Aschenborn. Lantern, 15(2): 58-67, 1965.

Swak sagtebande maak ons kinders rietjie-suiers. Die Burger, 51: 2 kol. 2-4, 23 Sept. 1965.

Turner, D.M. Wat skort aan die kinderboek? Suid-Afrikaanse biblioteke, 20: 137-40, 1953.

Uys, A. Afrikaanse kinderboeke - 'n oorsig van die huidige stand. Ons eie boek, 16(2): 73-79. 1950.

Van Bruggen, J.R.L. Die lektuurprobleem van kleuter tot adolescent, dl. 1: Hoe ons die kinderlektuur-probleem moet benader. Ons eie boek, 9(1): 35-6, 1943.

Van Bruggen, J.R.L. Die lektuurprobleem van kleuter tot adolescent, dl.2: Kinderpoësie. Ons eie boek, 9(2) 81-4, 1943.

Ban Bruggen, J.R.L. Prosa vir die kind en jeugdige persone. Ons eie boek, 9(3): 124-8, 1943.

Van der Walt, J.A. Die keuring van boeke vir skoolbiblioteke. Pretoria, 1954. 161 p.

Vermeer, J. Jan Vermeer, the paintings. Londen, Phaidon, 1958. 155 p.

Weber, E. Writer analyses children's books. Childhood, 30 (10): 28, 1951.

Weisgard, L. The artist at work: influences and applications. The horn book magazine, 40(4): 409-14, 1964.

Winger, H.W. The cover design. Library quarterly, 34(3): 264, 1964.

B. BIBLIOGRAFIE VAN BESPREEKTE SUID-AFRIKAANSE KINDERLEKTUUR: PROSAWERKE MET GESLAAGDE ILLUSTRASIES

Aschenborn, H.A. Die adelaar; 4de dr. Pretoria, Van Schaik, 1949. 143 p.

Aschenborn, H.A. The life story of a gemsbuck. Kaapstad, Juta, 1921, 26 p.

Babet vertel, ses stories vir die heel kleintjies. Pretoria, Van Schaik, 1958. 36 p.

Badenhorst, C.S. Kor die aap. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1965. 32 p.

Blaas, Sophia A. kyk Tannie Stof.

Bloomhill, Greta. The sacred drum. Kaapstad, Timmins, 1960.

Bouwer, Alba. Abdoltjie, ses verhaaltjies oor 'n Maleiertjie van die ou Kaap; 2de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1959. 67 p.

Bouwer, Alba. Katrientjie van Keerwater; 2de dr. Kaapstad, Tafelberg, 1962. 107 p.

Bouwer, Alba. Die leerling-towenaar. Kaapstad, Tafelberg, 1965. (27) p.

Bouwer, Alba. Nuwe stories van Rivierplaas; 3de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1959. 137 p.

Bouwer, Alba. Rip van Winkel. Kaapstad, Tafelberg, 1965. 69 p.

Bouwer, Alba. Stories van Bergplaas. Kaapstad, Tafelberg, 1963. 183 p.

Bouwer, Alba. Stories van Rivierplaas; 6de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1959. 109 p.

Brand, Marta. Die rooi strooihoed. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. 31 p.

Britz, J. & Bernice. Die drie hasies. Kaapstad, John Malherbe, 1965. 56 p.

Broeksma, Milde. Boggie Boemelaar. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. (30) p.

Castelyn, Eveleen. Stories vir die kleingoed. Johannesburg, Afrikaanse pers, 1961. 28 p.

Cillié, P.J. Glippie en Slippie. Kaapstad, Tafelberg, 1964. (29) p.

Cilliers, S. Die boetie van die bos. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. (27) p.

Collodi, C. Kesie. Kaapstad, Human en Rousseau, 1964. 102 p.

Datei, skuiln. Ure vol seesand. Kaapstad, Tafelberg, 1964. 119 p.

Dederick, Sheila. Tickey. Kaapstad, Oxford university press, 1965. 139 p.

Deetlefs, Rene. Lollie en die groot rooi posbus. Kaapstad, Human en Rousseau, 1965. (26) p.

Delius, A., vert. A tale of two robbers. Kaapstad, Tafelberg,1965. (26) p.

Effendi, skuiln. Kloekie in die wolke. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1960. 32 p.

Eitemal, skuiln. Jaffie, 'n eselsromannetjie; 2de dr. Kaapstad, Balkema, 1954. 112 p.

Erland, W.J. du P. kyk Eitemal.

Fitzpatrick, P. Jock of the bushveld. Londen, Longmans, Green, 1953. 474 p.

Franz, G.H. Masilo se oorwinning. Pretoria, Van Schaik, 1957. 152 p.

Franz, G.H. Moeder Poulin. Kaapstad, Nasionale pers, 1946. 197 p.

Grobbelaar, P.W. Antjie Somers loop weer. Kaapstad, John Malherbe, 1965. 62 p. (Die petaljes van die drie Petatte).

Grobbelaar, P.W. Oom Deon se helikopter. Kaapstad, John Malherbe, 1964. 63 p. (Die petaljes van die drie Petatte.)

Grobbelaar, P.W. Ou Mi'Kai vertel: Tafelberg se wit karos. Kaapstad, John Malherbe, 1964. 62 p.

Hart, Susanne. The spider's tales. Pretoria, Union booksellers, 1964. 38 p.

Hartman, W. Geheim van die haaikus. Pretoria, Van Schaik, 1964. 160 p.

Heese, Hester. Moks van Ver-wêreld. Kaapstad, Tafelberg, 1966. 42 p.

Hertslet, Jessie. Bantu folk tales. Kaapstad, African bookman, 1946. 91 p.

Hertslet, Jessie. Kana and his dog. Kaapstad, African bookman, 1946, 15 p.

Hobson, G.C. & S.B. Kalahari kaskenades. Londen, Longmans, Green, 1929. 123 p.

Hobson, G.C. & S.B. Kees; IIde dr. Pretoria, Van Schaik, 1936. 138 p.

Hobson, G.C. & S.B. Vlam van die Bantomberge; 5de dr. Pretoria, Van Schaik, 1948. 173 p.

Honiball, T.O. Adoons-hulle van die Magaliesberg. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1949 -...dle.

Honiball, T.O. Jakkals en Wolf; 4de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1949- ...dle.

Honiball, T.O. Oom Kaspaas; 4de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1951- ...dle.

Hurley, Eileen. Die padda wat dokter toe gegaan het. Kaapstad, Tafelberg, 1963. 36 p.

Hurley, Eileen. Fransie en die voëls. Kaapstad, Tafelberg, 1964. 36 p.

Jordaan, P.C.J. kyk Datei.

Jordaan, Toekie. Adriana, Pietie en die wit donkie. Kaapstad, John Malherbe, 1963 (24)p.

Komnick, G. A tale of two robbers. Kaapstad, Tafelberg, 1965. (26) p.

Komnick, G & Linde,Freda. Botter-aas. Kaapstad, John Malherbe, 1966 (31)p.

Kuhn, C.H. kyk Mikro.

Kühne, W.O. Huppel by die water. Kaapstad, Tafelberg, 1960. 31 p. (Huppelboekie no. 5.)

Kühne, W.O. Vrolike huppelkind. Kaapstad, Tafelberg, 1959. 32 p. (Huppelboekie no. 4.)

Linde, Freda, Dakkuiken. Kaapstad, John Malherbe,1965. 61. p.

Linde,Freda. Die rooi haan. Kaapstad, Simondium, 1963. 87 p.

Linde, Freda. Snoet-alleen. Kaapstad, John Malherbe, 1964. 60 p.

M.E.R., skuiln. Die tweeling trek saam; 2de dr. Kaapstad, Tafelberg, 1961. 114 p.

Mikro, skuiln. Die witperd van tan Fienie. Pretoria, Van Schaik, 1965. 45 p.

Phillips, Mary. The cave of uncle Kwa. Kaapstad, Purnell, 1965. 148 p.

Pienaar, A.A. kyk Sangiro.

Pinard, J. Valie van die Vaaldam. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1966. 42 p.

Pohl, V. Oor die Gariep. Kaapstad, Oxford university press, 1964. 138 p.

Pohl, V. Their secret ways, bushveld stories. Kaapstad, Oxford university press, 1960. 159 p.

Postma, Minnie. Bobbie van der Jaan. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1966. 83 p.

Postma, Minnie. Lettie Bock kom kuier, 3de dr. Kaapstad, Balkema, s.j. 168 p.

Postma, Minnie. Tot siens Talettie. Kaapstad, Balkema, 1957.

Rothman, M.E. kyk M.E.R.

Rousseau, L. Van Hunks en sy pyp. Kaapstad, Human en Rousseau, 1965. 37 p.

Sangiro, skuiln. Op safari, 4de dr. Pretoria, Van Schaik, 1930. 244 p.

Sangiro, skuiln. Uit oerwoud en vlakte; 28ste dr. Kaapstad, Nasionale pers, 1944. 236 p.

Sangiro, skuiln. Uit oerwoud en vlakte; 39ste dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1965. 200 p.

Savory, Phyllis. Basuto fireside tales. Kaapstad, Timmins, 1962. 64 p.

Savory, Phyllis. Fireside tales of the hare and his friends. Kaapstad, Timmins, 1965. 91 p.

Savory, Phyllis. Matabele fireside tales. Kaapstad, Timmins, 1962. 75 p.

Savory, Phyllis. Xhosa fireside tales. Kaapstad, Timmins, 1963. 100 p.

Savory, Phyllis. Zulu fireside tales, Kaapstad, Timmins, 1961. 64 p.

Schoeman, P.J. Dronkie by die kabouters en feetjies. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1965. 80 p.

Schoeman, P.J. Dronkie maak kinders groot. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1966. 91 p.

Schoeman, P.J. Jetwa -die buffelbul. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1965. 212 p.

Schoeman, P.J. Kampvure wat nie uitbrand nie. Pretoria, Voortrekkerpers, s.j. 245 p.

Schoeman, P.J. Katjieland. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1965. 103 p.

Schoeman, P.J. Nobiyane die Zoeloe-minnaar. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1963. 65 p.

Schoeman, P.J. Trados - die swerwer - Boesman. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1963. 220p.

Seed, Jenny. The always-late train and other stories. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1965. 33 p.

Spruijt-Lambrechts, Bess. Op reis met 'n stootstoel. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1966. 122 p.

Steyn, Aletta. Katinka. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1947. 54 p.

Steyn, F. Die wêreld wat was. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1960. 170 p.

Swanepoel, Elise. Kadoekie. Johannesburg, Voortrekker-pers, 1966. 46 p.

Tannie Stof, skuiln. Maats op Lemoenfontein. Pretoria, Van Schaik, 1957. 59 p.

Tannie Stof, skuiln. Manie Verster en sy vriende. Pretoria, Van Schaik, 1959. 64 p.

Van Blerk, H.S. Die tweebeenjagter en ander kinderstories. Kaapstad, Human en Rousseau, 1965. 126 p.

Van der Post, J.J. Agarob kind van die duine. Kaapstad, Tafelberg, 1963. 182 p.

Van der Post, J.J. Gaub vlugteling van die duine. Kaapstad, Tafelberg, 1963. 160 p.

Van der Post, J.J. Jagtersvan die duine. Kaapstad, Tafelberg, 1963. 181 p.

Van der Post, J.J. Vonk vondeling van die duine, Kaapstad, Tafelberg, 1964. 163 p.

Van Niekerk, A.A.J. Snippie. Kaapstad, H.A.U.M., 1964. 46 p.

Vels, Verna. Liewe Heksie kom weer. Kaapstad, Human en Rousseau, 1965. 62 p.

Von Wielligh, G.R. Boesman-stories dl.1: mitologie van legendes. Kaapstad, Nationale pers, 1919. 193 p.

Wallace, Marjorie. Agmatjie van die Bo-Kaap. Kaapstad, Tafelberg, 1964. (28)p.

BIBLIOGRAFIE VAN BESPREEKTE SUID-AFRIKAANSE KINDERLEKTUUR: VERSEBUNDELS MET GESLAAGDE ILLUSTRASIES.

De Villiers, Mavis. Tuisbly se karretjie. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1960. 40 p.

De Villiers, Suna. Haai Selina jok jy nie? Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1965. (33) p.

Du Plessis, F. Rympieboek vir kinders. Kaapstad, Tafelberg, 1963. (28) p.

Du Plessis, I.D. Die vlammende fez. Kaapstad Unie-volkspers, 1943. 63 p.

Du Plessis, I.D. Land van ons vadere. Kaapstad, Unie-volkspers, 1945. 79 p.

Du Toit, J.D. kyk Totius.

Engela, Saar. Babaliedjies; 2de dr. Pretoria, Van Schaik, 1946. 44 p.

Fouché. A. Kleinverse vir kinders. Kaapstad, Tafelberg, 1964. 33 p.

Fouché. A. Waterhoendertjies en ander kinderversies. Kaapstad, Human en Rousseau, 1965. 33 p.

Kotzé, Bessie. Kleuterklontjies. Pretoria, Van Schaik, 1955. 51 p.

Langenhoven, C.J. Eerste skoffies op die pad van Suid-Afrika; 7de dr. Kaapstad, Nasionale pers, 1921. 175 p.

Laubscher, De W., Juweeltjies, gediggies vir die kleinspan; 2de dr. Kaapstad, H.A.U.M., 1940. 90 p.

Linde, Freda. As jy kan fluit op hierdie maat. Kaapstad, John Malherbe, 1964. 43 p.

Opperman, D.J., samest. Klankies vir kleintjies; 2de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1962. 56 p.

Opperman, D.J., samest. Klankies vir kleuters; 2de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1961. 50 p.

Opperman, D.J., Kleuter-verseboek, 3de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1963. 127 p.

Totius, skuiln. Trekkerswee; 18de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1965. 77 p.

Trippe trappe trone, versies uit die oue doos. Kaapstad, Balkema, s.j. 32 p.

Van Broekhuizen, Johanna. Die paddakoor en ander gediggies. Pretoria, Van Schaik, 1947. 72 p.

ALFABETIESE LYS

van

Suid-Afrikaanse illustreerders

ALFABETIESE LYS VAN SUID-AFRIKAANSE ILLUSTREERDERS

Aschenborn, D.

Aschenborn, H.A.

Baxter, Sylvia.

Bhengu, G.

Bredenkamp, J.J., skuiln.

Caldwell, E.

Clarke, P.

Coaton, H.H. kyk Flip

Cooper, C.E.B.

Darval, L.

De Jager, A.

De Weerdt, P.

Desmond, Nerine

Esmonde-White, Eleanor.

Flip, skuiln.

Frost, E.

Goemans, P.

Halliday, E.

Harries, Katrine.

Heath, Jane.

Hintz, R.J.

Honiball, T.O.

Hughes, Renée.

Hulme, Jillian.

Jordaan, W.

Keet, R.F.

Kibel, Leonora.

Komnick, G.

Krige, F.

Kühne, Dorothy H.

Langdown, A.A.

Le Roux, le R.S.

Logie, Stella.

Mitchell, E. kyk Bredenkamp, J.J.

Mostert, Ada.

Naudé , B.A.P.

Pierneef, J.H.

Rowley, Nan.

Schöltz, V.

Smith, E.

Starcke, H.

Stork, Annette.

Strömsöe, Karin.

Swanepoel, Tiens.

Telford, A.A.

Timlin, W.M.

Tolford, J.

Tyrell, Barbara.

Van der Post, J.J.

Van Eeden, Cora.

Van Hove, E.T.

Van Reenen, R.J.

Waher, R.

Wallace, Marjorie.

Wallis, Joyce.

I N D E K S

van

Illustreerders

outeurs

titels

Aas, U. 310, 315.
Abdoltjie 121-3.
Adelaar en ander diereverhale 75-7.
Adoons-hulle 305-6.
Adriana, Pietie en die wit donkie 263-7.
Agarob, kind van die duine 169-73, 260.
Agmatjie van die Bo-Kaap 147-52, 154.
Always-late train and other stories 246-9.
Andersen, H.C. 310, 314.
Antjie Somers loop weer 203-4.
Aschenborn, D. 278-9.
Aschenborn, H.A. 70-82, 244, 319.
As jy kan fluit op hierdie maat 291-2.

B.T. 274-6.
Baastad, B.F. 310.
Babaliedjies 274-6.
Babet vertel 103-7.
Badenhorst, C.S. 158-62.
Baltzer, H. 311.
Bantu folk tales 91-4.
Basuto fireside tales 227-31.
Baumann, H. 311, 313.
Baxter, Sylvia 2, 221-7.
Bed-toe-tyd is storietyd 49.
Beer en sy broers 311
Beukes, Pattie 48.
Bhengu, G. 233-4.
Blaas, Sophia, A. kyk Tannie Stof.
Blignault, Audrey 141.
Bloomhill, Greta 236-8.
Bobbie van der Jaan 252-4.
Boesman-stories 68-70.
Boetie van die bos 181-2.
Boggie Boemelaar 179-80.
Bootrit 311-2.
Botter-aas 221, 268.
Bouwer, Alba 115-28, 138-41.
Brand, Marta 177-9.
Bredenkamp, J.J. 200-4.
Britz, J. & Bernice 190-2.
Broeksma, Milde 179-80.
Buks 85.
Buksie wasbeer en die ver wêreld 311.

Caldwell, E. 54-68, 71, 249.
Carinus, A.E. 279.
Cass, Joan 311.
Castelyn, Eveleen 254-5.
Castelyn-Pretorius, Eveleen 49.
Cat in the hat 313.
Cave of uncle Kwa 185-7.
Cillié, P. 152-4.
Cilliers, S. 181-2.
Clarke, P. 211-4.
Clunas, Elsa 51.
Coaton, H.H. kyk Flip.
Collodi, C. 208-9.
Congo fireside tales 235.
Cooney, Barbara 311.
Cooper, C.E.B. 85-7.
Crist, Eda & R. 310.
Crist, R. 314-5.

Dakkuiken, 215-8.
Darval, L. 252-4.
Datei, 135, 137-8.
Dederick, Sheila 262-3.
Deetlefs, Rene 207-8.
De Jager, A. 255-7.
De Jong, M. 312-4.
Delius, A. 218-21.
De Meuter, Gladys 49.
Denneborg, H.M. 310.
Desmond, Nerine 87-91.
De Villiers, Mavis 294-6.
De Villiers, Suna, 292-4.
De Weerdt, P. 244-9, 286-91, 314-5.
Diere hou konsert 49.

Dr. Seuss 313.
Drie hasies 190-2.
Drie matertjies 48.
Dronkie by die kabouters en feetjies 154, 158.
Dronkie maak kinders groot 154, 158.
Dulieu, J. 313.
Du Plessis, E. 313.
Du Plessis, F. 296-300.
Du Plessis, I.D. 271-4.
Du Toit, J.D. kyk Totius.

Eastman, P.D. 312.
Eberle, Irmengarde 312.
Eerste skoffies op die pad van Suid-Afrika 271.
Effendi 183-5.
Eitemal 98-101, 169.
Engela, Saar 274-6.
Erlank, W.J. du P. kyk Eitemal.
Esmonde-White, Eleanor 291-2.

Fabels van Aesopus 204.
Fabels of La Fontaine 312.
Fiammenghi, Gioia 311, 315.
Fireside tales of the hare and his friends 231-3.
Fitzpatrick, P. 3, 54-68, 316.
Flip 164-9.
Fouché, A. 280-3, 284-6.
Frans en Soekie-Zoeks 50.
Fransie en die voëls 192-6.
Franz, G.H. 87-91, 101 - 3.
Frölich, L. 310, 314.
Frost, E. 262-3.

Gag, W. 310-312.
Gaub, vlugteling van die duine 173-5.
Geheim van die haaikus 238-40.
Geheim van Kalkoenberg 310, 314.
Gladdejan, die seepmannetjie 49.
Glippie en Slippie 152-4.
Goemans, P. 268.
Grabianski, J. 310, 311.
Green eggs and ham 313.
Grobbelaar, P.W. 200-4.
Groot fabelboek 310-2.
Grütter, W. 241-4.
Gulliver se reise 311.

Haai Selina jok jy nie? 292-4.
Halberstadt, Antoinet 49.
Halliday, E. 154-64.
Hansie en Hannie Haas 50.
Harries, Katrine 113-43, 154, 182, 294-300, 319.
Hartman, W. 238-40.
Hart, Susanne 257-60.
Hauptfleisch, E. 49.
Heath, Jane 241-4.
Heese, Hester 196-7.
Heilbroner, Joan 312.
Hertslet, Jessie 91-4, 141-3.
Hintz, R.J. 210-1.
Hobson, G.C. & S.B. 82-7.
Honiball, T.O. 84, 302-8.
Hop on pop 313.
Hughes, Renée 95-6.
Huis in Sonneblomstraat 313.
Hulme, Jillian 227-33.
Huppel by die water 110-2.
Huppel verjaar 107-8.
Hurley, Eileen 192-6, 197-200.

Jaffie, 'n eselsromannetjie 97-101, 169, 260.
Jagters van die duine 176.
Jakkals en Wolf 304-5.
Jan en die wildeperd 310.
Jetwa - die buffelbul 162-4.
Jewett, Sarah O. 311.

Jock of the bushveld 3, 54-68, 250, 316.
Jordaan, P.C.J. kyk Datei.
Jordaan, Toekie 263-7.
Jordaan, W. 263-7.
Juweeltjies 276-8.

Kadoekie 268.
Kalahari kaskenades 82-4.
Kampvure wat nie uitbrand nie 164, 168-9.
Kana and his dog 141-3.
Kasper se wêreldreis 313.
Katinka 95-6.
Katjieland 154-8.
Katrientjie van Keerweder 126-8.
Kees 84-5.
Keet, R.F. 68-70.
Kesie 208-9.
Kibel, Leonora 236-8.
Kipperberg, Joan 51.
Klankies vir kleintjies 290-1.
Klankies vir kleuters 289-91.
Kleinverse vir kinders 284-6.
Kleuterklontjies 279-80.
Kleuter-verseboek 286-9.
Kloekie in die wolke 183-5.
Koddige ding 310.
Komnick, G. 215-21, 268, 315.
Kor die aap 159-60.
Kotzé, Bessie 279-80.
Krige F. 98-101, 169-75, 260-2.
Krompie en Stompie 48.
Kuhn, C.H. kyk Mikro
Kühne, Dorothy H. 107-12, 204-9, 279-83.
Kühne, W.O. 107-12.

Lam leer 'n les 160-2.
Land van ons vadere 272-4.
Langdown, A.A. 190-7.
Langenhoven, C.J. 271.
Latsky, Lulu 48, 49.
Laubscher, de W. 276-8.
Leerling-towenaar 138-41.
Lelike eendjie en ander sprokies 314.
Lemke, H. 310.
Lemoenmannetjies 48.
Lettie Bock 128-9.
Le Roux, le R. S. 271-4.
Liewe Heksie kom weer 205-7.
Life story of a gemsbuck 71-5.
Linde, Freda 209-18, 221, 268, 291-2.
Lochner, Helena 290-1.
Logie, Stella 257-60.
Lollie en die groot rooi posbus 207-8.

M.E.R. 131-2.
Maats op Lemoenfontein 306.
McMullan, J. 312, 314.
Manie Verster en sy vriende 306-8.
Masilo se oorwinning 161-3.
Matabele fireside tales 2, 224-7.
Mikro 133-6.
Miljoene katte 310, 312.
Mitchell, E. kyk Bredenkamp, J.J.
Moeder Poulin 87- 91.
Moks van Ver-wêreld 196-7.
Möller-Malan, Dorothea 50.
Moore, Lilian 311.
Mostert, Ada 276-8.

Naudé, Adèle 48.
Naudé, B.A.P. 268.
Niemand speel met 'n koolkop nie 313.
Nobiyane die Zoeloeminnaar 164, 166-7, 169.
Nuwe stories van Rivierplaas 119-20.

Olivier, A. 50.
Oom Deon se helikopter 201-3.
Oom Kaspaas 302-4.
Oor die Gariep 241-4.
Opperman, D.J. 286-91.
Opperman, Marié 310.
Op reis met 'n stootstoel 268.
Op safari 80-1.
Ou Mi'Kai vertel: Tafelberg se wit karos 200-1.
Ou tante Kowa 51.

Paddakoor en ander gediggies 278-9.
Padda wat dokter toe gegaan het 197-200.
Palmer, Margaret 49.
Paulus en die drie rowers 313.
Pedersen, V. 310, 314.
Peet, B. 312.
Pete and the mouse 312.
Phillips, Mary 185-7.
Pienaar, A.A. kyk Sangiro.
Pierneef, J.H. 270.
Pinard, J. 268.
Pistorius, Jeanette, 279.
Pohl, V. 241-4, 260-2.
Pootjies 279.
Postma, Minnie 128-30, 252-4.

Rabie, J. 154.
Reidel, Marlene 313.
Rindfleisch, G. 313.
Rip van Winkel 138-39.
Robert the rose-horse 312.
Roelfie se geheim 51.
Rooi haan 209-11.
Rooi strooihoed 177-9.
Rose, G. 312.
Rothman, M.E. kyk M.E.R.
Rousseau, L. 187-90.
Roux, Ruanda 50.
Rowley, Nan 103-7.
Rympieboek vir kinders 296-300.

Sacred drum 236-8.
Sangiro 78-82, 244-6.
Savory, Phyllis 2, 221-36.
Schoeman, P.J. 47, 154-8, 162-9.
Schöltz, V. 238-40, 315.
Schramm, U. 310.
Seed, Jenny 246-9.
Sendak, M. 311.
Skaapstelers 218-21.
Skankwan van die duine 85.
Smith, E. 254-5.
Snippie 251-2.
Snippie en Snoepie 310.
Snoet-alleen 211-4.
Son-ogies die Swazi-prinsessie 48, 154.
Spider's tales 257-60.
Spruijt-Lambrechts, Bess 268.
Starcke, H. 176-82.
Steyn, Aletta 95-6.
Steyn, F. 249-51.
Stobbs, W. 311-2.
Stories van Bergplaas 123-6.
Stories van Rivierplaas 115-9, 142.
Stories vir die kleingoed 254-5.
Stork, Annette 268.
Strömsöe, Karin 183-90, 283-6, 315.
Suikerbossie 49.
Swanepoel, Elise 49, 268.
Swanepoel, Tiens 268.
Swart Siewie Sewe 312, 314.
Swerwerjagter 47.

Tale of two robbers 218-21.
Tannie Stof 306-8.
Telford, A.A. 249-51.
Tembo's first day out 51.
Their secret ways 260-2.

Tickey 262-3.
Timlin, W.M. 83-5, 87.
Tina en Nina 313.
Tolford, J. 235.
Totius 270.
Tot siens Talettie 129-30.
Traas, B. 51.
Trados - die swerwer-Boesman 164-6, 169.
Trekkerswee 270.
Trippe trappe trone 283-4.
Tripp, F.J. 313, 315.
Trnka, J. 312.
Tuisbly se karretjie 294-6.
Tweebeenjagter en ander kinderstories 255-7.
Tweeling trek saam 131-2.
Twee strandlopers 154.
Tyrell, Barbara 101-3.

Uit oerwoud en vlakte 78-80, 244-6.
Ure vol seesand 135, 137-8.

Valie van die Vaaldam 268.
Van Blerk, H.S. 255-7.
Van Broekhuzen, Johanna 278-9.
Van der Post, J.J. 169-76.
Van der Westhuizen, L. 311.
Van Eeden, Cora 292-4.
Van Hove, E.T. 251-2.
Van Hunks en sy pyp 187-90.
Van Niekerk, A.J.J. 251-2.
Van Reenen, R.J. 271.
Vels, Verna 205-7.
Versies vir babaland 279.
Vlammende fez 271-2.
Vlam van die Bantomberge 85-7.
Vlerkies 279.
Vlindervreugde 49.
Vonk, vondeling van die duine 175-6.
Von Wielligh, G.R. 68-70.
Voorsorg 48.
Vrolike Huppelkind 108-10.
Vrolike vakansie 50.
Waher, R. 197-200.
Wallace, Marjorie 147-54.
Waterhoendertjies en ander kinderversies 280-3.
Wêreld wat was 249-51.
Where the wild things are 311.
Wildeperd Balthasar 310.
Witperd van Tan Fienie 132-6.
Wit reier 311.
Wolhaarstorie van Hubert die leeu 312.
Woord van eer 310.

Xhosa fireside tales 233-4.

Zacharias, W. 313.
Zulu fireside tales 221-4.